UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Belydenisaflegging in die NG Kerk:
## ’n Ritueel-liturgiese ondersoek


deur

**Anandie Greyling**


Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Theologiae**

in die

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

Praktiese Teologie Departement

Studieleier:
Prof. C.J. Wepener

April 2018

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VERKLARING

Ek verklaar dat die verhandeling wat ek hiermee vir die graad M.Th (Fakulteit Teologie en Religie) aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan hierdie of ’n ander tersiêre instelling ingedien is nie.

| | |
|---|---|
| | 30 April 2018 |
| Handtekening | Datum |

## BEDANKINGS

**My opregte dank en waardering aan:**

- **Arno**, my man en beste vriend. Dankie vir jou ondersteuning, ons stimulerende gesprekke en die koppies koffie en kos wat jy vir aangedra het.
- My studieleier, **prof. Cas Wepener,** vir sy kundige leiding, insette en sinvolle kommentaar, tyd, geduld en moeite.
- **Tannie Marthinet Niemandt,** dankie dat tannie my verhandeling taalkundig versorg het.
- **Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns** vir ’n beurs, my op regte dank!
- **Belydenisaflegging-taakspan** en die sinvolle en stimulerende gesprekke oor die tema.
- **Leraars wat aan my empiriese studie deelgeneem het** en hul kreatiewe voorstelle aangaande belydenisaflegging gedeel het.
- Die **Vosloo en Greyling gesinne**, dankie vir julle ondersteuning!,
- Ten slotte dank ek ons **Drie-enige God,** dankie dat U aan my die vermoë en genade geskenk het om ’n studie te kan doen. *Soli Deo Gloria.*

# OPSOMMING

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), asook in die ander gereformeerde kerke, is belydenisaflegging ʼn belangrike roetemerker in elke persoon se lewe, wanneer jongmense ʼn publieke (her)verbintenis aan God kan maak. In hierdie studie stel die navorser ʼn nuwe manier van dink oor belydenisaflegging as liturgiese oorgangsritueel voor.

Die navorsingsvrae in die studie is:

- Tydens watter oorgangsfase sal belydenisaflegging die beste of die sinvolste toegepas kan word?
- Hoe sal ʼn praxisteorie in die vorm van roetemerkers lyk ten einde ʼn liturg te help om hierdie liturgiese ritueel sinvol te beplan en aan te bied as oorgangsritueel?

Hierdie navorsingsvrae word benader en bestudeer deur die vraag vanuit verskillende peilings in die verskeie hoofstukke te bestudeer: ‘n liturgiese peiling, ‘n sielkundige en antropologiese peiling, ‘n rituele peiling (oorgangsrituele), asook ʼn antropologies-teologiese peiling (geloofsvorming).

Die navorser stel ʼn liturgiese praxisteorie met roetemerkers voor om in gedagte te hou by die beplanning van die liturgiese ritueel, naamlik *belydenisaflegging*. Verder stel sy voor dat belydenisaflegging tydens die oorgangsfase ná ontluikende volwassenheid sal plaasvind. Tog sal die leser vanuit die verskillende peilings en samevatting van die studie lees dat daar meer is: meer oorgange, meer lewensfases en meer oorgangsrituele en -verbintenisse wat ons in die NGK (asook ander gereformeerde kerke) kan doen.



**SLEUTELTERME**: Liturgie, Oorgangsrituele, Liturgiese rituele, Ritueel-Liturgiese ondersoek, Identiteitsvorming, Geloofsvorming, Belydenisaflegging, Ontwikkelingsielkunde, Lewnsfases, Geloofsreis.

# ABSTRACT

In the Dutch Reformed Church (NGK), as well as in other reformed churches, confirmation is an important mile stone in every person's life: It is when young people (or new members) can make a public (re) commitment to God. In this study, the researcher proposes a new way of thinking about confirmation as a liturgical transitional ritual (rite of passage).

The research questions in the study are:

- During which transitional life phase will confirmation be best suitable and meaningful?

- What liturgical praxis theory and key points can be given to help a liturgist to make sense and present this liturgical ritual as transitional ritual?

These research questions are approached by studying the question from different probes in the various chapters: a liturgical probe, a psychological and anthropological probe, a transitional (rites of passage) ritual probe, as well as an anthropological theological probe on faith formation.

The researcher proposes a liturgy practice theory with key points to keep in mind when planning the liturgical ritual confirmation. In addition, she suggested that confirmation takes place during the transition phase to emerging adulthood. However, the reader will conclude from the different probes and summary of the study that there are more: more transitions, more life phases and more transitional rites and commitments that we can do in the DRC (as well as other reformed churches).

**KEYWORDS:** Liturgy, Rites of Passage / Transitional Rites, Identity Formation, Faith Formation, Confirmation, Liturgical rituals, Ritual-Liturgical study, Developmental Psychology, Life Phases, Faith journey.

Martin vat aan sy voorkop
Martin vat aan sy voorkop
as die blitse in sy borskas slaan
en die klipkerk se mure te dun is
om die kommer na buite te ban.
Martin vat aan sy voorkop
asof hy die doopwater nog kan voel,
die koel lafenis van God se genade
wat oor sy babagesiggie spoel.
Martin vat aan sy voorkop
asof sy oumansvingers wil vat
aan die oeroue beloftes van God
wat met die water oor hom spat.
Martin Luther vat aan sy voorkop
en hy voel hoe sy hart bedaar.

*- Neels Jackson*

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1 ..... 1

1.1 INLEIDING ..... 1

1.2 NAVORSINGSPROBLEEM ..... 1

1.3 NAVORSINGSVRAAG ..... 4

1.4 WERKSHIPOTESE ..... 4

1.5 PRAKTIESE TEOLOGIE & LITURGIESE WETENSKAP ..... 5

1.6 METODOLOGIE VAN PRAKTIESE TEOLOGIE & LITURGIESE WETENSKAP ..... 8

1.7 METODOLOGIE VAN HIERDIE STUDIE ..... 11

1.8 NAVORSINGSONTWERP ..... 12

1.9 DATA-INSAMELING ..... 13

1.10 DATA-ONTLEDING ..... 14

1.11 AARD EN VORM VAN RESULTATE ..... 14

1.12 BYDRAE VAN DIE STUDIE ..... 15

1.13 HOOFSTUKKE ..... 17

1.14 SAMEVATTING ..... 19

HOOFSTUK 2 ..... 20

2. EMPIRIES-LITURGIESE PEILING ..... 20

2.1 INLEIDING ..... 20

2.2 NAVORSINGSONTWERP ..... 21

2.3 DATA-INSAMELING ..... 23

2.4 DATA-REDUKSIE ..... 24

2.5 RESULTATE ..... 25

2.6 LITURGIESE AKSIE ..... 25

2.6.1 Respondent 1 ..... 26
2.6.2 Respondent 2 ..... 26
2.6.3 Respondent 3 ..... 27
2.6.4 Respondent 4 ..... 28
2.6.5 Respondent 5 ..... 28
2.6.6 Respondent 6 ..... 29
2.6.7 Respondent 7 ..... 29
2.6.8 Bespreking ..... 30

2.7 LITURGIESE AKTEURS ..... 31

2.7.1 Sintuie ..... 33
2.7.2 Ouderdom ..... 35
2.7.3 Respondente se opinie oor die ouderdom van belydenisaflegging ..... 35

2.8 LITURGIESE RUIMTE ..... 37

2.8.1 Tydens watter diens word belydenisaflegging gedoen .......................... 37
2.8.2 Posisie / beweging in liturgiese ruimte & simboliek .............................. 38

2.9 LITURGIESE TYD ........................................................................................ 43

2.9.1 Hoeveel keer is daar geleentheid vir belydenisaflegging? .................... 44
2.9.2 Is daar spesifieke datums / geleenthede gedurende die jaar wanneer .....
belydenisaflegging gedoen word? ....................................................... 45
2.9.3 Waar in die liturgie? .................................................................................. 46

2.10 LITURGIESE VOORWERPE .................................................................... 46

2.11 LITURGIESE TAAL ..................................................................................... 48

2.11.1 Getikte liturgie .......................................................................................... 48
2.11.2 Formulier .................................................................................................. 49
2.11.3 Respondent 1 formulier ............................................................................ 50
2.11.4 Respondent 6 formulier ............................................................................ 51
2.11.5 Vosloo (2016) roetemerkers vir herformulering .................................... 52
2.11.6 Waarderende benadering: formulier 1 ...................................................... 53
2.11.7 Waarderende benadering: formulier 6 ...................................................... 54
2.11.8 Leemte in Vosloo (2016) se roetemerkers vir herformulering ............ 55
2.11.9 Stiltes ........................................................................................................ 55
2.11.10 Musiek ..................................................................................................... 56
2.11.11 Multi-media ............................................................................................. 56

2.12 LITURGIESE GROEP ................................................................................. 57

2.12.1 Gemiddelde grootte ................................................................................. 57
2.12.2 Individualiteit vs. Groep ........................................................................... 58
2.12.3 Geleentheid om iets uniek / individueel te doen .................................. 59
2.12.4 Gemeente & groep iets saam gedoen ..................................................... 60

2.13 BELANGRIKSTE ELEMENT ...................................................................... 61

2.14 GEOGRAFIESE VERSPREIDING & KONTEKS ........................................ 63

2.15 VOSLOO SE LITURGIESE PRAXISTEORIE ............................................ 64

2.15.1 Liturgiese aksie ........................................................................................ 64
2.15.2 Liturgiese akteurs ..................................................................................... 65
2.15.3 Liturgiese ruimte ....................................................................................... 66
2.15.4 Liturgiese tyd ............................................................................................ 67
2.15.5 Liturgiese voorwerpe ................................................................................ 68
2.15.6 Liturgiese taal ........................................................................................... 68
2.15.7 Liturgiese groep ........................................................................................ 69

2.16 SAMEVATTING ............................................................................................ 70

HOOFSTUK 3 ......................................................................................................... 71

3. 'n SIELKUNDIGE & ANTROPOLOGIESE PEILING: ADOLESSENSIE OF
ONTLUIKENDE VOLWASSENHEID ...................................................................... 71

3.1 INLEIDING ..................................................................................................... 71

3.2 TUSSEN DIE BOOM EN DIE BAS ................................................................ 72

3.2.1 Adolessensie ............................................................................................... 72
3.2.2 Ontluikende Volwassenheid ....................................................................... 74

3.3 ONTWIKKELINGSTEORIEË ........ 78
3.3.1 Piaget: Kognitiewe Ontwikkeling ........ 78
3.3.2 Erikson: Identiteitskrisis ........ 80
3.3.3 Arnette: Identiteitsontwikkeling ........ 85
3.3.4 Marcia: Identiteitskonstruksie ........ 87
3.3.5 Kohlberg: Kognitiewe Teorie van Morele Ontwikkeling ........ 92
3.3.6 Fowler: Fases Van Geloof ........ 97
3.4 VOORSTEL VIR BELYDENISAFLEGGING ........ 103
3.4.1 Oorgang na Adolessensie ........ 103
3.4.2 Oorgang na Ontluikende Volwassenheid ........ 106
3.5 SAMEVATTING ........ 108
HOOFSTUK 4 ........ 112
4. OORGANGSRITUELE: ‘N RITUEEL-LITURGIESE PEILING ........ 112
4.1 INLEIDING ........ 112
4.2 RITUEEL ........ 113
4.2.1 DEFINIËRING ........ 113
4.2.2 EIENSKAPPE VAN RITUELE ........ 114
4.2.2.1 Lukken se basiese elemente van ritueel ........ 114
4.2.2.2 Grimes se elemente van ritueel ........ 115
4.2.2.3 Grimes se karaktereienskappe van ritueel ........ 117
4.2.2.4 Lukken se bykomende dimensies van ritueel ........ 118
4.2.2.5 Grimes se modus van ritueel ........ 120
4.2.3 BYDRAE OF WAARDE VAN RITUELE ........ 123
4.2.4 KATEGORIEË VIR RITUELE ........ 125
4.3 OORGANGSRITUEEL ........ 125
4.3.1 DEFINIËRING ........ 125
4.3.2 LIMINALITEIT ........ 128
4.3.3 OORGANG NA VOLWASSENHEID ........ 130
4.4 DAAR IS MEER (OORGANGE) ........ 131
4.5 BELYDENISAFLEGGING AS (LITURGIESE) OORGANGSRITUEEL(E) ........ 133
4.6 SAMEVATTING ........ 136
HOOFSTUK 5 ........ 138
5 GELOOFSVORMING: ‘N ANTROPOLOGIES-TEOLOGIESE PEILING ........ 138
5.1 INLEIDING ........ 138
5.2 NIE NET KOPKENNIS NIE ........ 139
5.3 GRYP JOU AAN DIE HART ........ 140
5.4 DISSIPELSKAP ........ 141

5.5 GELOOFSIDENTITEIT ... 144
5.6 KONINKRYKSGERIG ... 146
5.7 LITURGIESE RITUELE ... 147
5.8 PELGRIMSTOG ... 150
5.9 SAMEVATTING ... 153
HOOFSTUK 6 ... 157
6. GEVOLGTREKKING: DAAR IS MEER ... 157
6.1 INLEIDING ... 157
6.2 HOOFSTUK 2: EMPIRIES-LITURGIESE PEILING ... 157
6.2.1 Liturgiese aksie ... 158
6.2.2 Liturgiese akteurs ... 158
6.2.3 Liturgiese ruimte ... 159
6.2.4 Liturgiese tyd ... 159
6.2.5 Liturgiese voorwerpe ... 160
6.2.6 Liturgiese taal ... 160
6.2.7 Liturgiese groep ... 162
6.3 HOOFSTUK 3: ‘N SIELKUNDIGE & ANTROPOLOGIESE PEILING ... 162
6.4 HOOFSTUK 4: OORGANGSRITUELE: ‘N RITUEEL-LITURGIESE PEILING ... 165
6.5 HOOFSTUK 5: GELOOFSOVORMING: N ANTROPOLOGIES-TEOLOGIESE PEILING ... 169
6.6 TOEKOMSTIGE STUDIEMOONTLIKHEDE ... 173
6.7 SAMEVATTING: DOEN MEER (OORGANGSRITUELE) ... 174
BIBLIOGRAFIE ... 176
ADDENDA A: EMPIRIESE STUDIE INGELIGTE TOESTEMMING ... 188
ADDENDA B: EMPIRIESE VRAELYS ... 190

## LYS VAN FIGURE

FIGUUR 1: ARNETTE ONTLUIKENDE VOLWASSENHEID ... 77
FIGUUR 2: MARCIA SE IDENTITEITSONTWIKKELING-SIKLUS ... 92
FIGUUR 3: GRIMES SE VOORSTELLING VAN ELEMENTE VAN ʼn RITUEEL ... 117
FIGUUR 4: GRIMES SE MODI VAN RITUEEL ... 122
FIGUUR 5: RITUELE FUNKSIEDIAGRAM VAN KEIFERT ... 124
FIGUUR 6: VAN GENNEP SE DRIEVOUDIGE SKEMA ... 127

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk[1] (NGK) asook in die ander gereformeerde kerke, is  belydenisaflegging ŉ belangrike roetemerker in elke persoon se lewe (NG K Agenda 2015:154). Tydens die ritueel maak jongmense[2] ŉ (her)verbintenis aan God. Clasen et al. (2010:125) beskryf dié gebeurtenis as die dag waarop jy voor die gemeente hardop sê wat jy in jou hart glo, naamlik dat Jesus Christus Here is en dat Hy jou persoonlike Verlosser is.

Hierdie liturgiese ritueel (Barnard, Cilliers & Wepener 2014:13)[3] het in baie gevalle slegs ŉ soort 'gradeplegtigheid' geword waar die dooplidmaat tydens die geleentheid ŉ 'volwaardige'[4] belydende lidmaat word (Vosloo 2016:3). Dit is hartseer dat hierdie liturgiese ritueel gereduseer word tot die bogenoemde . Dit is verder ŉ ongelukkige ontwikkeling dat daar heelwat lidmate in die NGK is wat hierdie liturgiese ritueel as sonder betekenis beskou (Vosloo 2016:49). Dit is juis ŉ liturgiese ritueel wat, in die oorgangsfase na jong volwassenheid waarin jongmense hulself bevind,  as ŉ brug kan dien na die ontdekking en bevestiging van hul identiteit in Christus.

## 1.2 NAVORSINGSPROBLEEM

Daar het oor die jare ŉ sogenaamde aannemingstradisie ('gradeplegtigheid')[5] in die NGK ontwikkel wat in die teologie en liturgie van die aflegging neerslag gekry het. Die probleem is dus dat ons met ŉ liturgiese ritueel te make het waarvan die teologiese

---

[1] Hierdie studie fokus spesifiek op die konteks van die NGK in Suid-Afrika. Die konteks van die NGK is hoofsaaklik Afrikaanse gemeentes. Die navorser is van mening dat die spesifieke liturgies-historiese geskiedenis (sien Vosloo 2016) van hierdie liturgiese ritueel in die NGK ŉ studie wat spesifiek op dié denominasie fokus, regverdig. Dit dien ook as motivering om die studie in Afrikaans te doen.

[2] Alhoewel nuwe lidmate vanuit ander tradisies belydenisaflegging moet doen, is die fokus van hierdie studie op die belydenisafelgging van jongmense binne die gereformeerde tradisie van die NGK.

[3] Barnard, Cilliers en Wepener (2014) gebruik die term 'liturgiese ritueel' om klem te lê op beide die teologiese en antropologiese aspekte daaraan verbonde. Die term 'ritueel-liturgiese' sou ook ŉ opsie kon wees soos wat Post en *The Yearbook of Ritual and Liturgical Studies* dit gebruik. Tog maak die navorser ŉ doelbewuste keuse vir die term 'liturgiese ritueel' waarin die teologiese aspekte in ŉ sekere sin voorrang kry teenoor die antropologiese aspekte.

[4] Daar is ŉ problematiese verstaan van lidmaatskap in die ŉ NGK. Elke persoon wat gedoop word, word juis  in die liggaam van Christus ingelyf  deur die doop (sien Clasen et al. 2010:64; sien Vosloo 2016:3) en daarom is ŉ dooplidmaat reeds ŉ *volwaardige lidmaat* van die gemeente na sy/haar doop.

[5] Sien Vosloo (2016) Daar ook ŉ baie sterk rasionele aanslag tot die katkisasie en voorbereiding van die aflegging ontwikkel. Die rasionele aanslag kom ook duidelik te voorskyn in die liturgie.

betekenis onduidelik is, en dat hierdie toedrag van sake ook duidelik na vore kom in die liturgie.

ŉ Verdere probleem is dat belydenisaflegging op hierdie stadium in die NGK ŉ baie 'oop sisteem' is en dat predikante uitgelewer is om hul eie praktyke met belydenisaflegging te ontwikkel en toe te pas (NGK Agenda 2015:152).

Volgens Vosloo (2016:6) is die enigste publikasies[6] wat ŉ moontlike voorstel vir ŉ belydenisaflegging gee, wat spesifiek vir die NGK geskryf is[7], *Ontdekkings in die erediens* (Wepener & Van der Merwe 2009). Daar is dus ŉ leemte in die liturgiese veld in die NGK[8] oor kreatiewe voorstelle vir die liturgie van ŉ belydenisaflegging.

Barnard et al. (2014:7) verduidelik dat daar vandag nie meer dominante diskoerse is wat ander heeltemal onderdruk nie. ŉ Netwerk van kultuur, verduidelik hulle, stel vandag eintlik ŉ magdom diskoerse[9] beskikbaar. Daarom is dit nie noodwendig so dat daar geen stem (oftewel opinie) oor 'n bepaalde saak is nie, maar eerder dat daar stemme is wat moontlik nie gehoor word nie. Dit is moontlik dat daar predikante is wat alreeds doelbewus hul liturgieë aanpas. Die probleem is dat dié insig en kreatiwiteit beperk word tot die gemeentes waar dié spesifieke predikante in die bediening is.

Die grootste probleem aangaande belydenisaflegging is waarskynlik die onsekerheid oor die doel van dié liturgiese ritueel. Die Algemene Sinode van 1998 (NGK Agenda 1998:108) verwys reeds na belydenisaflegging as ŉ baken op die weg van geloofsgroei. Die taakspan vir belydenisaflegging beskou dit as ŉ liturgies-historiese roetemerker (NGK Agenda 2015:154). Hulle definisie van ŉ roetemerker is soos volg:

---

[6] Die Algemene Sinodale Agendas en Notules stel voor dat ŉ doopherinnering tydens die belydenisaflegging gedoen word en verwys na die liturgiese voorstel in *Ontdekkings in die erediens* (Vosloo 2016). Die *Handleiding vir die Erediens* (Clasen et al. 2010) bevat die verskillende opsies vir die gebruik van die formulier, maar is nie ŉ volledige liturgiese voorstel nie.

[7] Hierdie studie se fokus is die NGK en daarom ook die liturgiese voorstelle wat spesifiek vir die NGK geskryf is.

[8] Deel van hierdie studie se bydrae is dat dit deelneem aan die internasionale gesprek en navorsing oor *Konfirmasie* in die gereformeerde kerke. (NGK Agenda 2015:152). Sien Osmer (1997) se studie oor *Konfirmasie.* Daar is wel ŉ leemte in hierdie navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks.

[9] Sien Stringer (2005:210) wat ook verwys na die verskillende diskoerse wat ontstaan as gevolg van globalisasie. Hy verduidelik dat die interaksie van verskillende mense, kulture en diskoerse kan lei tot dekonstruksie, maar dat hierdie ontmoetings en interaksie ook kan lei tot die ontginning van kreatiwiteit.

> Roetemerkers of drumpelervarings is lewensoorgange waar (ouers en) die geloofsgemeenskap medereisigers begelei deur middel van toepaslike simbole en rituele om hulle veilig oor onseker tye of fases te begelei (NGK Agenda 2015:154).

Oorgangsfases wek beide opwinding en vrees by ŉ persoon. Die taakspan vir belydenisaflegging[10] (NGK Agenda 2015:155) verduidelik dat dié oorgange ŉ brug nodig het om dit sinvol oor te steek. Hulle verduidelik dat ŉ mens beter voel tydens (en in) die oorgange indien daar ŉ reling is om aan vas te hou. Die taakspan beskou liturgiese rituele as sulke relings.

Die 1998-Algemene Sinode het besluit dat kinders die nagmaal mag gebruik en dat belydenisaflegging nie ŉ voorvereiste vir hierdie sakrament is nie (Vosloo 2016:75). Die besluit om kinders tot die Nagmaalstafel toe te laat, het te make met die gereformeerde tradisie se oortuiging dat dooplidmate[11] reeds volwaardige lidmate is (Vosloo 2016:75). Met die toelating van kinders tot die Nagmaalstafel, asook die feit dat ander gereformeerde tradisies *konfirmasie*[12] tydens die oorgang na adolessensie (12 / 13 jaar) aanbied, is dit verstaanbaar dat daar ŉ vraag ontstaan vanuit die NGK oor die aangewese ouderdom vir belydenisaflegging.

Moet belydenisaflegging nie dalk voor die ouderdom van 16 jaar plaasvind nie? Of dalk nog later? Vosloo (2016:78) dui in haar liturgies-historiese oorsig aan dat daar oor die dekades nog altyd ŉ soeke is na die gepaste ouderdom vir belydenisaflegging. Die 1998-Algemene Sinode het wel besluit om by die vorige besluit (1974) te volstaan aangaande die gepaste ouderdom.

---

[10] Die aanwysing van die Taakspan vir belydenisaflegging is opsigself ŉ aanduiding daarvan dat navorsing oor belydenisaflegging in die Suid-Afrikaanse konteks benodig word. Dit ondersteun verder die belangrikheid van hierdie studie.

[11] Dit is dus duidelik dat die teologie van die doop en nagmaal in die gereformeerde tradisie uiters belangrik is in hierdie gesprek oor belydenisaflegging. Alhoewel hierdie studie nie per se op die sakramente fokus nie, kan dit nie anders as om deel van die navorser se raamwerk en wegspringplek te wees nie. Sien Vosloo 2016 vir die historiese oorsig van belydenisaflegging vanuit die Algemene Sinode se dokumente en klem op die teologie van die sakramente.

[12] Die Engelse term *Confirmation* verwys na die liturgiese ritueel wat in die NGK se konteks bekend is as belydenisaflegging.

Die minimum ouderdom vir belydenisaflegging is in 1974 vasgestel op 16 jaar, maar die besluit skep ruimte vir kerkrade om self te besluit om die belydenisaflegging op ŉ latere ouderdom te laat geskied (Vosloo 2016:74). Die praktyk het ontstaan dat jongmense in die NGK oor die algemeen tydens hul graad 11- of 12-jaar, dus 17 of 18 jaar oud, belyenisaflegging doen. Vosloo (2016:78) verwys na die algemene sinodale dokumente wat eerder die fokus wil plaas op rypheid van geloof en nie op ouderdom nie.

## 1.3 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvrae van hierdie studie sluit aan by vrae wat vanuit die taakspan vir belydenisaflegging ontstaan het, soos reeds bo genoem.

Hierdie vrae is: Waarvan is belydenis van geloof ŉ 'brug' (watter oorgangsfase) en tweedens, watter liturgiese rituele (tydens belydenisaflegging) sal as 'brug' kan help? (NGK-Agenda 2015:155).

Die navorsingsvrae van hierdie studie kan soos volg verwoord word:

*Tydens watter oorgangsfase sal belydenisaflegging die beste of die sinvolste toegepas kan word?*

*Hoe sal ŉ praxisteorie in die vorm van roetemerkers lyk ten einde ŉ liturg te help om hierdie liturgiese ritueel sinvol te beplan en aan te bied as oorgangsritueel?*

## 1.4 WERKSHIPOTESE

Dit is die navorser se werkshipotese[13] dat die oorgang vanaf adolessensie na die fase 'ontluikende volwassenheid'[14] die ideale lewensfase is om die liturgiese ritueel en

[13] Die term 'werkshipotese' is nie ŉ toetsbare / verifieerbare hipotese soos in kwantitatiewe navorsing nie. Die werkshipotese word geformuleer ten einde sturing en rigting aan die ondersoek te verleen.
[14] Die term 'jongvolwassenheid' word oor die algemeen gebruik om na die lewensfase te verwys. Die navorser is wel van mening dat dié term nie Arnette se term 'emerging adulthood' regtig vasvang nie. Daarom gebruik die navorser die term 'ontluikende volwassenheid'. Die betekenis van 'emerging adulthood' is juis ŉ fokus op die *nog nie heeltemal* ŉ volwasse nie, maar die ontwikkeling daarvan. Dis die wegbeweeg en losmaak van adolessensie en die ontwikkeling van volwassenheid. Dit is om *op pad te wees* na volwassenheid of dalk eerder *in die* proses om nie meer ŉ adolessent te wees nie en om ŉ volwassene te word. Hierdie term word breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek.

‘reling’ aan te bied. Hierdie lewensfase, ‘ontluikende volwassenheid’, oftewel ’emerging adulthood’ soos Arnett (2000:469) die term geformuleer het, is die lewensfase tussen adolessensie en volwassenheid. Arnett (2000 471) gebruik hierdie term om die fase van ’n mens se lewe tussen 18 en 25 jaar te beskryf en verduidelik dat hierdie fase veral gekenmerk word aan onsekerheid - onsekerheid in die sin dat individue hulself nie as adolessent of volwassene beskou nie. Arnett (2000 473) is ook daarvan oortuig dat hierdie fase van ’n mens se lewe die meeste geleentheid gee om jou identiteit te ontdek.

Dit is daarom die navorser se werkshipotese dat die liturgiese ritueel, belydenisaflegging, nie spesifiek aan ouderdom gekoppel moet word nie, maar eerder aan die kenmerke en lewensgebeurtenisse wat gepaardgaan met die oorbrugging van adolessensie na ‘ontluikende volwassenheid’. Die herontdekking van ’n persoon se identiteit in God sal bes moontlik baie betekenisvol en belangrik kan wees in hierdie lewensoorgang (Vosloo 2016:134).

## 1.5 PRAKTIESE TEOLOGIE & LITURGIESE WETENSKAP

Pattison en Woodward (2000:2) beskryf Praktiese Teologie as ’n term wat vanuit die Duitse protestantse tradisie ontstaan het as deel van die akademiese teologiese kurrikulum in die laat 18de eeu. Dit het bestaan uit pastoraat, aanbidding, prediking, Christelike onderrig en kerkregering. Die doel van Praktiese Teologie was om op hierdie aktiwiteite teologiese beginsels toe te pas.

Miller-McLemore (2012:4) verdeel Praktiese Teologie in vier kwadrante, naamlik ’n akademiese vakgebied, ’n geloofshandeling, ’n studiemetode en ’n kurrikulum. Praktiese Teologie kan, volgens Miller-McLemore (2012:4), beskou word as ’n akademiese vakgebied omdat dit ’n dissipline is wat deur akademici bestudeer word. Dit is verder ’n geloofshandeling wat gelowiges toepas. Praktiese teologie word ook as ’n metode gebruik om teologie te bestudeer. Laastens is dit ’n kurrikulum wat bestaan uit verskillende sub-dissiplines (pastoraat, homiletiek, liturgie en jeugbediening), wat aan studente geleer word.

Wepener verduidelik (2014:17) dat Praktiese teologie nie teenoor die teoretiese teologie staan nie, maar dat dit ŉ teologiese besinning op die praktyk is. Praktiese teologie gaan dus oor die integrering van teorie en praktyk en hoe die praktyk verbeter kan word deur dit met teologiese besinning te bestudeer.

Lartey (2000:131) lê veral klem daarop dat Praktiese Teologie in baie gevalle gereduseer en verstaan word as ŉ klein gedeelte van teologiese kennis of selfs net ŉ metode om vanuit die praxis teologiese inligting te bekom. Hy beskryf Praktiese Teologie as veel meer en verwoord dit as: *A way of doing theology and being theologians* (1998:131).

Die benadering wat Lartey (2000:131) beskryf, is ŉ poging om die inhoud van geloofspraktyke te bestudeer deur te fokus op die vraag "Wat is die inhoud van ons geloof?", en te besef dat tradisie, konteks en ervaring ons op ŉ bepaalde wyse vorm. Daarom is daar verskillende vorms van die Christelike geloof wat almal ewe geldig is.

Browning, verduidelik Root (2014:55-56), was daarvan oortuig dat indien teologie, en veral Praktiese Teologie, ŉ verskil wil maak, moet dit vanaf die praktyk na teorie en weer terug na die praktyk beweeg. Root beklemtoon dit in die volgende aanhaling: "From practice itself one moves into reflection, and that reflection, Browning asserted, leads to refined action" (Root 2014:55-56).

Volsoo (2016:12) verwys na Wepener (2014:17) se beskrywing van ŉ spiraalbeweging tussen teorie en praktyk ten einde die verbetering van (liturgiese) praktyke. Dit behels dat die lewe van die gemeente eerste bestudeer word, dan geloof,en dan weer die lewe van die gemeente.

Root (2014:32) beskryf hoe die konsep van 'praktyk' so ŉ integrale gedeelte van Praktiese Teologie geword het dat dit nie buite rekening gelaat kan word uit die definisie van Praktiese Teologie nie. Hy verduidelik verder hoe die praktyk inherent ŉ teks geword het wat bestuur word. Praktiese teoloë bestudeer dus ŉ teks, genaamd die praxis.

Hierdie praktiese aspek is baie belangrik, want dit is in die praktyk wat ons ŉ ontmoeting met God het. Hy verwoord dit soos volg: "Practice is the human-constructed vehicle that brings God's presence" (Root 2014:32). Root beklemtoon wel dat dit nie vanuit die mens ontstaan nie, maar dat dit praktyke (ontmoetingsgeleenthede) is van God self. Wanneer Praktiese teoloë hierdie 'ontmoetingsgeleenthede met God' (praktyk) bestudeer, benader ons dit vanuit ŉ fenomeen van menslike konstruksie. Root (2014:33) noem daarom dat Praktiese Teologie ook beperkinge het, onder andere inkulturasie.

Müller (1990:52) lê klem daarop dat liturgie nie gereduseer moet word tot bloot die orde van ŉ erediens nie. Wat is liturgie, of eerder Liturgiese Wetenskap, en hoe pas dit in die veld Praktiese Teologie? Vos & Pieterse (1997:15) gebruik die metafoor van ŉ web met verskillende drade om die vakgebied van liturgie te beskryf:

> Praktiese Teologie moet vanuit ŉ perspektiewe visie benader word. Dit beteken dat die eenheid van die vak soos ŉ web gesien moet word en dat die verskillende drade wat die web spin, nie uit die oog verloor moet word nie. In die benadering is liturgiek een van die spindrade, maar ook deel van die web... die Praktiese Teologie is gerig op die Christelike geloofspraxis. Die praxis word ook in die erediens beoefen en gevoed. Die liturgiek bied ŉ wetenskaplike besinning oor die oefening en voeding...
>
> Müller (1990:52)

Wepener (2009:13) beskryf die doel en bestudering van liturgie as die ontwikkeling van die viering / doksa in die gemeente sodat die evangelie effektief gekommunikeer kan word. Hy verduidelik verder dat liturgie die ontmoeting tussen God en mens is. Dit gebeur op so ŉ wyse dat beide God en die mens uitrek na mekaar. ŉ Dialoog tussen God en die mens kan ontstaan in die mens se deelname aan rituele en simbole, juis as gevolg van die liggaamlikheid daarvan (Wepener 2009:21). Dit is wel God se aksie, beklemtoon Wepener (2009:21), wat die dominante handeling is.

Wepener (2009:13) stel voor dat die 'objek' wat bestudeer word, in fokus gebring word, dus die vierende gemeente asook die teologie van die viering. Daarom is beide ŉ antropologiese en teologiese benadering van belang.

Daar het ŉ wending in Liturgiese Wetenskap ontstaan, verduidelik Wepener (2009:13). In die 1950's het daar ŉ liturgiese beweging in Suid-Afrika ontstaan te danke aan teoloë soos Pellissier, Du Toit, Barnard en Muller. Tydens hierdie beweging het die antropologiese wending van die tyd ŉ invloed gehad op die bestudering van liturgie.

Die uitbreiding van hierdie veld, liturgie, tesame met die wending van antropologie, het tot gevolg gehad dat daar verskeie ander benaderings in die bestudering van liturgie ontstaan het (Wepener 2009:14). Al hierdie benaderings, meen Wepener (2009:14), is belangrik vir die liturgiese veld en hierdie benaderings vul mekaar aan. Tog is daar ŉ leemte aangaande die antropologiese benadering in die Suid-Afrikaanse gereformeerde konteks (Wepener 2009:14).

Praktiese Teologie is praxis georiënteer, verduidelik Lartey (2000:131), en daarom ontstaan daar metodologiese vrae en is dit belangrik om die regte 'tools for any job' te gebruik. Die volgende twee afdelings in hierdie hoofstuk fokus spesifiek op die metodologie van Praktiese Teologie en daarna die metodologie van hierdie studie.

## 1.6 METODOLOGIE VAN PRAKTIESE TEOLOGIE & LITURGIESE WETENSKAP

Flynn (2015:11) verduidelik dat Praktiese Teologie as onderafdeling van teologie funksioneer, vanwaar liturgie as onderafdeling van dié gesien word. Liturgiese geskiedenis, liturgiese teologie en rituele studies[15] is volgens Flynn (2015:11) die onderafdelings van liturgie.

Wepener (2004a:22; 2009:12) noem dat binne die Liturgiese Wetenskap is daar verskillende metodes van ondersoek. Hy verduidelik dat Barnard onderskei tussen ŉ Praktiese Teologiese, ŉ Sistematiese, ŉ Historiese en ŉ Bybels-teologiese benadering.

Post, verduidelik Wepener (2004a:23), onderskei tussen nege benaderings in die Liturgiese Wetenskap. Wepener lig wel uit dat Post van mening is dat hierdie benaderings oop en komplementêr beskou moet word. Wepener (2004a:23) lys hierdie benaderings soos volg: ŉ historiese, antropologiese, semiotiese,

[15] Al drie is ter sake in hierdie studie.

pastoraalliturgiese, ’n empiries-liturgiese, ’n benadering vanuit die kunste, ’n benadering vanuit die sistematiese teologie (teologie van die liturgie en sakramenteteologie), benadering vanuit die vrouestudies / spiritualiteit en laastens ’n Bybels-teologiese[16] benadering.

Wat is die beginpunt vir ‘n studie in Praktiese Teologie? Woodward et al. (2000:12) noem dat ’n mens begin by ’n Praktiese Teologiese aktiwiteit waar daar een of ander teoretiese of praktiese probleem is wat aandag benodig. Daar kan met teologiese beginsels of ervarings begin word, meen Woodward et al.

Soms begin die studie by die idees en word die implikasies daarvan vir die praktyk ondersoek (Woodward et al. 2000:13) Ander kere begin die studie by die praxis en bestudeer hoe dit die idees / konsepte beïnvloed.

Die doel is egter om beter te verstaan wat aangaan (“What is going on?”), volgens Pattiso en Woodward, ten einde ’n goeie prentjie te vorm van hoe om op die situasie te reageer. Dit kan tot gevolg hê dat daar ’n verandering in die teologiese insigte ontstaan. Die hart van Praktiese Teologie, meen Woodward et al. (2000:12), is ’n dialoog wat ontstaan tussen die verskille van teorie en praxis. Dit is ’n proses, verduidelik Woodward et al. (2000:13), waar teorie, teologie en die praktyk in gesprek is met mekaar en waar die gespreksgenote verander of ontwikkel a.g.v. die interaksie en dialoog.

Groome en Browning se model word deur Schreiter (1998:23-27) soos volg uiteengesit:

1. Deskriptiewe teologie
   Dit beskryf die situasie en gee die spesifieke praxis ’n naam.

2. Die Christelike storie / visie toeganklik gemaak

[16] Sien Wepener 2009:12. Let wel dat Post in 1996 ’n ‘Bybel-teologiese benadering’ by die oorspronklike lys bygevoeg het.

Die stories, belydenisse, doktrines en Skrif as historiese bronne van die geloofstradisie word bestudeer.

3. Dialektiese-Hermeneutiek

   ’n Gesprek tussen die historiese bronne en huidige praktyk; beide die verhale interpreteer mekaar en bied aan mekaar nuwe insigte of perspektiewe.

4. Strategiese Praktiese Teologie

   ’n Nuwe praktyk van geloof of aksie ontstaan om verandering te bring

Schreiter (1998:23) verduidelik dat alhoewel daar sekere stappe in ’n model is, gebeur dit nie altyd in ’n spesifieke volgorde in ’n studie nie. Schreiter meen dat hierdie modelle eerder ’n waardevolle gids is vir die werk wat praktiese teoloë doen.

Osmer (2008:4) kan ons moontlik help om hierdie praktyke te bestudeer vanuit ’n Praktiese Teologiese benadering. Die interpretasie en optrede van Praktiese Teologie word in vier vrae of take opgedeel:

1. “Wat gaan aan?” (Deskriptiese / beskrywend-empiriese taak)

   Die deskriptiewe- / beskrywend-empiriese taak is om inligting te versamel wat sal help om patrone en diskoerse van spesifieke kontekste te ontbloot (Osmer 2008:4).

2. *“*Waarom gaan dit aan*?”* (Interpretatiewe taak)

   Die interpretatiewe taak gaan daaroor om teorieë vanuit die kunste en wetenskappe te gebruik om te verstaan hoekom hierdie patrone en praktyke plaasvind (Osmer 2008:4).

3. “Wat behoort aan te gaan?” *(*Normatiewe taak)

Osmer (2008:4) verduidelik dat die normatiewe taak teologiese konsepte gebruik om die spesifieke kontekste of praxis te interpreteer. Hierdie taak wil ook etiese norme help skep om die praktiese teoloog (of predikant) se reaksie in hierdie proses te begelei.

4. "Wat gaan ons doen?" (Pragmatiese taak)

   Die laaste taak, verduidelik Osmer (2008:4), is die pragmatiese taak. In hierdie spesifieke taak word strategieë van aksie ondersoek ten einde die huidige praxis te transformeer. Osmer beklemtoon dat daar kritiese gesprekke moet plaasvind ná ŉ nuwe praxis ontwikkel is.

Vosloo (2016:19) dui aan dat Avenant (2011:15) ook van Osmer se vier take vir sy eie studie oor belydenisaflegging gebruik. Avenant noem spesifiek dat Osmer se metode nie slegs vir akademici bedoel is nie, maar ook vir predikante in die praktyk.

## 1.7 METODOLOGIE VAN HIERDIE STUDIE

Die oorhoofse raamwerk en karakter van die studie is beïnvloed deur die werk van Post[17]. Van der Merwe (2013:85) verduidelik dat Post in sy benadering tot Liturgiese Wetenskap sterk klem lê op die menslike eienskappe tydens die bestudering van (liturgiese) rituele. Die bestudering van liturgiese rituele is dus terselfdertyd ŉ antropologiese en kulturele studie. Hierdie studie sluit nou aan by hierdie verduideliking en daarom is dit noodsaaklik dat verskeie peilings[18] vanuit verskillende invalshoeke gedoen moet word ten opsigte van belydenisaflegging. Hierdie studie is ŉ poging om die navorsingsvrae te benader vanuit ŉ multi-dissiplinêre[19] invalshoek wat sielkunde, antropologie, teologie, rituele en liturgie insluit.

---

[17] Sien Post (2001) se metodologie en benadering tot Liturgiese Wetenskap.

[18] Sien Hierdie studie doen soortgelyke peilings en hoofstukindelings as Wepener (2004), asook *From Fast to Feast* (2009).

[19] Multi-dissiplinêr, verduidelik Wepener (2004:47), is ŉ benadering waar daar van meer as een vakgebeid gebruik gemaak word. Intra-dissiplinêr is die gebruik van ŉ ander vakgebied in ŉ betrokke ondersoek. Inter-dissiplinêr is waar twee vakgebiede saam gebruik word om ŉ fenomeen te bestudeer. Hierdié spesifieke studie kan dus multi-, intra- en inter-dissiplinêr beskou word as gevolg van die verskillende peilings wat gebruik word, asook die inter-dissiplinêre benadering in die peilings, bv. antropolgoiese-teologiese benadering. Tog kies die navorser om die term muli-dissiplinêr te gebruik, aangesien dit die algehele benadering van die studie is om vanuit verskeie vakgebiede die liturgiese ritueel, naamlik blydenisaflegging, te bestudeer.

Woodward et al. (2000:9) meld dat praktiese teoloë verskeie bronne en metodes in navorsing gebruik. Hulle beklemtoon dat ŉ praktiese teoloog bereid moet wees om ander dissiplines te inkorporeer. Root (2014:271) verwoord dieselfde siening nog sterker: "We are always in need of a multidisciplinary approach to understanding complex phenomena." Root (2014:272) verwys nie na ŉ studie as Praktiese Teologie indien dit nie in een of ander manier ŉ multi-dissiplinêre invalshoek het nie.

Die studie behels vier peilings en die onderskeie hoofstukke van hierdie studie word ook volgens hierdie peilings verdeel. Die vier peilings is:

- 'n liturgiese peiling wat die empiriese studie behels
- ŉ Sielkundige en antropologiese peiling oor adolessensie en ontluikende volwassenheid
- ŉ rituele peiling oor oorgangsrituele
- ŉ teologiese-antropologiese peiling oor geloofsvorming

Volgens Ormrod en Leedy (2010:53) is hierdie ŉ kwalitatiewe studie, juis omdat dit te make het met beskrywing, interpretasie, verifikasie en evaluasie. Die literêre studie en peilings is deel van hierdie kwalitatiewe studie, maar die studie behels ook ŉ empiriese studie waarvan die navorsingsontwerp volgende bespreek word.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

In die empiriese studie wil die navorser predikante van die NGK nader om deel te neem aan die studie. Dit sal behels dat hulle ŉ vraelys aanlyn invul oor die belydenisaflegging van 2016 / 2017 in hul gemeentes. Hierdie vrae fokus spesifiek op die wyse van viering tydens die erediens self, maar dit kan ook ŉ aanduiding gee van ŉ groter proses en verstaan van belydenisaflegging onder NG-predikante[20]. Die vraelys is aan die hand van Grimes (2014:242-283) se elemente van ŉ ritueel opgestel.

[20] Sien Vosloo (2016) se studie wat gefokus het op die belewenis en ervaring van lidmate tydens die liturgiese ritueel. Die doel van hierdie studie is om kreatiewe liturgiese voorstelle in te win.

Grimes kategoriseer ʼn ritueel in verskillende elemente. Hierdie elemente is al deur verskeie navorsers gebruik om ʼn ritueel te bestudeer. Grimes het sy oorspronklike ses elemente vanuit *Beginnings in Ritual Studies* uitgebrei en hernoem en hergroepeer in *The Craft of Ritual Studies*. Die elemente is: "Ritual Actions", "Ritual Actors", "Ritual Space", "Ritual Time", "Ritual Objects", "Ritual Language" and "Ritual Groups".

Wepener (2004:42) verduidelik dat elke navorser sy / haar eie vrae moet formuleer en nie net bloot Grimes se voorstelle gebruik nie. Die navorser het haar eie vrae opgestel na aanleiding van hoe Grimes (2014:242-283) die verskillende elemente bespreek in sy boek *The Craft of Ritual Studies.* Die navorser het die terme van Grimes se elemente aangepas tot liturgiese[21] aksie, liturgiese akteurs, liturgiese ruimte, liturgiese tyd, liturgiese voorwerp, liturgiese taal en liturgiese groepe.

.

### 1.9 DATA-INSAMELING

Data-insameling sal dus geskied deur middel van semi-gestruktureerde, kwalitatiewe vraelyste en geskrewe liturgieë[22]. Hierdie liturgieë en ook die vraelyste sal gebruik word om die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* te bestudeer ten einde Osmer (2008:4) se eerste taak van Praktiese Teologie te beantwoord: "Wat is aan die gang?"

Avenant (2011:16) dui aan dat dit vanselfsprekend is dat Osmer (2008:37) ʼn empiriese studie onder die deskriptiewe- of beskrywend-empiriese taak plaas. Hy toon verder aan dat Osmer ʼn drievoudige metode van navrae het, naamlik informele navraag (interpersoonlike kommunikasie), semi-formele navraag (gereelde aktiwiteite of metodes wat groepe of individue op ʼn gestruktureerde wyse reflekteer) en laastens formele navraag (kwalitatief of kwantitatief d.m.v. onderhoude / vraelyste in empiriese navraag). Hierdie studie maak gebruik van Osmer (2008:37) se formele navraagmetode om inligting te bekom.

[21] Die navorser maak ʼn doelbewuste keuse vir die term 'liturgiese' en nie 'rituele' soos Grimes se benaming nie. Soos reeds genoem, is hierdie ʼn liturgiese studie vanuit ʼn ritueel-liturgiese perspektief en die term rituele verwys na ʼn benadering wat nie noodwendig of nie primêr teologies van aard is nie.

[22] Een van die vrae in die vraelys is of predikante 'n getikte liturgie vir die belydenisaflegging het en of hulle bereid sou wees om dit vir die doeleindes van hierdie studie te deel.

Vyhmeister en Robertson (2014:23) verduidelik dat ŉ literatuurstudie ŉ tema ondersoek en ŉ vraag probeer beantwoord. Osmer (2008:4) se tweede en derde take, naamlik die interpretatiewe en normatiewe take, vra onderskeidelik die vrae: "Hoekom is dit aan die gang?" en "Wat behoort aan te gaan?". Hierdie vrae word in die literatuurstudie benader en is ŉ poging om die navorsingsprobleem (watter oorgangsfase sal die beste wees vir belydenisaflegging) te beantwoord deur middel van die bestudering van beskikbare literatuur oor hierdie temas vanuit die verskillende peilings, soos reeds verduidelik.

Osmer (2008:4) se laaste taak vir Praktiese Teologie is die pragmatiese taak: "Hoe kan ons hierop reageer?" Insigte sal verkry word vanuit die verskillende peilings in die hoofstukke, verwerk en geïntegreer word tot ŉ praxisteorie in die pragmatiese taak.

## 1.10 DATA-ONTLEDING

Vosloo (2016:25) verwys na ŉ benadering vir data-ontleding van Huberman en Miles (Theron 2015:8). Hierdie benadering behels drie stappe, naamlik data-reduksie, datavertoning en die konklusie.

Data-reduksie, verduidelik Vosloo (2016:25), is om die data op te som en te kodeer deur die data in temas te groepeer. Die verskillende vraelyste sal deurgewerk word, die relevante inligting sal in temas onder die opskrifte van Grimes (2014) se kategorieë vir die elemente vir ŉ ritueel vertoon word, naamlik *liturgiese aksie, liturgiese akteurs, liturgiese spasie, liturgiese tyd, liturgiese objekte, liturgiese taal* en *liturgiese groepe.*

Vosloo (2016:149) se liturgiese praxisteorie sal gebruik word om die liturgiese voorstelle te evalueer. Verder sal ŉ uitbreiding van die liturgiese praxisteorie aan die hand van roetemerkers die konklusie van hierdie empiriese studie vorm

## 1.11 AARD EN VORM VAN RESULTATE

Die resultate van die hele studie (nie net die empiriese gedeelte nie) word in hoofstuk ses bespreek. Ormrod en Leedy (2010) verduidelik dat die resultate van ŉ kwalitatiewe studie juis lê in die interpretasie en ontleding van die data.

Hierdie navorsing is ʼn kwalitatiewe studie en daarom moet ʼn mens besef dat die resultate anders is as in ʼn kwantitatiewe studie. Resultate van hierdie studie ontstaan vanuit die gevolgtrekkings in die literêre en die empiriese ondersoek. Daarom word daar ook gebruik gemaak van die term werkshipotese - dit word nie bevestig of geverifieer soos in ʼn kwantitatiewe studie nie, want die resultate lê juis in die interpretasie van die data.

### 1.12 BYDRAE VAN DIE STUDIE

Daar word tans, soos in die verlede, navorsing op internasionale vlak in die VSA en Europa oor die liturgiese ritueel *konfirmasie* in die gereformeerde kerke gedoen (NGK Agenda 2015:152). Die taakspan vir belydenisaflegging verwys spesifiek na ʼn multi-nasionale projek in Europa (2007/2008 en weer 2012), asook ʼn multi-denominasionele ondersoek in die VSA, wat gekoppel is aan Princeton Theological Seminary met Osmer as mede-direkteur van die projek (NGK Agenda 2015:152).

Vosloo (2016:9) verwys na Browning en Reed (1995) se studie in die VSA, wat verskillende modelle vir ‘konfirmasie’ in die negentiger jare aangedui het.[23] Enkele belangrike diskoerse / temas vanuit Browning en Reed[24] (1995:101) word spesifiek in hierdie studie genoem:

- Die hernuwing van doop, konfirmasie of doopkonfirmasie as ‘n herhaalbare ervaring, word al hoe meer as liturgiese of geestelike handelinge in kerke gebruik.
- Daar is ʼn wye algemene aanvaarding dat bevestiging in die laat adolessensie of vroeë volwassenheid moet gebeur, eerder as vroeër in die adolessensietydperk.
- Die individualistiese verstaan van die bevestiging en die vernuwing van doop word vervang met ʼn verhoudings- en gemeenskaplike verstaan daarvan.

[23] Sien Vosloo 2016 vir die volledige lys.
[24] ʼn Soortgelyke toekomstige studie sal in Suid-Afrika gedoen kan word en dié resultate moet vergelyk word met Browning en Reed (1995) se werk. Dit sou ook waardevol wees om die verskillende denominasies in Suid-Afrika se praktyke te vergelyk, onder andere die verskillende benamings en teologie.

- Daar is ŉ groeiende besef in die denominasies wat Browning en Reed ondersoek het, dat doop, eerder as bevestiging, ŉ persoon in die familie van Christus inlyf.

Vosloo (2016:9) verwys na Osmer se publikasie *Confirmation: Presbyterian Practices in Ecumenical Perspectives* wat in 1996 gepubliseer is. In hierdie studie het Osmer die konfirmasiepraktyke van die Presbiteriaanse kerk in die VSA ondersoek. Hy het ook ander denominasies soos die Lutherse, Anglikaanse en Metodiste kerke se praktyk bestudeer. Hierdie studie lewer dus ŉ moontlike bydrae in die prakties teologiese veld en neem ook deel aan die internasionale gesprek aangaande die liturgiese ritueel.

Belydenisaflegging is ook belangrik vir die Suid-Afrikaanse konteks. Daar is al studies gedoen oor die geloofsvorming van die belydenisklas (Avenant 2011), die belydenisaflegging wat vanuit ŉ missionale teologie beoordeel word (Loubser 2014), die mylpale of oorgangsrituele wat kan bydra tot die verstaan van die belydenisaflegging in *Van voor die Wieg tot na die Graf* (Wepener 2014:25-26 ), die verslag van die taakspan vir belydenisaflegging (NGK Agenda 2015:155) en laastens my eie onlangse studies (Vosloo 2014 & Vosloo 2016) oor ŉ liturgies-historiese oorsig van die belydenisaflegging in die NGK (1962-1998), asook ŉ liturgiese praxisteorie met roetemerkers vir die ontwerp en kreatiewe inkleur van die liturgiese ritueel. Navorsing oor die belydenisaflegging as ŉ oorgangsritueel en die gepaste oorgangsfase binne die NGK, is volgens die navorser nog nie gedoen nie.

Die taakspan vir belydenisaflegging (NGK Agenda 2015: 150) verwoord die noodsaaklikheid en universele tema oor belydenisaflegging soos volg: “Wie ook al nou in 2015 oor ‘belydenis van geloof nadink’ is nie alleen nie”. Aangesien die belydenisaflegging-taakspan tans besig is om dieselfde vrae te bestudeer, is dit die navorser se hoop dat hierdie studie ook ŉ bydrae sal lewer in hierdie gesprek.

Hierdie studie fokus op die bestudering van die praktiese toepassing van die belydenisaflegging (praktyk) en is daarom ideaal geleë in die veld van die Praktiese Teologie. Ten einde die praktyk te kan bestudeer, is teoretiese besinnig, soos

Wepener (2014:17) dit verwoord het, baie nodig. Daarom bestudeer hierdie studie die praktyk en teologie van die belydenisaflegging in die NGK.

Binne die Liturgiese Wetenskap is hierdie studie ook ideaal geposisioneer, want soos Flynn (2015:29) liturgie beskryf, is dit ŉ lewende en lewegewende handeling. Sy brei daarop uit deur te sê dat liturgie die doel voorhou om ŉ veranderende effek te hê op die lewens van die mense wat daarin betrokke is. Wepener is van mening dat die liturgiek in die protestantse konteks, veral in Suid-Afrika, min aandag ontvang (Vosloo 2016:11). Hierdie studie maak ook ŉ bydrae in hierdie veld.

## 1.13 HOOFSTUKKE

### 1. Inleiding en Metodologie

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, werkshipotese, die posisionering van die studie binne die vakgebied Praktiese Teologie en Liturgiese Wetenskap, asook die gekose metodologie vir die studie duidelik uiteengesit. Sommige van die kern-konsepte in die studie het reeds in hierdie hoofstuk aan die bod gekom. Die navorser sal in elk van die hoofstukke die relevante konsepte en terme duidelik uiteensit.

### 2. Empiries-Liturgiese Peiling

Belydenisafleggingsliturgieë (geskrewe) en die vraelyste sal gebruik word om die huidige praktyk van belydenisafleggingsliturgie weer te gee. Die vraelys is aan die hand van Grimes (2014) se elemente van ŉ ritueel opgestel. Dit sal geëvalueer word aan die hand van Vosloo (2016) se liturgiese *praxisteori*e. Die liturgiese *praxisteorie* sal ook in die proses geëvalueer en herbesin word. Hierdie hoofstuk sal dus ŉ bydrae lewer om ŉ liturg in die NGK te help om die liturgiese ritueel kreatief aan te bied, asook om gedeeltelik Osmer (2008) se eerste vraag, "Wat is aan die gang", die deskriptiewe-empiriese taak, te beskryf.

### 3. ŉ Sielkundige & Antropologiese Peiling: Adolessensie of Ontluikende Volwassenheid

Die navorsingsvraag oor die gepaste oorgangsfase om die liturgiese ritueel aan te bied, word in hierdie hoofstuk ondersoek.

Op internasionale vlak is daar gereformeerde tradisies wat 'konfirmasie' tydens die oorgang na adolessensie aanbied en self ook navorsing doen aangaande hierdie lewensfase (Osmer 1996:3). Tog is dit die navorsingsvraag van hierdie studie of belydenisaflegging nie eerder 'n oorgangsritueel na ontluikende volwassenheid "emerging adulthood*"* is nie. Die werk van Osmer (1997) oor konfirmasie, adolessensie en identiteitsvorming sal in die hoofstuk bespreek word.
Hierdie hoofstuk dien dus as 'n sielkundige-antropologiese peiling en fokus op die identiteitsvorming (en dus ook die geloofsvorming) van adolessente en ontluikende volwassenheid*.* Verskeie werke van Arnett, asook die belangrike bydraes van Piaget, Erikson, Marcia en Kohlberg sal in hierdie hoofstuk aan bod kom. Die ontwikkeling van geloofsidentiteit en -vorming, soos wat Fowler (1981) dit beskryf, sal ook in hierdie fases bestudeer word ten einde te kan evalueer watter oorgangsfase meer gepas sal wees vir die liturgiese ritueel *belydenisaflegging*.

## 4. Oorgangsrituele: 'n Ritueel-Liturgiese Peiling

Wat is oorgangsrituele en waarom is dit betekenisvol? In hierdie hoofstuk sal oorgangsrituele ondersoek word ten einde beter te kan verstaan hoe die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* 'n betekenisvolle bydrae kan maak as oorgangsritueel.

Daar sal spesifiek gefokus word op die limnaliteit en liminale fase wat beide adolessente en jong volwassenes beleef. Van die bronne en outeurs wat in hierdie hoofstuk gebruik word, is: Turner (1967), Van Gennep (1960), Grimes (1995,1996, 2000, 2010 en 2014) en Bell (2009).

## 5. Geloofsvorming: 'n Antropologies-Teologies Peiling

In hierdie studie is dit belangrik om 'n peiling te doen wat fokus op geloofsvorming, juis omdat hierdie liturgiese ritueel ook moet bydra tot die geloofsvormende reis van jongpelgrims.

Vosloo (2016) se werk oor Jamie Smith wat handel oor geloofsvorming sal die basis van hierdie hoofstuk vorm. Die werke van Avenant (2011), Fowler (1981) en Osmer (2009) sal gebruik word om hierdie peiling van geloofsvorming uit te brei.

**6. Samevatting**

Die gevolgtrekking van die studie en liturgiese praxisteorie vir belydenisaflegging sal in hierdie hoofstuk weergegee word.

## 1.14 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die tema, probleemstelling, navorsingsvrae, werkshipotese, asook die metodologie wat die navorser vir hierdie spesifieke studie gekies het, uiteengesit. Die navorser gebruik Osmer (2008) se take vir Praktiese Teologie om hierdie studie mee aan te pak. Verder is dit ŉ kwalitatiewe studie wat uit ŉ empiriese en ʻn  literêre studie bestaan.

In die volgende hoofstuk word dié metodologie vir die empiriese studie gebruik om die data van die empiriese studie te interpreteer. Hoofstuk twee vorm ook deel van Osmer (2008:4) se deskriptiewe- of beskrywend-empiriese taak deurdat die predikante se antwoorde op die vraelys sal help om die liturgiese ritueel te beskryf.

Grimes (2014) se elemente van ŉ ritueel is gebruik om die vraelys op te stel en Vosloo (2016) se liturgiese praxisteorie  sal gebruik word om die liturgiese voorstelle te evalueer. Hoofstuk twee gaan dus poog om Osmer (2008) se eerste vraag, "Wat is aan die gang", in die deskriptiewe-empiriese taak te beskryf.

## HOOFSTUK 2

## 2. EMPIRIES-LITURGIESE PEILING

### 2.1 INLEIDING

Die navorser het in hoofstuk 1 genoem dat daar nie vandag dominante diskoerse is wat ander heeltemal onderdruk nie (Barnard et al. 2014:7). ŉ Netwerk-kultuur, verduidelik hulle, stel huidig eintlik ŉ magdom diskoerse beskikbaar. Daarom is dit dalk waar dat daar stemme in die NGK is wat reeds die belydenisafleggingsliturgie doelbewus aanpas[25] en net nie in die breër kerk 'gehoor' word nie. Die doel van hierdie empiriese studie is om van dié insigte en kreatiewe voorstelle te laat 'hoor'.

Hierdie empiriese studie is relatief klein, want die doel is nie om die liturgie van belydenisaflegging in die NGK te evalueer nie. Dit is om kreatiewe voorstelle in te win en ŉ liturgiese praxisteorie met voorstelle aan te bied. Verder word die eerste taak van Osmer (2008:4), die deskriptiewe taak, naamlik "Wat is aan die gang?" bestudeer en beantwoord. Eerstens word die dringendheid van die navorsingsvraag, die ouderdom of oorgangsfase vir blydenisaflegging, bevestig vanuit die antwoorde in die vraelys. Tweedens word die liturgiese ritueel *belydenisaflegging*, en hoe dit aangebied kan word, beskryf.

Die empiries-liturgiese peiling word gebruik as die eerste peiling in die studie, juis omdat die navorser induktief empiries te werk wil gaan. Dit beteken dat die beste praktyke wat reeds in die gemeentes in die liturgie aanwesig is, oorweeg en beskryf word. Op hierdie wyse kan die studie op ŉ organiese wyse aspekte na vore bring wat die navorser kon mis indien sy by die teorie begin het. Vanuit hierdie empiries-liturgiese peiling kan spesifieke temas in die opvolgende hoofstukke aan die bod kom.

[25] Vergelyk Vosloo (2016) se studie het gefokus op hoe die liturgie van belydenisaflegging ingerig kan word as ŉ ruimte om ŉ herontmoeting met God te kan beleef, veral deur die liturgiese ritueel nie net vanuit ŉ kognitiewe benadering aan te bied nie.

## 2.2 NAVORSINGSONTWERP

Leraars en jeugwerkers van NGK-gemeentes is genader[26] om deel te neem aan hierdie studie. Dit het behels dat ŉ vraelys[27] aanlyn ingevul word oor die belydenisafleggings van 2016 / 2017 in hul gemeentes.

Die vrae het gefokus op die wyse van viering tydens die erediens self, maar het ook ŉ bydrae gemaak in die groter proses en verstaan van belydenisaflegging in die NGK.

Die vraelys is aan die hand van Grimes (2014:242-283) se elemente van ŉ ritueel opgestel. Grimes kategoriseer ŉ ritueel in verskillende elemente en soos reeds in die eerste hoofstuk genoem is, het verskeie navorsers al hierdie kategorieë in hul liturgiese en antropologiese studies gebruik ten einde ŉ ritueel te bestudeer, verduidelik Wepener (2005:113). Grimes se oorspronklike ses elemente vanuit *Beginnings in Ritual Studies* (2010:19-32), is uitgebrei, herbenoem en ook hergegroepeer. Hy verdeel tans sy elemente soos volg:

- Rituele aksies
- Rituele akteurs
- Rituele ruimte
- Rituele tyd
- Rituele voorwerpe
- Rituele taal
- Rituele groepe

Wepener (2004:42) meen dat ŉ navorser sy / haar eie vrae moet formuleer en nie net bloot Grimes se voorstelle gebruik nie. Dit moet herfomuleer en toegepas word afhangende van die spesifieke objek en doel van die studie. Die navorser het haar eie vrae opgestel na aanleiding van hoe Grimes (2014:242-283) die verskillende elemente bespreek in sy boek *The Craft of Ritual Studies.* Die navorser het die terme van Grimes se elemente aangepas vanaf 'rituele' na 'liturgiese' terme. Die navorser het dit

[26] Die wyse waarop die data-insameling en leraars benader is, word onder 2.3 uiteengesit.
[27] Addenda B - Vraelys Greyling Empiriese Studie, asook Bylaag A 'n voorbeeld van die etiese klaring.

doelbewus gedoen, omdat hierdie studie *liturgie* vanuit 'n ritueel-liturgiese perspektief beskryf, asook omdat die term 'rituele' nie noodwendig dui op 'n primêr teologiese benadering nie. Die navorser se afdeling vir hierdie hoofstuk, asook die vraelys, is dus soos volg:

- Liturgiese aksie
- Liturgiese akteurs
- Liturgiese ruimte
- Liturgiese tyd
- Liturgiese voorwerp
- Liturgiese taal
- Liturgiese groepe

Grimes (2014:237) beklemtoon dat die kategorisering van die elemente wat hy voorgestel het, nie bedoel was om ander mense te help om dinge te groepeer of te stoor nie, maar eerder om vrae te kan formuleer.[28][29] Dit is ook die wyse waarop Grimes se elemente in hierdie studie gebruik is, deur eerder vrae vir die vraelys te formuleer en om te kan reflekteer oor belydenisaflegging in die NGK.

Die navorser maak gebruik van 'n waarderende benadering[30] in hierdie empiriese studie. Dit is nie 'n nuwe benadering nie en Schoeman en Van den Berg (2011:11) verduidelik die metodologie van "appreciative inquiry" as 'n waarderende ondersoek wat uit die doktorale studie van David Cooperrider in 1986 ontstaan het. Cooperrider het sy respondente in sy studie uitgenooi om die aspekte wat hulle in hul werk waardevol gevind het, te deel. Hierdie benadering, verduidelik Schoeman en Van den Berg, het geblyk dat die respondente aangemoedig was om hierdie gebeure te beskryf sonder om ingeperk te voel.

Schoeman en Van den Berg (2011:11) meen ook dat waarderende benadering dit wat goed, sterk en positief is, na vore bring en dit skep juis ook ruimte vir positiewe

[28] Vergelyk Grimes (2014:237) vir navorsingsvrae wat gebruik kan word in soortgelyke studies.
[29] Een van die vrae in die vraelys is of predikante 'n getikte liturgie vir die belydenisaflegging het en of hulle bereid sou wees om dit vir die doeleindes van hierdie studie te deel.
[30] Long (2001) het 'n soortgelyke waarderende benadering gedoen in *Beyond the Worship Wars.*

verandering[31]. ʼn Waarderende ondersoek fokus nie daarop om probleme te identifiseer nie, maar om dit wat die beste is, te waardeer. Daarom kan innovasie en volhoubare prosesse ontstaan. Dit is belangrik om te besef dat in hierdie benadering, is die positiewe nie noodwendig reg nie. ʼn Kritiese en profetiese ingesteldheid kan nie verlore gaan nie, verduidelik Schoeman en Van den Berg (2011:13), en daarom moet dit binne ʼn teologiese proses plaasvind.

Die teologiese proses waarna bogenoemde skrywers (Schoeman en Van den Berg 2011:11) verwys, sluit direk aan by Osmer (2008:8) se take van Praktiese Teologie en die uitleg van die studie. Eerstens word Osmer se deskriptiewe taak "Wat gaan aan?", in hierdie hoofstuk vanuit ʼn waarderende benadering gedoen. Terselfdertyd dra hierdie liturgies-empiriese peiling by tot Osmer (2008:4) se normatiewe taak, "Hoekom gaan dit aan?", juis omdat daar in die studie goeie insigte ontgin kan word en dus ʼn rigting bied in die normatiewe taak en daaropvolgende peilings van die studie. Die interpretatiewe taak, "Hoekom gaan dit aan?" word in hoofstuk drie en vier uitgebrei en dit fokus soos Osmer (2008:8) verduidelik, op insigte vanuit die kunste en ander wetenskappe. In hoofstuk 3 word ʼn sielkundige en antropologiese peiling gedoen en hoofstuk 4 ʼn rituele peiling. Die derde vraag van Osmer (2008:8), naamlik "Wat behoort aan te gaan?", is juis die teologiese refleksie en word die normatiewe taak genoem. Dit vorm hoofstuk 5 van hierdie studie, naamlik ʼn teologies-antropologiese peiling van geloofsvorming. Die samevatting is die finale taak van Osmer (2008:8) en word die pragmatiese taak genoem: "Hoe kan ons hierop reageer?"

## 2.3 DATA-INSAMELING

Data-insameling het geskied deur middel van semi-gestruktureerde, vraelyste en geskrewe liturgieë. Hierdie liturgieë, asook die vraelyste, sal gebruik word om die

[31] Lloyd, Steven en Tovey (2010:9), asook Wepener (2005:112) dui ander moontlike benaderings vir empiriese metodes in liturgiese navorsing aan. Die navorser het doelbewus gekies om ʼn waarderende ondersoek te doen wat spesifiek op die leraars gefokus het, omdat die leraars insigte aangaande die liturgiese ritueel het wat waardevol kan wees vir hierdie studie. *Participatory Action Research* (Wepener 2005:112) as metodologie, is byvoorbeeld doelbewus nie gekies as metodologie nie, omdat die navorser gemeen het dat kreatiewe liturgiese voorstelle ingewin kon word sonder om elk van die belydenisafleggings by te woon en die nodige inligting vanuit ʼn vraelys kon verkry. ʼn Toekomstige, groter studie kan definitief gedoen word met die PAR-metode, waar die navorser self die belydenisafleggings bywoon en jongpelgrims wat belydenisaflegging gedoen het se kennis en belewenisse in semi-gestruktureerde onderhoude of fokusgroepe bestudeer.

liturgiese ritueel, belydenisaflegging, te bestudeer ten einde Osmer (2008:4) se eerste taak van Praktiese Teologie, naamlik “Wat is aan die gang” te beantwoord. Terselfdertyd dra hierdie liturgies-empiriese peiling by tot Osmer (2008:4) se normatiewe taak, “Hoekom gaan dit aan?”, juis omdat daar in hierdie studie goeie insigte ontgin kan word en dus ’n rigting bied in die normatiewe taak en daaropvolgende peilings van die studie.

Die navorser het, soos reeds verduidelik, predikante in die NGK genader om aan hierdie studie deel te neem. Tien moontlike respondente is deur middel van e-posse genader om aan die studie deel te neem. Die navorser moet haar subjektiwiteit in terme van die identifisering van moontlike respondente uitlig. Drie respondente is spesifiek genader om aan die studie deel te neem, omdat die navorser reeds bewus was dat die betrokke respondente die liturgie vir belydenisaflegging uniek en kreatief benader. Die navorser het ook op facebook in ’n groep waaraan predikante van regoor die land behoort, navraag gedoen vir kreatiewe liturgiese voorstelle en slegs een van die respondente van hierdie studie het op hierdie navraag gereageer. Verder was van die ander respondente individue wat deur ander mense voorgestel is of wat self aangebied het om deel te neem aan die studie. In totaal het 7 respondente gereageer en aan die studie deelgeneem. Daar was in die empiriese studie definitiewe temas wat herhaal het en daarom het daar dataversadiging voorgekom.

Huberman en Miles (Theron 2015:8) verwys na ’n benadering vir data-ontleding wat drie stappe behels, naamlik data-reduksie, datavertoning en die konklusie. In die volgende afdeling word die data-reduksie van die studie beskryf.

## 2.4 DATA-REDUKSIE

Data-reduksie is om die data op te som en te kodeer deur dit in temas te groepeer (Theron 2015:8). Grimes (2014:242-283) se kategorieë het ’n beduidende rol gespeel in hierdie studie en ’n groot bydrae gemaak deurdat die respondente se antwoorde reeds gegroepeer was volgens die elemente (temas), na aanleiding van hoe die vraelys ook opgestel was. Verder het die navorser gepoog om die data te verminder deur die respondente se antwoorde op te som en data wat nie van toepassing was op die studie nie, te verminder. Laastens het die navorser grafieke, waar van toepassing,

gebruik om die data verder in temas te kodeer en gedeeltelik ook die resultate te vertoon.

## 2.5 RESULTATE

Grimes (2014:234) verduidelik dat een van die redes hoekom ’n mens ’n ritueel moet bestudeer deur dit in elemente te verdeel, juis moet voorkom dat die bestudering te eenvoudig benader word. ’n Bestudering of analise soos Grimes dit noem, dwing ’n mens om die kompleksiteit van ’n ritueel raak te sien, asook die wyse waarop die verskeie elemente van die ritueel bydra tot die geheel, al dan nie.

In hierdie afdeling word die resultate van die empiriese studie vertoon soos wat die vraelys opgestel is, volgens Grimes (2014:242-283) se elemente van ’n ritueel. Verder word die resultate met mekaar vergelyk en bespreek deur onder andere van tabelle en grafieke gebruik te maak.

## 2.6 LITURGIESE AKSIE

> “I take actions to be the living, throbbing heart of the matter (ritual)”
>
> Grimes (2014:242)

Grimes (2014:242) begin ’n rituele ondersoek deur heel eerste die aksie te bespreek. Hy verduidelik dat die aksie van ’n ritueel die wegspringplek moet wees van al die ander kategorieë. Hy meen ook dat die aksie ’n navorser juis herinner om op die ritueel self te fokus nog voor die ander elemente van die ritueel bestudeer word.

Daarom het die navorser ook besluit om ‘Liturgiese Aksie’ heel eerste in die vraelys te plaas, asook die bespreking daarvan in die studie. Die term *liturgiese aksie* is in die vraelys aan die respondente verduidelik en hulle is versoek om die handelinge of liturgiese aksie van belydenisaflegging kortliks op te som. In die volgende afdeling gee die navorser die respondente se antwoorde op hierdie vraag verbatim weer en verdeel ook die antwoorde van die respondente in logiese bewegings of elemente ten einde die uiteensetting te vergemaklik.

### 2.6.1 Respondent 1

Na die lofprysing en aanbidding word 'n video van die jongmense gewys waarin die jongmense antwoord op vrae soos:

- As jy 'n *super hero* kon gewees het, wie sou dit wees?
- Wat maak jou opgewonde oor Suid-Afrika?
- Watter eienskap van die Here beteken die meeste vir jou in jou reis met Jesus?
- Beskryf jou verhouding met Jesus in 10 woorde.

1. Vrae en antwoord van die formulier
2. Jongmense gaan sit by bakke water en hulle naaste familielede word vorentoe geroep. Hierdie familielede was dan die jongmense se voete en doen 'n seën-gebed vir hulle terwyl 'n video op die skerm wys waarin die ouers se teksgedeeltes vir hierdie jongmense verskyn.

### 2.6.2 Respondent 2

1. Na die preek word gedeeltes uit die formulier gelees en word die vrae op die skerm vertoon.
2. Verbintenis: Elke jongmens word by die naam vorentoe geroep, tesame met 'n geloofsmentor wat die jongmense self vooraf genomineer het (gewoonlik ouers/grootouers/broers of susters/vriende).
3. Hulle gaan staan by die doopbak, plaas hulle hand in die water en antwoord dan bevestigend op die vrae met die volgende woorde: "Op grond van God se liefde vir my, verbind ek my aan God en aan die kerk."
4. Een van die predikante gee aan hulle die belydenisseël, en die geloofsmentor hang 'n houtkruis om die jongmens se nek. Daarna gaan sit die jongmense.
5. Uitsending: Nadat die hele groep hulleself verbind het, word die ligte in die kerk

afgesit. Die jongmense kom as 'n groep vorentoe en elkeen neem 'n kers, steek dit by die Christuskers wat op die Nagmaaltafel is, aan en gaan staan in die paadjies tussen die banke. Daar volg 'n seënbede vir die jongmense, waarna almal saam die slotlied sing.

### 2.6.3 Respondent 3

1. Verwelkoming is deur een van die jongmense in die belydenisgroep gedoen.

2. Daarna lei die predikant die diens deur 'n Votum te lees en oor te gaan tot lofprysing. Die liedere is deur die belydenisgroep gekies as hulle gunsteling liedere (die prediker het dit ook so aan die gemeente verduidelik).

3. Daarna is 'n Skrifgedeelte gelees (ook deur die belydenisklas gekies, maar deur predikant voorgelees - indien 'n tiener gewillig sou wees om dit voor te lees, sou dit so verkies word).

4. Die preek is gelewer aan die hand van die Skrifgedeelte.

5. Daarna is die hele belydenisgroep vorentoe geroep om op die verhoog te kom staan. Die belydenisformulier is voorgelees en elkeen het 'n kans gekry om ‘ja’ te antwoord op die vrae. Saam met hulle antwoord het elkeen die geleentheid gekry om sy of haar hand in die doopvont te druk.

6. Die kerkraadsvoorsitter het elkeen hartlik geluk gewens, waarna elkeen 'n kers ontvang het as herinnering tot hulle aflegging.

7. Hierna is nagmaal gevier.

8. Na die nagmaal het een tiener die bedankings gedoen.

9. 'n Ander jongmens het getuig oor wat die jaar alles vir hulle as groep beteken het.

10. Een van die ouers het daarna 'n gebed vir die groep kom doen.

11. Die diens is afgesluit met die seën wat oor almal uitgespreek is.

### 2.6.4 Respondent 4

Agtergrond: Die belydenisaflegging vind gewoonlik plaas tydens Paasfees, as deel van die opstandingsgebeure.

1. Belydenisliturgie na die boodskap
2. Katkisante kom na vore as groep
3. Doopherinnering word saam met almal gedoen (Opsie om hand in Doopvont met water te sit)
4. Katkisante gaan sit weer.
5. Een vir een word hulle vorentoe geroep en die 4 vrae van die Belydenisformulier word gestel en die katkisant antwoord en lees gunsteling Bybel-vers
6. Na die antwoord word die ouers van die kind na vore geroep om ‘n doopkers saam met hul kind aan te steek
7. Die proses word herhaal.
8. Daarna word geluk gewens deur die kerkraadsvoorsitter en jeugleier.
9. Gemeente sing vir katkisante "Laat Heer U seën op hul daal".
10. Almal doen saam belydenis van Geloof - 12 Artikels.

### 2.6.5 Respondent 5

1. Elke jongmens stap saam met hulle ouers tot by die liturgiese ruimte. Nadat hulle ouers vir hulle 'n kaartjie oorhandig het en 'n gebed gedoen of gelukwensing gegee het, gaan sit die ouers.
2. Die jongmens betree dan die liturgiese ruimte.
3. Jongmense neem dan aan drie simboliese handelinge deel. Eerstens steek elkeen sy/haar hand in die doopvont waarmee hulle dan hulle doop vier.
4. Daarna gebruik hulle die nagmaal as 'n antwoord op die vyf vrae wat aan die begin van die liturgie aan hulle voorgehou is.
5. Daarna steek hulle 'n kers met hulle naam en datum op, by 'n groter Christus-kers aan. Hiermee belowe hulle om lig vir die wêreld te gaan wees. By elkeen van hierdie 'stasies' staan daar 'n predikant of bedieningsleier wat die handeling fasiliteer.

6. Nadat al die jongmense aan die simboliese handelinge deelgeneem het, word daar vir die groep 'n seëngebed en -lied gedoen. Die jongmense sluit dan aan by die gemeente.
7. Die liturgie eindig waar die jongmense saam met die gemeente hulle geloof hardop bely.

### 2.6.6 Respondent 6

1. Dit is deel van 'n doopliturgie op 'n doopsondag in die oggenddiens. Dit vind plaas na die doop.
2. Die kandidate antwoord op hul doop, met vingers in die doopwater van die doopvont.
3. Dit word afgesluit met die Apostoliese Geloofsbelydenis saam met die hele gemeente.

### 2.6.7 Respondent 7

1. Belydenisformulier word gelees
2. Dan kom "kandidaat" en een ouer of voog na vore. Lees Paragraaf oor “Verbintenis”. Elkeen antwoord individueel. Draai na gemeente vir antwoord.
3. Ouer steek die belydeniskers aan (wat voor op die liturgiese ruimte staan)
4. Aflegger teken die sertifikaat en staan terug.
5. Paragraaf oor “Verklaring” word gelees
6. Dan word een van die kandidate/afleggers gedoop. Na doop gaan sit ouers.
7. Kategete sit aan die Nagmaalstafel
8. Geloofsbelydenis Flam 14 “Jesus is die Heer”
9. Hierna word die nagmaal ingestel.
10. Uitsending. (kategete/afleggers/kandidate sit steeds voor)
11. Na die Amen: • Belydenisafleggers kry elkeen 'n stapstok met hul naam op en stap eerste uit, gemeente volg.

### 2.6.8 Bespreking

**Vanuit die opsommings het die navorser die volgende temas geïdentifiseer:**

1. Vyf van die respondente het gebruik gemaak van 'n **doopherinnering** by die doopvont, respondent een verwys later in die vraelys na die voetewas as 'n doopherinnering, terwyl die 7de respondent wel verwys na 'n doop tydens die belydenisaflegging. Al die respondente verwys dus reeds na die doop in hul opsomming van die liturgiese aksie.
2. Vier respondente het aangedui **dat die jongpelgrims en die gemeente die geloofsbelydenis saam gedoen het.**
3. Twee respondente verwys na **spesiale Sondae** wat die **belydenisaflegging gedoen word**, naamlik respondent vier wat dit tydens die Paastyd doen en respondent ses wat dit tydens 'n Doopsondag doen.
4. Drie respondente het aangedui dat die liturgiese ritueel ingesluit het dat die jongpelgrims **nagmaal gebruik** en een ander respondent verwys na die Nagmaalstafel in die opsomming van die Liturgiese Aksie.
5. Vier respondente maak gebruik van **kerse** tydens die liturgiese ritueel.
6. Twee respondente verwys na die **kerkraadsvoorsitter** wat **by die liturgiese aksie betrokke is.**
7. Jongpelgrims **ontvang iets spesiaal, liturgiese voorwerpe,** tydens die liturgiese aksie**.**

**Respondente se unieke bydrae t.o.v. liturgiese aksie:**

1. Respondent 1 bied 'n unieke voorstel dat die **naaste familie die jongpelgrims se voete was** tydens die liturgiese ritueel. Respondent 1 gebruik ook **multi-media** om die ouers en jongpelgrims se unieke getuienisse te vertoon.

2. Respondent 2 het 'n **pragtige uitsending** om die **jongpelgrims met kerse tussen die banke** te laat staan, asook om die geloofsmentor tydens die liturgiese aksie te betrek. Die jongpelgrims **antwoord ook nie net 'ja'** op die vrae nie, maar **"Op grond van God se liefde vir my, verbind ek my aan God en aan die kerk."**

3. Respondent 3 **rig die hele erediens as ʼn unieke liturgiese ritueel in** en getuig van ʼn deelnemende liturgie waar verskeie lidmate betrek word by die liturgie, bv. die gemeente, ouers en ander liturgiese akteurs tydens die erediens. Die respondent vra ook dat die **jongpelgrims help met die beplanning** en inrig van die diens bv. keuse van musiek en bedankings.

4. Respondent 4 betrek die belydenisgroep as ʼn **eenheid** by die doopherinnering, maar plaas ook klem op die **individualiteit** van elke jongpelgrim deur die vrae vir elkeen afsonderlik voor te hou en elkeen dan afsonderlik daarop antwoord.

5. Respondent 5 het ʼn **besondere wyse waarop die liturgiese ritueel begin** met die **ouers wat saam tot by die liturgiese ruimte stap** en ʼn brief, gebed of gelukwensing doen. Verder skep die **stasies (doopvont, nagmaal en Christus-kers)** wat die respondent ingerig het, beide ʼn fokus op die individu, asook die groep wat agter mekaar na die stasies beweeg.

6. Respondent 6 is die enigste respondent wat in die opsomming aangedui het dat die **belydenisaflegging** voor die Woordverkondiging en **direk na ʼn doop** geplaas word. Dit wil iets getuig van ʼn noue verstaan tussen die doopteologie en belydenisaflegging. Die ander respondente beskou die belydenisaflegging as antwoord en vandaar die plasing na die Woordverkondiging as antwoord

7. Respondent 7 bied ʼn unieke liturgiese voorwerp as simbool en herinnering van die belydenisaflegging aan die jongpelgrims en gebruik die '**uitstap' by die kerk as deel van die uitsending** en **betrek sodoende die hele gemeente** op ʼn besondere wyse.


## 2.7 LITURGIESE AKTEURS

Grimes (2014:249) noem dat 'rituele akteurs', anders as 'verhoog-akteurs', nie moet voorgee nie, alhoewel hy nie ontken dat dit soms die geval is nie. Hy verduidelik dat ʼn mens nie net die mense wat die ritueel fisies doen, moet beskou as ʼn akteur nie, maar ook die wat die ritueel fasiliteer en aanskou, al blyk dit of hul nie betrokke is nie. Die

navorser het in die vraelys ŉ paar moontlikhede van *Liturgiese akteurs* aangedui, asook die opsie om *Ander* te kies en te verduidelik.

Grimes (2014:238) noem spesifiek dat die sintuie van die akteurs onder hierdie afdeling gekategoriseer word en daarom, tesame met Vosloo (2016) se navorsing wat aangedui het dat liggaamlikheid en sintuiglikheid belangrik is tydens die belydenisaflegging, is hierdie vraag ook aan die respondente gevra.

Ander vrae aangaande die *liturgiese akteurs* is ook onder die afdeling bespreek, bv. die vraag oor die aangewese ouderdom vir belydenisaflegging.





Respondent 6 het aangedui dat kinders van die gemeente ook betrokke is by die liturgiese aksie. Verder het ses van die respondente aangedui dat die ouers en die gemeente betrokke is by die liturgiese aksie. Vier respondente het aangedui dat die gemeente jeugwerkers het wat betrokke was by die liturgiese ritueel en drie respondente het aangedui dat ŉ kerkraadslid ook tydens die gebeure teenwoordig en betrokke was

Die navorser lei dus vanuit hierdie opsomming af dat die respondente eerstens die gemeente en ouers as belangrike liturgiese akteurs tydens die gebeure beskou, hetsy op watter manier hulle betrek word. Verder is dit vir die navorser positief dat die medeleraar(s) en jeugwerker in ŉ gemeente deel is van die liturgiese ritueel, asook

meer as net een liturgiese akteur wat deur al die respondente betrek is, aangesien daar verskeie mense is wat saam met die jongmense die geloofsreis gestap het en nog verder gaan stap.

### 2.7.1 Sintuie




Dit is vir die navorser interessant om te sien dat twee van die respondente nie 'gehoor' as 'n sintuig wat betrokke was tydens die belydenisaflegging, aangedui het nie, aangesien al sewe respondente tog die formulier lees, jongmense na vore roep, ens. Dit is vir die navorser 'n aanduiding dat die sintuie wat betrek is, subjektief is en bevestig dat mense liturgiese rituele verskillend kan ervaar. Tog kan hierdie resultate steeds help om 'n greep te ontwikkel oor die sintuiglikheid van die liturgiese ritueel.

Die respondente het aangedui dat die gehoorsintuig op die volgende wyses betrek is: musiek / sang, die hoor van die formulier, gebede, woorde van die liturg en die jongpelgrims se antwoord (meestal net 'ja') op die vrae.

Verder het net drie respondente 'smaak' as sintuig aangedui, wat ook korreleer met drie respondente waar die nagmaal deel van die belydenisaflegging was. Drie respondente verwys na 'reuk' en noem spesifiek die nagmaal, gegeurde kerse en lavenderdruppels in die bak water vir die voetewas. Die navorser vermoed dat meer respondente kon aandui dat die reuksintuig betrokke was. Met die verwerking van die vraelyste het die navorser besef dat sommige van die respondente vergeet het dat die

nagmaal ook die reuksintuig betrek het. Dit is weer eens ŉ aanduiding dat sintuiglikheid subjektief is.

Al sewe respondente het aangedui dat die jongpelgrims se 'sig'- en 'tassintuie' tydens die liturgiese aksie betrek is. Video's, skyfies, kerse wat brand, blomme in die liturgiese ruimte, die doopvont, Nagmaalstafel en -elemente, liturgiese voorwerpe (bv. kruisie en stokke ontvang, om na die gemeente te kyk, asook die sertifikaat wat hul teken / ontvang) het alles deel van die sigsintuig uitgemaak. Slegs een respondent, nommer drie, verwys na die liturgiese ruimte se estetika en dat daar blomme was.


Die jongpelgrims kon die volgende voel: water by die doopvont en die voetewas, die kruis wat om hul nek gehang is en die stok wat hul gekry het, die sertifikaat en ook die nagmaal gebruik is.

Vosloo (2016:107) het verduidelik dat sintuiglike en dus liggaamlike liturgieë ten diepste help om ŉ ruimte te skep vir ŉ ervaring en herontdekking van God tydens die liturgiese ritueel en oor die algemeen tydens die liturgie.[32] Die respondente se aanduiding van die sintuie wat betrek is tydens die belydenisaflegging, getuig van liturgieë wat erns maak met die sintuiglikheid.

---


[32] Vergelyk Cilliers (2012:139).

#### 2.7.2 Ouderdom




Hierdie resultate stem ooreen met Vosloo (2016: 74) se aanduiding dat belydenisaflegging liturgies-histories gesproke in die NGK ontwikkel het om tydens die graad 11 / 12-jaar aangebied te word en dus ná die ouderdom van 16 plaasvind/

#### 2.7.3 Respondente se opinie oor die ouderdom van belydenisaflegging




Die respondente verskil onderling van mekaar wat betref hul antwoorde op hierdie vraag, wat ook die navorsingsvraag van hierdie studie is. Een respondent meen 13

jaar, omdat dit 'n ‘beter’ ouderdom is, in lyn met Joodse en Roomse gebruike, asook omdat die ouderdom 17 jaar te min tyd toelaat om jongmense te betrek by bedieninge, voordat hulle die gemeente verlaat na hul skoolopleiding voltooi is.

ŉ Ander respondent meen 13 / 14 jaar, omdat dit die geleentheid vir jongmense sal gee om hul geloof toe te eien, wat sal help met identiteitsvorming wat belangrik is in hierdie fase. Dieselfde respondent wonder of die betrokkenheid van jongmense beter sal wees, aangesien dit dan nie ŉ ‘boerematriek’ is nie en jongmense hul stem sterker in die kerk kan vind en gehoor word.

Een respondent meen laat-tienerfase, omdat jongmense dan emosioneel reg is. Nog een ander respondent het geantwoord in graad 11.

“Ek dink nie mens kan dit noodwendig aan 'n ouderdom koppel nie”, was een van die respondente se opmerking. Die respondent meen dat mense verskillend vorder, veral in terme van geloof. Die respondent dink egter dat die meerderheid persone nie gereed is op 17- of 18-jarige ouderdom nie. Sielkundig gesproke, verduidelik die respondent, is hy / sy oortuig daarvan dat die ideale ouderdom ongeveer 25 jaar is.

ŉ Unieke antwoord op hierdie vraag was soos volg: Onseker. 12/13 - oorgang na adolessensie OF 17/18 - oorgang na jong volwassenheid OF 25-30 - oorgang na volwassenheid. Die navorser vind natuurlik aanklank by die respondent se antwoord en dit is presies die navorsingsvraag van die studie.

Dit blyk vir die navorser dat die onderlinge verskil vanuit die respondente se antwoorde ontstaan vanuit die verskillende insigte van die Ontwikkelingsielkunde- teorieë (identiteitsvorming en emosionele rypwording), asook ŉ antropologiese benadering tot wat en wanneer iemand emosionele rypheid bereik het. Hoofstuk drie in hierdie studie is juis ŉ sielkundige en antropologiese peiling wat fokus op identiteitsvorming, asook morele en kognitiewe ontwikkeling, en ook Fowler (1981) se geloofsfases, wat fokus op die adolessente en ontluikende volwassene se ontwikkeling.

## 2.8 LITURGIESE RUIMTE

ʼn Rituele ruimte, verduidelik Grimes (2014:256), is enige plek waar ʼn ritueel plaasvind. Daarmee insinueer Grimes glad nie dat die rituele spasie vir sekere rituele nie van kardinale belang is nie. Tog is daar sekere rituele spasies wat nie 'heilig' is nie, verduidelik Grimes. Die werklike spasie, soos Grimes (2014:260) daarna verwys, is belangrik ten opsigte van die element, en die ruimtelike metafore soos wat die akteurs daarna sal verwys.

Die liturgiese spasie van die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* vind plaas in die eredienste van die gemeentes en meer spesifiek die liturgiese ruimte. Die navorser het ook die respondente gevra om die beweging in die liturgiese spasie, asook die simboliese waarde van die posisies in die liturgiese ruimte, aan te dui, na aanleiding van Grimes se verduideliking van ruimtelike metafore en die besef dat daar ruimtes binne die liturgiese ruimte kan wees wat simbolies van aard is, bv. die Nagmaalstafel.

### 2.8.1 Tydens watter diens word belydenisaflegging gedoen

Een van die respondente se gemeente hou drie dienste per Sondag, asook drie belydenisafleggingsgeleenthede gedurende die jaar **en versprei dit tussen die verskillende tydsgleuwe** (eerste oggenddiens, tweede oggenddiens of aanddiens). Die respondent motiveer die keuse deur te verduidelik dat belydenis deel van die hele gemeente se verhaal is.

Drie respondente sê dat belydenisaflegging tydens die **aanddienste** gedoen word. Die motiverings strek vanaf ʼn kontemporêre, informele styl of karakter van die dienste wat informeel is, ʼn moderne diens wat op die jeug gemik is, asook die musiekstyl van die aanddienste.

Een van die respondente het geantwoord dat die belydenisaflegging tydens die **klassieke diens** in die historiese kerkgebou met orrelbegeleiding gedoen word, terwyl twee respondente dit tydens die **oggenddiens** doen, aangesien dit die enigste diens van die gemeente is.

### 2.8.2 Posisie / beweging in liturgiese ruimte & simboliek

| | **Die posisie / beweging van die akteurs binne die liturgiese ruimte** | **Simboliek aan die akteurs se posisie in die liturgiese ruimte** |
|---|---|---|
| 1 | Die jongmense **beweeg op na die verhoog** (liturgiese ruimte is 'n verhoog, gemeente het nie 'n preekstoel nie)<br><br>Jongmense **kyk vir die gemeente** terwyl die formulier gelees en die vrae gevra en beantwoord word.<br><br>Na die antwoord **beweeg hulle af** van die liturgiese ruimte waar die bakke met water op **verskillende plekke in die kerk se ruimte** geplaas word.<br><br>Na die ouers klaar hul voete gewas het, **staan almal op** waarna die gemeente 'n seëngebed vir hulle doen. | **Voetewas**: Betekenis van water in die NGK. Jongmense en ouers word herinner dat hulle 17 jaar gelede by die **doopvont se water** gevier het dat God 'n God is wat Hom aan mense verbind. Verder hang die **verbond** nie af van wie ons is en hoe heilig ons leef nie. Maar van 'n God wat getrou aan sy beloftes is.<br><br>Simboliese waarde van voetewas is ook 'n geleentheid wat geskep word vir **gebroke en gesonde gesinne** om net weer op 'n nuwe manier te **konnekteer.**<br>(Hierdie word emosioneel ervaar deur die betrokke partye) |

| | | |
|---|---|---|
| 2 | Jongmense **stap vorentoe** (na liturgiese ruimte) en staan by die **doopvont**.<br><br>Jongmense **kyk vir die gemeente** as hulle belydenis aflê.<br><br>Daarna **loop hulle na die Nagmaaltafel** en ontvang 'n houtkruisie om die nek van elk se geloofsmentor.<br><br>Tydens uitsending kom jongmense weer **na die Nagmaaltafel toe**, **kry hulle kerse** en **gaan staan in die paadjie**s. Hulle **kyk preekstoel toe**, net soos die gemeente. | Hand in **doopvont** : Ons is lankal aan God verbind deur die **verbondsdoop** en **belydenis is 'n reaksie hierop.**<br><br>**Houtkruis** om die nek by 'n groot kruis (ontvang van geloofsmentor): Om Jesus te volg, vra **opoffering**; ons **geloof leer ons by ander**<br><br>**Steek** eie **kers aan** by Christus-kers **- getuig van God se liefde**<br><br>**Staan met kers tussen gemeente -** ons is deel van 'n groter gemeente |
| 3 | **Kyk meestal na die gemeente**, **behalwe** as **antwoord** op die vrae en die wanneer hulle hul hand insteek in **die doopvont** word daar na die predikant en die doopvont onderskeidelik gekyk. | Beweging van die **doopvont : Teken van God wat my kies**<br><br>Beweging na die **Nagmaaltafel: Ek wat uitnodiging aanvaar en God kies** |

| | | |
|---|---|---|
| | Daar is ook 'n **beweging van staan, na aansit by die Nagmaaltafel.** | |
| 4 | **Aan die begin** van die belydenisliturgie **staan** die katkisante saam die leraar **by die doopvont**<br><br>Daarna **staan** een katkisant saam met leraar **voor in liturgiese ruimte,** waarna die **ouers ook** na vore kom.<br><br>Daarna **staan groep saam voor,** saam met kerkraadslid en jeugleier terwyl die gemeente hande uitgesteek na hul en vir hulle sing. | Slegs **doopvont (doopherinnering) en kerse**<br><br>Respondent het vroeër aangedui dat die kers gebruik kan word as deel van 'n jaarlikse doop- en belydenisafleggingsherinnering. |
| 5 | Akteurs word **vorentoe geroep** na afloop van die prediking.<br><br>Akteurs **staan** soos genoem **by die verskillende 'stasies'**. Die stasies is so geplaas dat die akteurs en jongmense **na die gemeente kyk**. | Respondent antwoord 'nee' by die spesifieke vraag, maar by die heel eerste vraag oor die liturgiese aksie het die volgende simboliek na vore gekom: |

| | | |
|---|---|---|
| | | Jongmense **betree self die liturgiese ruimte**: Simboliseer iets daarvan dat jongmense nou **verantwoordelikheid vir hulle eie geestelike** lewens en groei neem.<br><br>Steek **hand in die doopvont**: **Vier hul doop**.<br><br>**Nagmaal**: 'n **Antwoord op die vyf vrae** wat aan die begin van die liturgie aan hulle voorgehou is.<br><br>**Kers aansteek**: Hulle **belowe om 'n lig vir die wêreld te gaan wees.** |
| 6 | **Nadat formulier gelees** is, kom almal **vorentoe.**<br><br>Hulle **staan agter doopvont** en **kyk na gemeente**.<br><br>Hulle word een-een vorentoe geroep, **sit vingers in doopwater van doopvont**, antwoord met woorde : "Ja, Jesus is die Heer!" en beweeg dan weer terug. | Hulle **antwoord op hulle doop** |

| | | |
|---|---|---|
| 7 | **Sit by die familie** tydens erediens.<br><br>Kom **saam met ouer / voog na vore**.<br><br>**Kyk vir die gemeente** tydens belydenisaflegging.<br><br>**Beweeg na die voorste tafel** vir teken van sertifikaat, en **beweeg terug.**<br><br>Bly **sit vir nagmaal.**<br><br>**Loop voor** die res van die **gemeente by die kerk uit.** | **Kyk vir die gemeente**: Daar word nie teenoor die liturg **bely** nie, maar **vir die gemeente as geheel** en omdat daar verantwoordelikheid geneem word vir mekaar.<br><br>**Stap vooruit met die stokke**: As pelgrims wat op ŉ pad saam met God en die gemeente is, stap die gemeente agter die jongmense as die teken dat hulle die jongmense as leiers beskou, maar hulle ook ondersteun.<br><br>**Nagmaal:** Viering van die jongmense se belydenis wat moontlik is a.g.v. die genade van God.<br><br>Om die nagmaal saam te gebruik word die idee van "rite of passage" versterk en ŉ onderliggende boodskap van: "Julle is nou een van ons." (Respondent noem dat dit sy / haar persepsie is en nie noodwendig doelbewuste bedoeling van die liturgie nie) |

Die navorser het die volgende temas vanuit die beskrywing van beweging en simboliek geïdentifiseer: Die simboliese handeling om by die doopvont te staan en ŉ doopherinnering te doen wat wys op die verbondsdoop en God wat sy kinders eerste kies, is die belangrikste simboliek wat deur die respondente aangedui is. Dit is deur ses van die respondente aangedui en getuig van ŉ noue verstaan en verhouding tussen belydenisaflegging en die doop. Daar is ook verwysings na die simboliek van die nagmaal en dat jongmense na die Nagmaalstafel moet beweeg. Dit is wel die navorser se mening dat die Nagmaalstafel te min aandag kry vanuit die liturgiese voorstelle en dat die teologie tussen die belydenisaflegging en die nagmaal afgeskeep word in die liturgiese aksie.

Die respondente het aangedui dat die jongpelgrims deurgaans vir die gemeente kyk. Een van die respondente motiveer dit op ŉ besondere wyse en sê dat die jongmense teenoor die gemeente bely en getuienis lewer, en nie teenoor die liturg nie. Die liggaamlikheid in die liturgiese ritueel kom ook duidelik na vore in die beskrywing van die verskillende posies en beweging in die liturgiese ruimte.

Dit is belangrik om respondente een, twee, vyf en sewe uit te lig in terme van die beweging tydens die liturgiese ritueel, bv. die bakke vir die voetewas wat in die kerkgebou versprei is, die beweging tussen die stasies van respondent vyf, die uitsending van respondent sewe wat saam die kerkgebou verlaat en respondent twee se uitsending waar die jongpelgrims met kerse tussen die gemeentelede gaan staan.

## 2.9 LITURGIESE TYD

Grimes (2014:262) verwys dat die begin en einde van ŉ ritueel die rituele tyd aandui. Dit kan wees wanneer iemand bv. sê: “Kom ons begin”, en dalk eindig met ‘n klok wat gelui word. Die ritueel, volgens Grimes, is alles wat tussen-in gebeur. Daar is verskeie tipes rituele tyd, wat die tydsduur van die ritueel, wanneer dit plaasvind, hoe gereeld dit plaasvind, ens. insluit. In hierdie studie is die fokus aangaande die liturgiese ritueel, *belydenisaflegging,* oor die hoeveelheid keer per jaar wat dit aangebied word, spesiale betekenis aan die tyd van die jaar wat dit gedoen word, asook waar dit in die liturgie geplaas word.

### 2.9.1 Hoeveel keer is daar geleentheid vir belydenisaflegging?




Soos reeds genoem, bied respondent een se gemeente die belydenisaflegging drie keer per jaar en in verskillende eredienste aan, met die motivering dat die hele gemeente betrokke moet wees by die belydenisaflegging. Die navorser vind heelwat aanklank by die motivering dat die hele gemeente saam op reis was en is met die jongmense wat belydenisaflegging doen.

Respondent vyf verduidelik dat hulle gemeente ook drie keer per jaar die geleentheid bied om belydenisaflegging te doen. Die respondent verduidelik verder dat dit ook die vryheid vir jongmense gee om te besluit wanneer hulle dit wil doen, sowel as die ruimte vir jongmense om te kies om nie noodwendig in hul matriekjaar belydenisaflegging te doen nie. Dus is daar twee respondente wat drie geleenthede per jaar aanbied om belydenisaflegging te doen.

Vyf van die respondente het aangedui dat daar slegs een geleentheid per jaar gegee word vir die belydenisaflegging. Van die respondente verduidelik dat hulle spesiaal ŉ hele erediens inrig vir die belydenisaflegging ter wille van die jongmense wat saam

gereis het. Van die ander motiverings sluit in dat die belydenisklas ʼn jaar duur en dus is daar aan die einde van die jaar geleentheid vir belydenisaflegging. Twee respondente het gesê dat daar elke jaar min jongmense is wat belydenisaflegging doen en dus kan almal dit tydens dieselfde geleentheid doen.

### 2.9.2 Is daar spesifieke datums / geleenthede gedurende die jaar wanneer belydenisaflegging gedoen word?

Respondent 4 se gemeente het die gebruik om belydenisaflegging tydens Paasfees te doen wat ten nouste aansluit by die *Kategumenaat* van die vroeë kerk, en soos die respondent tereg aandui, dat die jongmense saam met Christus ‘opstaan’. Respondent ses het aangedui dat hulle gemeente die eerste Sondag in November, wat ook 'n Doopsondag is, gebruik vir belydenisaflegging.

Dit is die enigste twee respondente wat die datum as betekenisvol vir die belydenisaflegging aangedui het. Die ander respondente se datums sluit aan by die gebruik om aan die einde van die jaar die liturgiese ritueel as ʼn afsluiting tot die jaar of twee se reis in te rig, gewoonlik November-maand. Die twee respondente wat dit drie keer per jaar aanbied, se datums is regdeur die jaar versprei.

Wepener en Pauw (2004:118) verduidelik in hul artikel *Terug,* dat identiteit oor tyd gevestig word as ʼn simboliese konstruksie. Tog meen hulle dat *tyd* self ook ʼn simbool kan word en dat spesifieke tye / eras / periodes deur individue geïdentifiseer kan word vir verskillende simboliese waardes. Die *Christelike Tyd* het ook ʼn simboliese waarde wat identiteitsvormend is. Wepener en Pauw verwys verder na die liturgiese kalender en Christelike feeste wat bydra tot die konstruksie van Christelike identiteit. Respondent vier en sewe se spesifieke datums vir belydenisaflegging kan dus bydraend wees tot indentiteitsvorming, asook veral respondent vier, waar die gemeente die gebruik het om belydenisaflegging tydens die Paasfees te doen (Wepener en Pauw 2004:118).

### 2.9.3 Waar in die liturgie?




Die respondente se motivering om die belydenisaflegging ná die Woordverkondiging te doen, is dat dit ŉ verbintenis aan God en die kerk is en dus natuurlik vanuit die Woordverkondiging vloei. Nog 'n motivering is dat die boodskap deel van die oploop tot die belydenisaflegging is waar die Woord getuig en dus die jongmense dan ook getuig. Belydenis van geloof is ook ŉ reaksie op die Woord van God en die boodskap gee konteks en betekenis aan die liturgiese ritueel. Laastens motiveer respondente dat die belydenisaflegging die hoogtepunt van die diens is en daarom aan die einde (na Woordverkondiging) geplaas word. .


Een respondent noem dat hulle dit na die doop en voor die Woordverkondiging doen, maar gee nie ŉ spesifieke rede waarom hy / sy dit so verkies nie. Die navorser kan aflei dat dit te make het met die noue verhouding wat die belydenisaflegging met die doop het. Die liturgies-historiese geskiedenis van belydenisaflegging van Vosloo (2016:63), het aangedui dat die Algemene Sinode deur die jare gemeentes aangeraai het om die belydenisaflegging ná die Woordverkondiging te plaas.

### 2.10 LITURGIESE VOORWERPE

Grimes (2014:268) verduidelik rituele voorwerpe is voorwerpe wat aktief tydens die ritueel gebruik word. Tog noem Grimes dat ŉ mens kan twyfel oor wat ŉ rituele voorwerp is, aangesien dit net teenwoordig is in die rituele ruimte en nie noodwendig

gebruik word tydens die rituele aksie nie. Hy sê verder dat ’n rituele voorwerp ook iets is wat steeds as ’n rituele voorwerp hanteer sou word as dit uit die rituele ruimte geneem word. Hierdie verduideliking is definitief van toepassing op die liturgiese voorwerpe wat betrokke is by belydenisaflegging en kan daarom ’n Bybel, ’n spesiale klippie en selfs net ’n kers wat brand, insluit. Die navorser het aan die respondente in die vraelys ‘liturgiese voorwerpe’ verduidelik en voorbeelde verskaf en toe gevra watter liturgiese voorwerpe is aktief tydens die ritueel gebruik en watter liturgiese voorwerpe het die jongmense ontvang.

Vanuit die antwoorde op hierdie twee vrae, naamlik liturgiese voorwerpe wat gebruik is en ook watter liturgiese voorwerpe die jongmense ontvang het, kan die navorser aandui dat daar vier liturgiese voorwerpe is wat uitgestaan het, naamlik kerse, die doopvont, ’n sertifikaat en die Nagmaalstafel.




Ander voorwerpe wat elk slegs deur een respondent as liturgiese voorwerp aangedui is weens die uniekheid en konteks van elke gemeente, is ’n Bybel, ’n houtkruis (hangertjie), bakke met water, handdoeke, brief van ouers en ’n stapstok.

Die jongmense het onderskeidelik die volgende ontvang: ’n geestelike boek, belydenisseël, ’n sertifikaat (deur vier respondente genoem, terwyl een respondent aangedui het dat die jongmense die sertifikaat onderteken het), ‘n houtkruisie wat om die nek, kerse (deur vier respondente genoem), ’n stapstok en soms iets wat direk by die preek aangesluit het.

## 2.11 LITURGIESE TAAL

Grimes (2014:273) sluit onder andere geskrewe tekste, mondelingse tradisies, musiek en stilte in onder die kategorie 'rituele taal'. Dit kan behels dat klanke beplan word of selfs geïmproviseerde of onbewustelik klanke insluit, bv. rustelose kinders, bladsye wat geblaai word. Grimes (2014:247) noem ook dat daar ŉ beduidende verskil is tussen betekenisvolle klanke en die sonder betekenis. Hy verduidelik dit het te make met die bedoeling en intensie van die klanke, maar hy verduidelik dat tog ook persepsie is in terme van hoe dit 'ontvang' word. Iets mag dalk sonder betekenis vir een persoon wees en terselfdertyd baie betekenis vir ŉ ander inhou.

Grimes (2014:275) verduidelik dat heilige tekste, rituele tekste, woorde, musiek, gebed, ens. onder 'rituele taal' gegroepeer word. In hierdie vraelys het die navorser gefokus op die formulier vir belydenisaflegging, gebruik van stiltes, musiek en multi-media.

### 2.11.1 Getikte liturgie

In Grimes (2014:279) se beskrywing van 'rituele taal', noem hy dat baie formele liturgiese tradisies in terme van hul liturgiese rituele deur ŉ voorgeskrewe boek gelei word. Tog kan ŉ mens nooit aanneem dat die liturgiese handeling of woorde ooreenstem met dié in 'n voorgeskrewe boek nie. Verder noem Grimes dat liturge van tyd tot tyd ook net sekere aspekte van die voorgeskrewe liturgie volg en dat dit selfs moontlik is dat hulle selektief kies wat hulle wil volg.

In hierdie afdeling is die respondente uitgevra oor die voorgeskrewe formulier(e) (Vergelyk Clasen et al. 2010:121) vir die NGK se belydenisaflegging.


Verder is die respondente gevra of hulle ŉ getikte liturgie vir die belydenisaflegging besit, waarvan slegs drie respondente 'ja' geantwoord het, terwyl twee dié liturgie vir die doeleindes van die studie gedeel het. Die navorser wou ŉ aanduiding kry van hoeveel respondente wat by die studie betrokke is, liturgie vir die belydenisaflegging opgestel het en tweedens of ŉ toekomstige studie net vir liturgieë van predikante kan vra of eerder weer ŉ vraelys soos hierdie sal moet gebruik.

Die navorser het vanuit die vergelyking met die liturgieë en die antwoorde in die studie tot die gevolgtrekking gekom dat liturgieë nie so ʼn ryk beskrywing van die belydenisaflegging vervat soos vanuit die vraelyste wat ingevul is nie. Daarom sou die aanvra van liturgieë vir hierdie studie en van moontlike toekomstige studies, nie die aangewese roete wees om nog kreatiewe voorstelle in te win nie.

Die navorser het ook net weer op nuut tot die besef gekom dat Grimes (2014:242-283) se kategorieë om ʼn ritueel te bestudeer die waarnemer of deelnemer help om op ʼn betekenisvolle wyse daaroor te reflekteer. As't ware kan ʼn ritueel nie so uitmekaar getrek word nie, maar deur die kategorieë van Grimes (2014:242-283) te gebruik en die ritueel te dissekteer (bron), kan aspekte sigbaar word wat nie voorheen sigbaar was nie. Momente en elemente van ʼn ritueel wat deur die deelnemers of liturg as vanselfsprekend beskou word, en andersins nie genoem sou word nie, kan in hierdie proses uitgelig en gedokumenteer word, bv. die gebruik van stiltes.

Gevolglik sal die formulier se gebruik en herformulering, asook die resultate van die gebruik van stiltes en musiek in hierdie afdeling aangedui en bespreek word.

#### 2.11.2 Formulier




Drie respondente het streng by die formulier gehou. Een respondent het aangedui dat hy / sy soms streng by die formulier hou, terwyl ʼn ander respondent geantwoord het dat hy / sy slegs gedeeltes daarvan gebruik of die formulier verkort om te pas by die

boodskap. Twee respondente het aangedui dat hulle die formulier herformuleer het. Dit word dan vervolgens weergegee en bespreek.

### 2.11.3 Respondent 1 formulier

Openbare belydenis van geloof is die geleentheid waar elkeen van julle wat gedoop is, die geleentheid het om persoonlik voor God en die gemeente hardop te erken dit wat jy glo.

Dit is ŉ geleentheid waar jy met jou mond bely, dit wat jy in jou hart glo en deur jou hele lewe uitstraal. Dit is ŉ geleentheid waar jy hardop erken dat jy ŉ intieme persoonlike verhouding met Jesus Christus het EN dat Hy jou ten volle vergewe het van al jou sondes.

Om jou geloof voor God en sy gemeente te bely, beteken:

- dat jy net op die Here sal vertrou. Nie jou sekuriteit vind in mense dinge soos die ekonomie, *job security* of jou vermoëns nie.
- dat jy sal lewe soos die Here van jou verwag - ŉ lewe gelei deur die Heilige Gees.
- dat jy sal deel wees van die kerk en die dinge wat hier gebeur.
- dat jy sal volhard in jou kuiertye saam met die Here en daarmee sal erns maak, ten spyte van jou besige skedule.
- dat jy die Here met jou hele lewe, deur alles wat jy sê doen of dink, sal verheerlik en die eer gee. Selfs wanneer jy saam met jou pêlle by Hatfield of Menlyn Square uithang, op die skoolgronde rondbeweeg of by die huis.
- dat jy jou bes sal doen om voortdurend te groei in jou verhouding met Jesus Christus.

Na aanleiding van ons persoonlike gesprekke en onderhoude wat ons met elkeen van julle gevoer het, is ons oortuig daarvan dat jy:

- ŉ redelike goeie kennis van die Bybel het.
- die lewensverhaal van die kerk verstaan.
- die Here persoonlik ken.

Daarom moet elkeen van julle persoonlik die volgende vier vrae antwoord:

- Glo jy dat die Bybel en wat ons in (gemeente se naam) leer, die waarheid is? Dat Jesus Christus werklik die enigste manier is waarop ons gered kan word en dat ons dit by hierdie gemeente leer?
- Belowe jy dat jy tot die dood toe sal volhard in dit wat die Bybel sê en dat jy nie sal "compromise" met die waarheid nie?
- Belowe jy dat jy werklik 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het en dat jy Hom "genuine" liefhet? Belowe jy dat jy die Here altyd sal dien, dat jy ander mense van Jesus Christus sal vertel en dat jy aktief betrokke sal raak by die kerk?
- Belowe jy dat jy die kerk sal toelaat om 'n ogie oor jou lewe te hou en dat jy die kerk sal toelaat om jou reg te help?

Antwoord.

Gemeente: Laat elkeen van hierdie jongmense voel hulle behoort by (gemeente se naam). Wees lief vir hulle, doen moeite met hulle en bid vir hulle. Laat julle optrede teenoor hulle 'n getuienis wees dat ons as gemeente een liggaam is in Jesus Christus.

Voete was-oomblik

### 2.11.4 Respondent 6 formulier

Julle doen vandag in die gemeente en daarom vir almal om te hoor, belydenis van julle geloof. Julle antwoord daarmee in die openbaar op julle doop. In die doop het God in genade vir julle gekies. In die geloof antwoord ons op God se keuse vir ons.

Terselfdertyd is ons geloofskeuse vir Jesus – ons verbintenis om onder Jesus se heerskappy te lewe. Belydenisaflegging is dus niks anders nie as my belydenis dat Jesus Christus die Here is, en dat Jesus die Here van **my** lewe is.

Dit het sekere praktiese implikasies:

- Ek bely daarmee dat ek Jesus met my hele lewe vertrou:
- dat ek my lewe inrig volgens die Woord;
- dat ek die eredienste bywoon as die besondere ontmoeting tussen God en die gemeente;
- dat ek besef dat ek ‘n deel is van die liggaam van Christus en dat ek my funksie binne die liggaam sal vervul;
- dat gebed van wesenlike belang is vir my lewe saam met God;
- dat ek ‘n gestuurde van Christus is in die wêreld, ‘n getuie en ‘n medewerker van God se nuwe wêreld.

Met hierdie belydenis word nie gesê dat ons dit alles bereik het nie, maar dat ons ons aan ‘n geloofsgemeenskap verbind, ‘n gemeenskap van mense wat op pad is en hulle eie broosheid en gebrokenheid besef en daarom weet dat ons mekaar nodig het - ‘n gemeenskap waarin ons vir mekaar sorg, vir mekaar aanmoedig, vir mekaar ondersteun, vir mekaar leer sodat ons al hoe meer sal groei in ons geloofsverhouding met die drie-enige God, ons verhouding met mekaar en ook in ons getuienis en diensbaarheid in die wêreld.

In die lig van bogenoemde vra ek nou vir julle om op die volgende vrae te antwoord:

- Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?
- Bely jy dat Jesus die Here is en dat jy Jesus liefhet?
- Belowe jy om hierdie belydenis, getrou en in verbintenis met die gemeente van Christus uit te lewe?

Antwoord (met vingers in doopwater): “Ja, Jesus is die Heer!”

### 2.11.5 Vosloo (2016) roetemerkers vir herformulering

Vosloo (2016:70,71,100,114,116,136,150en 151) het die volgende voorstelle gemaak ten opsigte van die herformulering van die formulier vir belydenisaflegging:

1. Die formuliere moet herformuleer word om juis by die liefde te begin, as gevolg van Jamie Smith se verduideliking van die *kardia*.

2. Die herformulering van die formulier kan ook meer fokus op liggaamlikheid as ŉ gawe van God.
3. Die formulier kan herformuleer word om die *telos*, die koninkryk van God, en die *habitus* van gereelde erediensbywoning nader aan mekaar te bring, sodat lidmate beter kan verstaan dat hulle eredienste bywoon as ŉ "thick habit" wat hulle gereeld herinner aan hul identiteit en verantwoordelikheid ten opsigte van die *telos.*
4. Naas die liefde vir Christus, moet ook getuig word en ŉ verbintenis gemaak word vir die deelname aan Christus se koninkryk.
5. Terme soos *jongpelgrims*, *geloofsreis*, *oorgangsfases en –rituele* kan goedskiks in die herformulering van ŉ formulier gebruik word. Dit sal dus ŉ formulier wees wat die liturgiese ritueel as brug en ondersteuning in die liminale fases verwoord.
6. Die formulier betrek op ŉ responsoriese wyse ook die gemeente by die belydenisaflegging deur ŉ verbintenis aan die jongpelgrims te maak.
7. Die gemeente, dus ander pelgrims op die geloofsreis, word ook liggaamlik betrek by die gebeure van dié liturgiese ritueel.
8. Die taal van die formulier wat te swaar vir jongpelgrims kan wees, en ook die herformulering van die formulier, sal aandag moet ontvang.
9. Die mens is meer affektief as kognitief. Daarom moet die fokus in die liturgiese ritueel belydenisaflegging (onder andere die formuliersvrae) nie net van ŉ rasionele aard wees nie, maar dit kan eerder op verbeeldingryke taal fokus wat die hart van die jongpelgrim kan aangryp en so op die koninkryk van God gerig wees.
10. Jongmense kan dalk op elke vraag, nadat dit gevra is, afsonderlik antwoord.
11. Daar moet 'n aanduiding of verwysing in die formulier wees dat jongmense nie nou lidmate van die gemeente word nie, maar reeds in sy / haar doop in die geloofsfamilie opgeneem is.

#### 2.11.6 Waarderende benadering: formulier 1

Respondent een se herformulering van die formulier is grootliks ŉ vereenvoudiging van die taal en behou die basiese raamwerk van die eerste voorgestelde formulier in Clasen et al. (2010:121). Die respondent het wel die taal op ŉ besondere mooi wyse

aangepas deur die taal van die jongmense te gebruik. Die gemeente word ook in die formulier betrek deur ŉ vermaning om die jongmense te ondersteun, maar liggaamlikheid of ŉ responsoriese wyse is nie betrokke nie.

Die respondent se formulier verwys ook na ŉ verbintenis om betrokke te wees by die kerk en ook om ander mense van Jesus te vertel. Die enigste kritiek wat die navorser teen die herformulering van die formulier het, is dat die 'koninkryk van God' by name genoem kan word en dat die volgorde van die formuliersvrae aangepas word om by die liefde vir God en nie die Woord te begin nie. Daar kan nog sterker klem in die formulier gelê word, naamlik dat die liturgiese ritueel nie oor lidmaatskap gaan nie omdat dooplidmate reeds volwaardige lidmate is.

### 2.11.7 Waarderende benadering: formulier 6

Hierdie herformulering is besonder goed gedoen en die navorser het net enkele opmerkings. Die formulier begin deur die noue verhouding van die doop en belydenisaflegging aan te dui. Verder is die navorser beïndruk met die kort formulier, asook die eenvoudige, tog kreatiewe taalgebruik. Tweedens meen die navorser dat die doopherinnering op ŉ sinvolle wyse gedoen word wat aansluit by Vosloo (2016:151) se voorstel dat die formulier en antwoord liggaamlikheid kan insluit. Die navorser meen ook dat die feit dat die jongmense nie net 'ja' op die vrae antwoord nie, maar ŉ belydenis maak, ("Ja, Jesus is die Heer!")[33]', ŉ besonderse bydrae is in die herformulering.

Die navorser sou voorstel dat die volgorde van die vrae waarop die jongmense antwoord, omgeruil word om eerstens te antwoord op ŉ liefde vir God en tweedens sal die navorser die tweede vraag uitbrei met "...en dat dit vir ons leiding / rigting vir ons geloofsreis kan gee". Die navorser vind aanklank by die woorde om met die gemeente van Christus en die liggaam van Christus ŉ verbintenis te maak, eerder as met 'die gemeente' of 'die kerk'. Laastens sal die navorser ŉ vierde vraag byvoeg wat ŉ verbintenis maak om medewerker van God in die koninkryk van God te wees, soos wat vroeër in die formulier verwoord was.

[33] Die navorser dink dadelik aan respondent vier wat die belydenisaflegging tydens Paasfees doen en dat ŉ belydenis soos "Jesus, ons Here, het werklik opgestaan!" ook van pas kon wees.

Die vermaning wat gewoonlik op die gemeente se ondersteuning van die jongmense gefokus het, is verander dat die jongmense by hierdie vermaning ingesluit word en dus moet die gemeente na mekaar omsien en nie net die ouer lidmate na die jonger lidmate nie.[34]

Die navorser wonder of die vermaning waar die hele gemeente saam na mekaar sal omsien, met presies dieselfde woorde omskep kan word in ŉ responsoriese verbintenis wat oorvloei in die gemeente wat hardop hulle geloof saam bely.

### 2.11.8 Leemte in Vosloo (2016) se roetemerkers vir herformulering

Die navorser sal na aanleiding van die waarderende benadering ten opsigte van die formuliere wat herformuleer is, die roetemerkers vir ŉ herformulering van die formulier soos volg aanpas:

- Die voorstel dat die term 'jongmense' of 'jongpelgrims' gebruik word tydens die formulier, maar dat daar in die formulier verwys sal word na die gemeente se geloofsreis en dat die geloofsgemeenskap saam op reis is.

- Die vermaning in die formulier moet nie op die gemeente fokus om na die jongmense om te sien en hulle te versorg nie, maar eerder dat die *hele* geloofsgemeenskap sal omsien na die *hele* geloofsgemeenskap. Dit sluit aan by die verstaan dat belydenisaflegging nie nuwe lidmate is wat verwelkom word nie, maar eerder dat almal mekaar ontmoet en ondersteun in hul geloofsreis.

### 2.11.9 Stiltes

Peeters (2001:155) verduidelik dat stilte die afwesigheid is van alle geluid, alhoewel hy nie ŉ definisie gee wat die term *stilte* vasvang nie. Stilte in die liturgie, verduidelik Peeters (2001:155), is ook ŉ begeerte waarna mense hunker, nes hul begeerte vir meer stilte in die samelewing. Stilte in die liturgie is altyd gevulde stilte en die liturg se

[34] In hoofstuk vyf word geloofsvorming bespreek en een van die aspekte wat daar beklemtoon word, is dat jongmense integraal deel is van ŉ geloofsgemeenskap en ook ŉ bydrae in die geloofsgemeenskap kan maak.

rustigheid en oordrag is hier van uiterste belang ten opsigte van betekenisvolle stiltes. Verder kan stilte betekenisvol wees omdat dit kan lei na die "...samespraak van de mens met God, de Heilige...", beklemtoon Peeters (2001:155).

Slegs een respondent, respondent nommer 2, het aangedui dat daar van stiltes gebruik gemaak is en dit is op ŉ besondere wyse gedoen deur die jongmense met kerse tussen die gemeentelede te laat staan.

Een respondent het aangedui dat hy / sy onseker is oor die gebruik van stiltes. Daar kon moontlik stiltes tydens die liturgiese ritueel wees wat die respondente nie beplan het nie en dus nie genoem het nie. Die navorser is wel van mening dat daar meer doelbewus beplan en omgegaan kan word met betekenisvolle stiltes tydens die liturgiese ritueel, *belydenisaflegging*.

#### 2.11.10 Musiek

Al sewe die respondente het aangetoon dat musiek deel van die liturgiese ritueel, *belydenisaflegging*, was. Die keuse aangaande musiek het gewissel vanaf ŉ seëngebed wat die gemeente vir die jongpelgrims gesing het, die geloofsbelydenis wat die jongpelgrims en gemeente saam gesing het, asook ander gepaste liedere wat tydens die diens saam gesing is.

Dit was vir die navorser uniek dat respondent drie die jongmense betrek het by die keuse van liedere tydens die hele erediens waarin die belydenisaflegging gedoen is. Die navorser vermoed dat jongmense wie se spiritualiteitstipe[35] aanklank vind by musiek, dit veral positief ervaar het.

#### 2.11.11 Multi-media

Slegs twee respondente het nie gebruik gemaak van multi-media nie. Uit die respondente wat aangedui het dat multi-media deel van die liturgiese ritueel was, het twee respondente die foto's van die jongmense op die skerm vertoon tydens die liturgiese ritueel en een respondent noem spesifiek dat die foto's van die

[35] Vergelyk Vosloo 2016 wat verwys na Ware (1995:2-8) se spiritualiteitstipes wat goedskiks in ag geneem kan word by die beplanning van die liturgiese ritueel *belydenisaflegging*.

belydeniskamp en verbintenisjaar gebruik is. Respondent drie het deurgaans in tydens die erediens foto's van die jongmense vertoon.

Respondent een het video-opnames van die jongmense wat vrae beantwoord het, terwyl respondent twee weer ‘n video-opname van teksverse wat die ouers vir hulle kinders gekies het, vertoon het. Respondent sewe noem dat daar ʼn video-opname, “Come to Jesus” van Chris Rice, gespeel is. En laastens het ʼn respondent genoem dat die vrae waarop die jongmense moes antwoord, op die skerm vertoon is.

## 2.12 LITURGIESE GROEP

Grimes (2014:279) plaas hierdie element doelbewus laaste in die kategorie, nie omdat dit die minste belangrik is nie, maar sodat die ander elemente tot hul reg kan kom. Hy verduidelik dat rituele nie alleen gedoen word nie, maar in groepe plaasvind.

Grimes (2014:279) sê dat rituele in groepe gedoen word en verskeie kere veroorsaak dit dat ʼn inklusiewe en eksklusiewe groep op hierdie wyse gevorm word, bv. net mans, slegs vrouens, slegs blankes, ens. Daarom bestaan daar politieke, ekonomiese, kulturele en kollektiewe aspekte wat belangrik is en in ag geneem moet word by die bestudering van ʼn ritueel. In hierdie studie is daar reeds in die eerste hoofstuk verduidelik dat die NGK uit ‘n meerderheid wit, Afrikaanse gemeentes bestaan, wat dus die kulturele aspekte van die liturgiese ritueel verduidelik. Verder het die navorser besluit om op die kohesie of eenheid teenoor die individualiteit van die liturgiese ritueel te fokus.

### 2.12.1 Gemiddelde grootte

Vanweë die verskillende kontekste van die gemeentes het die gemiddelde groottes van die groepe verskil. Die respondente se antwoord op die gemiddelde grootte van die groep wat belydenisaflegging doen, is soos volg:


1. 30-35 per jaar
2. 30-40 per jaar
3. Ongeveer 20
4. 4

5. Tussen 10 en 20 jongmense per geleentheid
6. 10 jongmense
7. 7 jongmense

Die navorser het reeds aangetoon dat respondent vier die jongmense as ‘n groep na die doopvont genooi het, doopherinnering daar gedoen het, toe het die jongmense gaan sit en daarna het elke jongmens individueel na vore gekom, die vrae aangehoor, dit beantwoord en daarna saam met sy/haar ouers ŉ kers aangesteek. So het die proses vir elke jongmens herhaal.

Vanweë die hoeveelheid jongmense (vier) wat belydenisaflegging in die gemeente gedoen het, is dit vir die navorser duidelik dat liturgiese voorstelle eie aan ŉ gemeente-konteks is en nie lukraak net so toegepas kan word in ander gemeente nie. Dieselfde liturgie sal byvoorbeeld nie prakties uitvoerbaar wees vir respondent drie (en meeste van die ander respondente ook) se gemeente waar 20 jongmense gelyktydig belydenisaflegging wil doen nie.

### 2.12.2 Individualiteit vs. Groep





Een van die respondente verduidelik dat daar ŉ balans moet wees tussen persoonlike keuse en die pad wat saam as groep gestap is en nog vorentoe gestap sal word. ŉ Ander respondent dui aan dat beide aspekte belangrik is in die sin dat elkeen self bereid moet wees om te antwoord en as individu voor die gemeente te staan, maar

dat niemand die geloofspad alleen kan stap nie en daarom doen hulle as groep die liturgiese momente saam.

Die benadering om net op die groep te fokus, verduidelik een respondent, is omdat ŉ mens se verhouding met Jesus nooit net op die individue gemik is nie, maar op die verhouding met Jesus binne die verhaal van die geloofsgemeenskap.

ŉ Respondent het aangedui, sonder verduideliking, dat daar net op die groep gefokus is en by ŉ ander dat dit nie saak gemaak het nie. Die twee respondente wat op die individu gefokus het, het verduidelik dat elkeen individueel moet antwoord en dat die doel tog is om elkeen kans te gee om ŉ getuienis van hul geloof te kan doen.


### 2.12.3 Geleentheid om iets uniek / individueel te doen




Die meerderheid respondente het aangetoon dat daar ruimte of geleentheid was vir jongmense om iets unieks of individueel te doen, indien hulle wou. Een van die respondente noem dat 'n jongmens 'n getuienis sou kon lewer, ŉ gedig voorlees of selfs ŉ liedjie kan sing. Respondent drie verduidelik dat elke belydenisgroep ook iets unieks of individueel van die ander kan of mag doen, deur byvoorbeeld hul eie belydenis vir die geleentheid te skryf en voor te lees. ŉ Verdere moontlikheid wat aangedui is, is dat jongmense ŉ gunsteling teksvers sou kon voorhou.

Vanuit die vraag aangaande die individualiteit versus die groep en die ruimte om iets individueel of unieks te doen, is dit die navorser se opinie dat beide belangrik is en daarom, deur ruimte te skep vir jongmense wat iets individueel sou wou doen, voldoen dit ook aan Vosloo (2016:109) deur die verskillende spiritualiteitstipes van die jongmense in ag te neem.

### 2.12.4 Gemeente & groep iets saam gedoen




Die respondente het aangedui dat die gemeente as liturgiese akteur by die liturgiese aksie betrokke is en ses van die respondente het geantwoord dat die gemeente en jongmense definitief iets tydens die liturgiese ritueel saam doen.

Van die voorstelle vir dit wat die jongpelgrims en die gemeente saam kan doen, is veral sang (die belydenis kan byvoorbeeld gesing word), asook die Apostoliese Geloofsbelydenis wat saam opgesê kan word. Vier respondente doen die geloofsbelydenis saam en een respondent het aangedui dat hulle dit soms saam doen. Een van die respondente het ook aangedui dat die nagmaal wat saam gebruik word, hierdie funksie van samehorigheid vervul. Van die gemeentes lê ook hul hande in ‘n seënbede op die jongpelgrims.

Respondent twee en sewe betrek die gemeente op ʼn besondere, unieke, liggaamlike wyse. Respondent twee laat die jongmense kerse aansteek en dan tussen die

gemeentelede in die kerkgebou staan, as deel van die uitsending. Respondent sewe laat die gemeente fisies agter die jongpelgrims tydens die uitsending by die kerkgebou uitstap as simboliek van hulle eenheid en dat die gemeente saam met hulle op die geloofsreis is.

### 2.13 BELANGRIKSTE ELEMENT

Grimes (2014: 284) verduidelik dat dit belangrik is om wanneer 'n mens 'n ritueel bestudeer, die kritiese vraag te vra: "Which parts are allowed to stand in for the whole?" Die navorser het na aanleiding van hierdie kritiese punt wat Grimes maak, die respondente gevra watter element kan volgens hulle nie weggelaat word uit die belydenisaflegging nie.[36]

Hulle antwoorde is soos volg:

1. Die vraag: Is jy lief vir die Here? Beleef jy **Jesus as die een wat ons verhouding met God herstel** en vir ons 'n nuwe identiteit kom gee het?
2. Die jongmense se **bevestigende antwoord** op die formuliersvrae.
3. Die **persoonlike antwoord** van elke mens om God te bely.
4. Dit moet saam as medegelowiges **in die gemeente** gedoen word.
5. My gevoel is dat **alle elemente belangrik** is.
6. Die belydenis: "**Jesus is die Heer**!"

[36] Vanuit hierdie antwoorde het 'n 'teologie van belydenisaflegging' onder die respondent duidelik na vore gekom.


7. Die deelname van die aflegger / pelgrim. Dit kan ŉ "ja" of ŉ monoloog of 'n handeling wees, maar dis immers ŉ **handeling wat antwoord op God se handeling,** soos vervat in die doop.

Die respondente se aanduiding van die belangrikste element dui elkeen op ŉ unieke fokus van Clasen et al. (2010:125) se verduideliking van belydenisaflegging: "Om **voor die gemeente hardop te sê** wat jy in jou **hart glo**, naamlik dat **Jesus Christus Here is** en dat Hy jou **persoonlike Verlosser** is".

Hierdie antwoorde het vir die navorser elke respondent se beantwoording van die vraelys in konteks geplaas. Respondente 1, 2 3, 6 en 7 dui op die liturgiese aksie om te antwoord op die formuliersvrae en dus ŉ belydenis voor die gemeente te maak. Respondent 5 het geantwoord dat al die elemente belangrik is en dit is ook duidelik hoe die liturgiese ritueel verskillende stasies van die doop, nagmaal en uitsending behels. Respondent vier het geantwoord dat dit belangrik is om die liturgiese ritueel in die teenwoordigheid van die gemeente te doen, dus om voor die gemeente hul geloof te bely.

Vanuit hierdie antwoorde oor die belangrikste element, moet die navorser erken dat Vosloo (2016) se studie 'n waardevolle bydrae gemaak het in terme van hoe lidmate die liturgie van belydenisaflegging ervaar, maar dat daar 'n leemte was in terme van die 'openbare belydenis' wat daaraan verbonde is. Ja, die liturgiese ritueel is 'n oorgangsritueel en dit sal in die studie duidelik aangedui word. Dit is wel vir die navorser nodig om te vermeld dat die 'hardop antwoord' en belydenis tydens die liturgiese ritueel nie weggelaat kan word met die '*nuut dink oor belydenisaflegging in die NGK*' nie.

## 2.14 GEOGRAFIESE VERSPREIDING & KONTEKS




In die inleiding van hierdie hoofstuk is aangedui dat dit ŉ relatiewe klein empiriese studie is na aanleiding van die hoeveelheid respondente wat deelgeneem het. Die studie se doel was om kreatiewe voorstelle vanuit die NGK in te win en daarom was ŉ steekproef i.t.v. geografiese verspreiding nie die fokus nie, omdat die navorser nie die voorstelle wat sy wou inwin, tot ŉ sekere geografiese gebied beperk nie.

Die respondente wat aan die studie deelgeneem het, se kontekste verskil baie van mekaar. Daar was vier gemeentes wat hulle konteks as ŉ voorstedelike gemeente met meer as ŉ duisend lidmate, aangedui het. Daar was ŉ gemeente in die stad wat haarself as ŉ klein gemeente beskou, met minder as ŉ duisend lidmate. Verder was daar een plattelandse gemeente met minder as 500 lidmate.

Hierdie kontekste van die gemeentes het ook duidelik na vore gekom in die groottes van die belydenisgroepe. Die navorser wil ook die afleiding maak (vanuit die opsomming van die liturgiese aksie) dat die kleiner gemeentes meer tyd aan die liturgiese ritueel i.t.v. individualiteit kon gee en dat een van die respondente se gemeentes saam die nagmaal kon gebruik. Die navorser insinueer nie dat die ander respondente tydsgewys minder aan die liturgiese ritueel afgestaan het nie, maar gegewe die groottes van die belydenisgroepe, sou hulle dit anders moes beplan. Twee van die voorstedelike gemeentes bied drie geleenthede per jaar aan (wat dus meer

ruimte skep om te kies wanneer om belydenisaflegging te doen), wat bydra tot ŉ goeie oplossing vir die groot getalle van die groepe. Respondent vyf se wyse om al die leraars en nog ander liturgiese akteurs by die liturgiese ritueel te betrek, asook die stasies (doop, nagmaal en kers) waarby die jongmense verby kan beweeg, is ŉ moontlike voorstel vir ander groot groepe.

## 2.15 VOSLOO SE LITURGIESE PRAXISTEORIE

In hierdie afdeling is Vosloo (2016:149) se liturgiese praxisteorie, met haar verskeie roetemerkers vir belydenisaflegging, onder die verskillende elemente van Grimes (2014) opgesom en gegroepeer ten einde die evaluering en uitbreiding daarvan te vergemaklik. Die navorser evalueer die liturgiese voorstelle gesamentlik, juis omdat sy meer wil fokus op ŉ waarderende benadering om gevolglik haar liturgiese praxisteorie na aanleiding van die respondente se respons, uit te brei en aan te pas.

### 2.15.1 Liturgiese aksie

1. Daar is ŉ gesonde balans tussen die kognitiewe en affektiewe.
2. Die verhouding tussen die sakramente en belydenisaflegging kom duidelik na vore.
3. Daar is ŉ doopherinnering
4. Nagmaal word gevier
5. Die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* kan goedskiks eers by die hart en liggaam begin, voordat dit na die rasionele aard daarvan oorbeweeg.

**EVALUERING**

Al die respondente het die doop gevier en slegs drie respondente het nagmaal gevier. Die navorser sal dus meen dat daar voorstelle benodig word oor die wyse waarop die nagmaal tydens die belydenisaflegging gevier kan word, hetsy dit is om dit saam te vier of om simbolies iets van die Nagmaalstafel tydens die liturgiese ritueel te doen.

Respondent drie het die hele gemeente gedurende op ŉ besondere wyse betrek. Verder het die jongmense die liturg gehelp om aspekte van die diens te beplan en dit sou definitief ŉ impak op die balans tussen affektiewe en kognitiewe ervarings gehad het.

Die respondente se aanduiding dat die geloofsbelydenis hardop as gemeente saam gedoen word, dui vir die navorser daarop dat dit as deel van die liturgiese ritueel, *belydenisaflegging* beskou word, en nie ŉ afsonderlike element van die liturgie is nie.

Musiek word verskeie kere genoem en daarom blyk dit of musiek ŉ groot bydrae kan maak in die affektiewe ervaring van die liturgiese ritueel.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Respondent twee handel die formulier en vrae af voordat die jongmense die liturgiese ruimte betree, dus kan die liturgiese ritueel tog op ŉ sinvolle wyse met die rasionele aard daarvan begin.

Die gebruik van kerse en ligte wat tydens die aanddiens afgeskakel word, dui op ŉ simboliese handeling wat onderskat is in die liturgiese praxisteorie van Vosloo (2016:149-151). ŉ Verdere leemte in die liturgiese praxisteorie is die geloofsbelydenis wat die gemeente hardop saam kan bely en die waarde wat musiek tot die liturgiese ritueel voeg.

### 2.15.2 Liturgiese akteurs

1. Ouderdom is ongeveer graad 11 en 12, maar na ouderdom van 16 bereik is (ŉ oorgangs- en liminale fase waarin jongpelgrims hulself bevind, word in ag geneem).
2. God is beide die objek en subjek in die erediens, en so ook dié liturgiese ritueel. Daar is ŉ ruimte geskep om God in die liturgie te 'herontdek'.
3. Spiritualiteitstipes van die jongpelgrims word in ag geneem.
4. ŉ Responsoriese verbintenis kan deur die gemeente en die jongpelgrims gemaak word.
5. Die gemeente moet ook liggaamlik by die liturgiese ritueel betrek word.
6. Sintuiglikheid is belangrik.

**EVALUERING**

Die respondente het aangedui dat die gemeente as liturgiese akteur betrokke is by die belydenisaflegging. Die ouderdom of lewensfase waarin belydenisaflegging gedoen moet word, word as navorsingsprobleem van hierdie studie bevestig.

Respondent drie se wyse waarop hy of sy die jongmense betrek het by die beplanning van die erediens, is ŉ besondere wyse om die spiritualiteitstipes van die jongmense in ag te neem, juis omdat hulle ŉ inset kan lewer. Ander respondente het aangedui dat hulle die jongmense daarvan bewus gemaak het dat indien hul tydens die belydenisaflegging iets anders of unieks wou doen, kon hulle.

Die sintuiglikheid van die voorstelle was baie goed en die enigste kritiek wat die navorser kan lewer, is in terme van die reuk- en proe-sintuig wat die minste gestimuleer is. Dit kan opgelos word deur saam nagmaal te vier.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Vanuit die respondente se voorstelle is dit duidelik dat die praxisteorie te min aandag gegee het aan die betekenisvolle persone in die lewe van die jongmense, want hierdie persone as liturgiese akteurs kan ŉ waardevolle, simboliese bydrae tot die liturgiese ritueel voeg.

### 2.15.3 Liturgiese ruimte

1. Daar word moeite gedoen met die estetika van die liturgiese ruimte.
2. Dit is ŉ liggaamlike liturgie en die beweging in die liturgiese ruimte getuig daarvan.

**EVALUERING**

Slegs een respondent verwys na die estetika van die liturgiese ruimte en ŉ ander respondent verduidelik hoe die ruimte volgens verskillende stasies ingerig is. Die navorser moet wel erken dat sy nie spesifiek gevra het of die liturgiese ruimte spesiale aandag vir die geleentheid ontvang het nie. Vanuit die moeite met die kerse, liturgiese voorwerpe, ens. wil dit vir die navorser voorkom of estetika wel in ag geneem is.

Die voorstelle getuig van liggaamlike liturgieë ten opsigte van die posisie en beweging van die jongmense tydens die liturgiese ritueel. Respondente een, twee en sewe brei ook die liturgiese ruimte uit deur die jongmense tussen die gemeente te laat staan, die bakke water vir die voete was, op verskillende plekke in die kerk neer te sit en om gesamentlik met die gemeentelede by die gebou uit te stap.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Die liturgiese praxisteorie kan definitief uitgebrei word om die moontlikhede of voorstelle van verskillende posisies, simboliese bewegings en die uitbreiding van die liturgiese ruimte om die hele kerkgebou in te sluit (soos wat respondente een, twee en sewe gedoen het), te vervat.

### 2.15.4 Liturgiese tyd

1. Belydenisaflegging word liturgies-histories ná die Woordverkondiging geplaas;
2. Die Algemene Sinode versoek dat dit meer as een keer per jaar aangebied word.

**EVALUERING**

Die meerderheid gemeentes bied die liturgiese ritueel slegs een keer 'n jaar aan en verduidelik dat dit oor die eenheid van die belydenisgroep gaan. Verder het net een respondent aangedui dat die belydenisaflegging voor die Woordverkondiging gedoen word en dit sluit aan by die liturgies-historiese voorstel om dit daar te plaas. Twee respondente het spesiale Sondae gekies om die belydenisaflegging te doen, naamlik 'n Doopsondag en ook Paasfees.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Hierdie is die kategorie in die praxisteorie wat die meeste aandag benodig. Liturgies gesproke kan die belydenisaflegging geplaas word by die toetrede of die Nagmaalstafel, solank as wat dit teologies verduidelik word. Verder kan die praxisteorie uitgebrei word om gemeentes te help om te besluit of hul die belydenisgroep op een Sondag saam belydenisaflegging wil laat doen en of daar meer geleenthede gegee kan word.

> Die navorser hou baie van die voorstel om by elke tipe erediens van 'n gemeente belydenisaflegging te doen en om ook meer geleenthede vir die jongmense te gee om te kies en aan te meld wanneer hulle gereed voel. Die vraag gaan dus oor individualiteit of groep i.t.v. die belydenisaflegging.

### 2.15.5 Liturgiese voorwerpe

1. doopherinnering, dus water en doopvont wat belangrik is
2. die Nagmaal word gevier tydens die liturgiese ritueel
3. liturgiese voorwerpe of estetika word nie bygevoeg sonder ŉ diepgaande teologiese refleksie daarvan nie.

**EVALUERING**

Die voorwerpe wat gebruik is, blyk simboliese waarde te hê. Daar was teologiese refleksie ten opsigte van die keuse van watter voorwerpe om te gebruik en om te gee.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Die praxisteorie kan uitgebrei word om ŉ liturgiese voorwerp vir die jongmense te gee as herinnering tot hul belydenisaflegging. Al die respondente in hierdie studie het ŉ liturgiese voorwerp vir die jongmense gegee.

### 2.15.6 Liturgiese taal

1. Die navorser verkies die term *verbintenis* in die plek van *belydenisaflegging*.
2. Klem word geplaas op die dooplidmaat wat reeds ŉ volwaardige lidmaat is en dus is terme soos geloofsreis, jongpelgrim, ens., meer van pas as dooplidmaat en kandidaat.
3. ‘n Koninkryksbegrip kom duidelik na vore in die taal wat gebruik word, veral ten opsigte van die herformulering van formuliere.
4. ‘n Herformulering van die formulier kan goedskiks begin met ŉ liefde en verbintenis tot Christus
5. In ‘n herformulering van die formulier moet die taal aangepas word om eenvoudiger te wees.
6. Die taal van die formulier moet verbeeldingryk wees en mense aan die hart gryp.
7. Die fokus in die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* moet nie net rasioneel van aard wees nie, maar eerder getuig van ŉ en-en benadering tot die kognitiewe en affektiewe (onder andere die formuliersvrae).
8. Stiltes moet effektief en betekenisvol aangebied word.

**EVALUERING**

Die navorser hou baie van respondent twee en ses se voorstelle om nie net 'ja' op die formuliersvrae te antwoord nie. Verder het net een respondent aangedui dat stiltes effektief gebruik is en dit is ŉ leemte by die respondente se voorstelle. Musiek is aangedui deur die respondente as ŉ belangrike element tot die belydenisaflegging en elke respondent het volgens sy of haar eie konteks van musiek gebruik gemaak.

Die terme wat gebruik word om na die jongmense te verwys bly problematies. Terme soos kandidaat, katkisant en aflegger is in die respondente se vrae gebruik. ŉ Nuwe term(e) moet indringend begin gebruik word. Vosloo (2016) stel voor dat die term jongpelgrim gebruik word om te verwys na die jongmense wat belydenisaflegging doen, vanweë die teologiese verstaan van die geloofsreis waaraan hulle reeds vanaf hul doop begin stap het. Respondent een, twee en sewe verwys ook van tyd tot tyd in hul antwoorde na die belydenisaflegging as ŉ verbintenis of om ŉ verbintenis te maak.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Die leemte in terme van Vosloo (2016:149-151) se voorstelle vir die herformulering, is reeds bespreek. Musiek moet as gevolg van die respondente se aanduiding dat dit ŉ waardevolle bydrae maak, by die liturgiese praxisteorie gevoeg word. Multi-media is soms gebruik. Die praxisteorie kan dalk uitgebrei word om te sê dat multi-media wat bydra tot die betekenis van die liturgiese ritueel bv. effektiewe stiltes, gebruik kan word sonder om dit op so 'n wyse te doen dat ander belangrike elemente benadeel word.

### 2.15.7 Liturgiese groep

Liggaamlikheid in terme van die hele gemeente is belangrik, m.a.w. die gemeente word in die liturgie betrek.

**EVALUERING**

Al die respondente het die gemeentes by die liturgiese ritueel betrek. Die meerderheid het dit gedoen deur saam hulle geloof te bely. In ander gemeentes, tydens die uitsending van die liturgie, het die gemeente óf saam met die jongmense uitgestap, óf die jongmense met kerse tussen die gemeentelede laat staan. Kerse as simbool van ligdraers is ook aangesteek.

**LEEMTE IN PRAXISTEORIE**

Hierdie kategorie in Vosloo (2016) se praxisteorie het ook leemtes en dit kom duidelik in die studie na vore deur die roetemerkers wat sy voorgestel het by Grimes (2014) se kategorieë. Die leemte by die afdeling is die klem wat die respondente op die eenheid van die belydenisafleggingsgroep gelê het. Die liturgiese voorstelle vanuit hierdie empiriese studie het dit reggekry om ŉ balans te vind tussen die eenheid en liturgiese handelinge van die groep, asook die individualiteit van elke jongpelgrim wat op die vrae moet antwoord.

Verder het respondent ses voorgestel dat die jongmense en gemeente gesamentlik ŉ verbintenis teenoor mekaar maak om mekaar te ondersteun. Die navorser sal hierdie voorstel ook by die praxisteorie voeg.

## 2.16 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die deskriptiewe en interpretatiewe take van Osmer (2008:8) beantwoord deur die liturgiese ritueel, belydenisaflegging, in die NGK te bestudeer. Dit is gedoen deur sewe respondente se kreatiewe voorstelle, herformulering van die formulier vir belydenisaflegging, asook unieke insigte oor hoe hulle die belydenisaflegging inrig, te bestudeer.

Die voorstelle is vanuit ŉ waarderende benadering bestudeer en Vosloo (2016) se liturgiese praxisteorie is gebruik om die unieke bydraes in ŉ mate te evalueer. Vosloo (2016:149-151) se liturgiese praxisteorie is ook in die proses herbesin en aangepas.

In die volgende hoofstukke gaan die interpretatiewe taak verder uitgebrei word, asook die normatiewe taak van Osmer (2008:8) wat in hoofstuk vyf bestudeer word. In die finale hoofstuk van die studie sal die navorser die gevolgtrekking van die studie aanbied, asook ŉ liturgiese praxisteorie en ŉ voorstel vir die herformulering van die formulier vir belydenisaflegging.

# HOOFSTUK 3

## 3. ʼn SIELKUNDIGE & ANTROPOLOGIESE PEILING: ADOLESSENSIE OF ONTLUIKENDE VOLWASSENHEID

### 3.1 INLEIDING

Ek is nie wat ek behoort te wees nie,
Ek is nie wat ek gaan wees nie,
Maar ek is nie wat ek was nie.

(Erik Erikson)

Erikson se akkurate beskrywing van identiteitsverwarring (Louw, Louw en Ferns 2007:310) is in die kol wanneer dit by die bestudering van beide adolessente en ontluikende volwassenes kom.

Hierdie hoofstuk vorm deel van Osmer (2008:4) se tweede taak, die interpretatiewe taak, naamlik "Waarom gaan dit aan?" Die fokus van hierdie hoofstuk is die navorsingsvraag oor die onsekerheid omtrent die gepaste ouderdom, oftewel oorgangsfase vir belydenisaflegging. Vanuit die empiriese studie, hoofstuk 2, is dit duidelik dat leraars van mekaar verskil oor die aangewese ouderdom vir belydenisaflegging. Vosloo (2016:72) dui aan dat daar reeds in die 1962-sinode versoek is dat die ouderdom vir belydenisaflegging na 18 jaar verhoog moet word, weens die nuwe uitdagings in die lewe ná skool. Die versoek om oor die ouderdom van belydenisaflegging te besin is verskeie kere op die Algemene Sinode bespreek. Dit blyk ʼn vraag te wees wat deur die dekades herhaaldelik voorkom en gereeld weer terugkeer.[37]

Die navorser is van mening dat die onsekerheid aangaande die gepaste ouderdom, of dalk eerder oorgangsfase vir belydenisaflegging gedeeltelik benader en beantwoord kan word deur ʼn Ontwikkelingsielkundige peiling. Passer et al. (2009:529) meen dat Ontwikkelingsielkunde se doel tweeledig is: eerstens om die biologiese, fisiese, psigologiese en gedragsveranderinge wat met die ontwikkeling van die mens

[37] Vergelyk Vosloo (2016:72) vir ʻn indieptebespreking van die geskiedenis oor hierdie vraag na die aangewese ouderdom.

voorkom, te bestudeer. Tweedens word die vraag oor wat die dryfkrag of oorsake van die veranderinge is, gevra. Hierdie verduideliking van Passer et al, tesame met Avenant (2011:71) se verduideliking dat geloofsontwikkeling vanuit sielkundige perspektiewe juis "Gods design of people" in ag neem, is vir die navorser 'n goeie motivering om juis met hierdie sielkundige peiling in die studie te begin.

Arnette (2010:xiii) verduidelik dat 'n beduidende hoeveelheid teorie en navorsing, wat die basis van die kulturele verstaan van adolessensie (en dus ook ontluikende volwassenheid) vorm, vanuit die antropologie ontstaan het. Dus is 'n antropologiese benadering ook belangrik in hierdie peiling. Hy verduidelik dat wanneer dit by die kulturele ontstaan, asook die verstaan van hierdie lewensfases kom, kan antropologie nie anders as om 'n gespreksgenoot te wees nie. Daarom is die benaming van die spesifieke peiling in die hoofstuk "'n sielkundige en antropologiese peiling'. Hierdie hoofstuk poog om Osmer se interpretatiewe taak, naamlik "Waarom gaan dit aan?" te benader vanuit beide hierdie vakgebiede.

Daarom sal daar ook gefokus word op die identiteitsvorming, asook in 'n mate op die geloofsvorming wat spesifiek van toepassing is op adolessente en ontluikende volwassenheid. Verder is die lewensoorgange wat hier ter sprake is, van belang. Verskeie werke van Arnette, asook die insiggewende werke van Piaget, Erikson, Marcia en Kohlberg sal in hierdie hoofstuk bespreek word. Die ontwikkeling van geloofsidentiteit en -vorming, soos wat Fowler (1981) dit beskryf vir hierdie fases, sal ook bespreek word.

## 3.2 **TUSSEN DIE BOOM EN DIE BAS**

### 3.2.1 **Adolessensie**

Wat is adolessensie? Louw et al. (2007:278) beskryf dit as die oorgangstydperk tussen die kinderjare en volwassenheid. Hulle gebruik die metafoor van 'n brug, oftewel ontwikkelingsbrug, om die oorgang tussen kindwees en volwassewording te beskryf.

Hoe word adolessensie gedefinieer en wat is die ouderdom van 'n adolessent? Louw et al. (2007:279) verduidelik dat biologiese en sosio-kulturele faktore en natuurlik ook

individuele verskille ’n invloed op die ouderdom waarop adolessensie ontstaan en oorgaan tot volwassenheid, het. Dit begin vanaf 11 tot 13 jaar, terwyl dit eindig tussen 17 en 21 jaar. Daarom stel Louw et al. (2007:279) voor dat die adolessente-ontwikkelingstadium eerder op grond van spesifieke fisiese en sielkundige ontwikkelingskenmerke, asook sosio-kulturele norme afgebaken word. Hulle verduidelik adolessensie verder as ’n ontwikkelingstadium wat in die biologie begin en in die samelewing tot einde kom - wanneer ’n persoon aan die samelewing se norme en verwagtinge in terme van volwassenheid, naamlik onafhanklikheid, selfstandigheid en die vervulling van volwasse rolle, voldoen.

Louw et al. (2007:279) plaas wel klem daarop dat dit nie maklik is om adolessensie af te baken nie, juis omdat die kenmerke nie so eenvoudig definieerbaar is nie. Dit is verder insiggewend dat hulle spesifiek noem dat adolessensie nie altyd as ’n afsonderlike tydperk in die mens se lewe beskou was nie. Adolessensie is eers as afsonderlike tydperk vanaf die 19de eeu beskou toe meeste formele skoolopleiding en kinderregte in die Westerse wêreld ontstaan het - vandaar die ontstaan van ’n oorgangsfase tussen kindwees en volwassene.[38]

Osmer (1996:7) dui ook die uniekheid en nuutheid van adolessensie aan en lig dit uit dat alhoewel ons vandag dit nie as ’n nuwe verskynsel beskou nie, moet ons besef hoe belangrik, histories gesproke, hierdie lewensfase is.Tydens die 19de eeu, verduidelik Avenant (2011:81), was iemand in die Joodse tradisies tussen die ouderdomme van 12 tot 14 jaar reeds as ’n volwassene gesien. Die seuns het op die ouderdom van 13 en die dogters op 12 ’n oorgangsritueel gehad. Die seuns het op 13 (plus een dag) en dogters op 12 (plus een dag) deur die *bar mitzvah* en *bat-misvah*-rituele gegaan. Vanaf dié ritueel was hul verantwoordelik vir hulself en kon hul ook trou.

Osmer (1996:9) beskryf adolessensie na aanleiding van twee terme: *individualisering* en *identiteitsvorming*. Individualisering beskryf die adolessent *sosiologies* en identiteitsvorming *psigologies* (of anders gestel, *sielkundig*). Osmer (1996:6) wys ook tereg daarop dat die samelewing al hoe meer van individue verwag sonder om die

[38] Louw et al. (2007:279) noem dat die meeste lande nou *adolessensie* as term en lewensfase erken.

nodige ondersteuning te bied. Daarom wys Osmer sy lesers daarop dat adolessensie meer is as net ’n sosiale rol, maar ook ’n sielkundige proses is wat hy, na aanleiding van Erikson se werk, *identiteitsvorming* noem.

Louw et al. (2007:307) verduidelik dat wanneer jong adolessente by die beplanning en besluitneming van daaglikse keuses kom, dikwels oorweldig word deur die hoeveelheid keuses of moontlikhede wat beskikbaar is. Hierdie *krisis* tydens besluitneming gebeur juis as gevolg van die kognitiewe ontwikkeling en die bewustheid van verskillende moontlikhede. Soms misluk die adolessente om tussen die alternatiewe moontlikhede te kies. [39]

Dit blyk wel of daar ’n nuwe term ontstaan het, naamlik *ontluikende volwassenheid*, soos Arnette daarna verwys. Is dit dalk die laat adolessensie waarna daar volgens Smith en Snell in die literatuur verwys word (2009:6)? Of is dit ’n heeltemal nuwe fase wat vanuit ’n antropologiese peiling aangedui kan word? In die volgende afdeling bespreek die navorser kortliks hierdie lewensfase.

### 3.2.2 **Ontluikende Volwassenheid**

> “... the age of identity explorations, the age of instability, the self-focused age, the age of feeling inbetween, and the age of possibilities.”
>
> (Arnette 2010:xii)

Arnette[40] (2000:469) het die term *emerging adulthood* voorgestel as ’n nuwe konsep vir die ontwikkelingsperiode tussen die laat tienerfase en die twintigerjare, vanaf 18 - 25 jaar. Hierdie lewensfase, naamlik *ontluikende volwassenheid*, bestaan slegs in kulture waar jongmense ’n verlengde periode van onafhanklike rolverkenning het, soos Arnette (2000:469) beskryf.

---

[39] Daarom bevraagteken Louw et al. (2007:307) of adolessente in hierdie lewensfase, waarin belangrike besluite soos loopbaankeuses geneem moet word, regtig goeie besluite kan neem.
[40] Arnette is ‘n navorsingsprofessor in die Departement Sielkunde by die Clark Universiteit in Worcester, Massachusetts. Sy kennisgebied is veral risiko-gedrag, media-gebruik van adolessente en ’n wye verskeidenheid temas aangaande “emerging adulthood”. Hy is ook die redakteur van die *Journal of Adolescent Research* (Arnette 2010).

Navorsing getuig volgens Smith en Snell (2009:6) dat die oorgang na volwassenheid vandag meer kompleks en deurmekaar is as in die vorige dekades. Hierdie tree na volwassenheid sluit opleiding, eerste loopbaan, huwelik en ouerskap in, maar tog is daar vandag ŉ vryheid om te eksperimenteer en te leer. Daarom is daar ŉ verlengde periode voor jongmense hierdie 'tree' neem. Mense verwys na hierdie lewensfase as *verlengde adolessensie*, *jeug*, *twixter jare, jong volwassenheid*', *twenty-somethings en emerging adulthood* (Smith en Snell 2009:6).

Arnette meen dat eerder as om hierdie *ontluikende volwassenheid* te beskou as die laaste gedeelte van adolessensie en die vroeë stadium van volwassenheid, is hierdie fase baie meer uniek en moet dus as ŉ nuwe én unieke lewensfase gesien word (Smith en Snell 2009:6).

Wat eie en uniek is aan hierdie fase, verduidelik Smith en Snell (2009:34), is dat daar ŉ konstante tema of eerder herhaaldelike tema van lewensoorgange is. Arnette (2000:477) se argument vir die term *emerging adulthood* is juis as gevolg van die vloeibaarheid, dinamiese en veranderlike kwaliteite van hierdie fase. Arnette (2000:477) is daarvan oortuig dat die term *jong volwassenheid* beter pas by die dertigerjare, aangesien individue van hierdie ouderdom steeds jonk is, maar definitief op ŉ wyse volwasse is, wat 18 – 25-jariges nog nie is nie. (Smith en Snell 2009:6).

Hierdie fase, *ontluikende volwassenheid*, vind meestal in geïndustrialiseerde lande, waar jongmense ŉ sekere vlak van onderrig en opleiding ontvang, plaas.[41] Dit is volgens Arnette vir meeste jongmense ŉ tydperk van baie veranderinge en moontlikhede op die gebied van liefde, werk en wêreldbeskouings (2000:469). Aan die einde van die ontluikende volwassenheidsperiode het meeste individue reeds hul belangrike lewenskeuses gemaak.

Van die belangrikste verskuiwings wat met hierdie nuwe lewensfase na vore gekom het, is dat huwelike en ouerskap uitgestel word tot die middel- of selfs laat

[41] Vergelyk Arnette (2000:469) verduidelik dat ontluikende volwassenheid, nes adolessensie, 'n kulturele verskynsel is en dus nie universeel van toepassing is nie. Tog argumenteer die navorser dat die konteks van jongmense in Suid-Afrika, veral wit Afrikaans-sprekende jongmense en dus ook die meeste NGK-lidmate, by hierdie beskrywing van *ontluikende volwassenheid* pas.

twintigerjare[42]. Arnette (2000:469) dui aan dat die laat tienerfase en vroeë twintiger jare nie meer ŉ fase is waarin individue langtermyn volwasse rolle inneem nie. *Ontluikende volwassenheid* is ŉ fase waar daar redelike onafhanklikheid is van sosiale rolle en die normatiewe verwagtinge van ander. (Arnette 2000:469). Die afhanklikheid van kindskap is agtergelaat, maar die verantwoordelikheid van volwassenheid is nog nie heeltemal betree nie.

Arnette (2000:469) verwys na Erikson se bydrae in die verstaan van die menslike ontwikkeling en hy noem dat Erikson nie eintlik spesifieke ouderdomme in sy werk genoem het nie. Dus het Erikson nie na ŉ fase tussen adolessensie en jong volwassenheid verwys nie, maar tog het hy na ŉ verlengde adolessensie in 'n geïndustrialiseerde samelewings verwys. Erikson (Arnette 2000:469) het ook verwys na die moratorium wat aan jongmense in die samelewings gegun word. Arnette (2000:469) meen dus dat Erikson sonder om dit te benoem, tog na ŉ periode verwys het wat in ŉ sekere sin adolessensie is en ook jong volwassenheid, en tog nie een van die twee nie. Dit is ŉ fase, verduidelik Arnette, waar die rolverkenning wat in adolessensie begin het, juis kan vermeerder.[43]


Ontluikende volwassenheid is ŉ liminale fase van onsekerheid. Arnette beskryf dit soos volg: "Emerging adults do not see themselves as adolescents, but many of them do not see themselves entirely as adults" (2000:470). Wanneer ontluikende volwassenes gevra word of hul reeds volwassenheid bereik het, het ŉ beduidende meerderheid Amerikaners in Arnette (2000:470) se studie aangedui dat dit nie ŉ 'nee' of ŉ 'ja' is nie, maar wel beide ŉ 'ja' en ŉ 'nee' (gelyktydig) ten opsigte van sekere areas. Arnette (2000:470) verduidelik dat 'n *ontluikende volwassene a*dolessensie verlaat het en tog nog nie heeltemal jong volwassenheid betree het nie.[44] Hierdie lewensfases sou waarskynlik soos volg uitgebeeld kon word:

---

[42] Vergelyk Arnette (2010:80) meen dat jongmense gereeld misverstaan en as selfsugtig beskou word omdat hulle 'volwasse rolle' heelwat later as vorige generasie wil betree. Arnette is van mening dat dit nie ŉ generasieverskynsel is nie, maar waarskynlik ŉ permanente, nuwe lewensfase.

[43] Vergelyk Smith en Snell (2009) dui die volgende unieke temas in ontluikende volwassenheid aan: *intense identiteitsoeke, onstabiliteit, selfgesentreerdheid, gevoel van limbo of tussen-in of oorgang, gevoel van moontlikhede of geleenthede en hoop*.

[44] Avenant (2011:81) verwys na Nel wat verduidelik dat die Romeinse Ryk na pubertyd en volwassenheid verwys het as 'die een wat groei'. Dit sluit baie nou aan by die navorser se beskrywing van en keuse van die term *ontluikende volwassenheid* soos in hoofstuk een verduidelik.




Figuur 1: Arnette se beskrywing van ontluikende volwassenheid.

Arnette beskryf jongmense se belewenis in dié fase soos volg:

> They have no name for the period they are in because the society they live in has no name for it. So they regard themselves as being neither adolescent nor adult but in between the two, but not really one or the other.
>
> (Arnette 2000:470)

Arnette (2000:474) beskryf die fokus van identiteitsontdekking tydens hierdie lewensfase in terme van liefde, werk en wêreldbeskouings. Tog verduidelik hy dat ontluikende volwassenes nie noodwendig van mening is dat ʼn loopbaan, huwelik of vaste verblyf kenmerke van jong volwassenheid is nie. Hulle verstaan van volwassenheid het te make met die volgende - om verantwoordelikheid vir jouself te aanvaar, om onafhanklike besluite te neem en om finansieel onafhanklik te wees (Arnette 2000:472-473).

Identiteitsvorming is volgens Arnette (2000:474) dus eerder om verskeie moontlikhede te probeer en geleidelik te beweeg om ʼn langtermyn keuse te maak. Dit is dus ʼn oorgang vanaf afhanklikheid na onafhanklikheid.

In die volgende afdeling sal die navorser die belangrike ontwikkelingsteorieë kortliks bespreek en spesifiek op die lewensfase van *adolessensie* en *ontluikende volwassenheid* fokus. Die is wel die navorser se mening dat ten einde hierdie ontwikkelingsteorieë te verstaan en te interpreteer, moet die volledige teorie in totaliteit bestudeer word.

## 3.3 **ONTWIKKELINGSTEORIEË**[45]

### 3.3.1 Piaget: Kognitiewe Ontwikkeling[46]

Louw wys tereg daarop dat die kognitiewe verandering,  net soos die liggaamlike verandering, tydens adolessensie dramaties van aard is: “Jongmense begin nie net om soos volwassenes te lyk nie, maar ook om soos hulle te dink” (Louw et al. 2007: 298).

Jean Piaget (1896-1890) was ŉ Switserse sielkundige, verduidelik Louw et al. (2007:301). Muller, Carpendale en Smith (2009:1)  noem dat Piaget wyd erken word vir sy werk in kindersielkunde. Piaget het geglo dat kinders vanself probeer sin maak van die wêreld deur soos ‘wetenskaplikes’ op te tree deur teorieë te vorm oor die fisiese en sosiale wêreld. Op die wyse probeer kinders sin maak van alles deur hierdie teorieë herhaaldelik te toets en te hersien, verduidelik Louw et al. (2007:301).

#### 3.3.1.1 ŉ Opsomming van Piaget se vier stadia vir kognitiewe ontwikkeling:

| **STADIUM** (Piaget 1950:133**)** | **ONGEVEER OUDERDOM** Passer et al. (2009:543) | **EIENSKAPPE** Piaget (1950:133-157),  Louw en Kail (2007:24) &  Passer et al. (2009:543). |
|---|---|---|
| Sensories-motories | Geboorte – 2 jaar | Piaget (1950:133) verwys na hierdie fase as ŉ “slow motion film”, waar die prentjie in opeenvolging gesien word, maar nie as ŉ geheelbeeld nie. Dus lei ŉ handeling vanuit sensories-motoriese intelligensie slegs tot praktiese bevrediging en gaan dit nie oor in kennis nie. Louw en Kail (2007:24) noem dat die kind besef dat tasbare voorwerpe kan bestaan, al is dit nie noodwendig in sig nie. ŉ Baba verstaan dus die wêreld deur sensoriese en motoriese ervaring. (Passer et al. 2009:543) |

[45] Alhoewel daar nie in die meeste van die volgende ontwikkelingsteorieë spesifiek na *ontluikende volwassenheid* verwys word nie, kan die bestudering van hierdie teorieë in totaliteit bydra tot hierdie peiling. Soos reeds genoem, is daar ook nie deur die teoretici rigiede ouderdomme voorgestel nie en vergemaklik dit die bespreking in terme van adolessensie en ontluikende volwassenheid.

[46] Marcia (1993:28)  meen dat  formele operasionele denke, soos deur Piaget uiteengesit is, nodig is vir die identiteitsvorming soos deur beide homself en Erikson beskryf is.  Kohlberg het ook definitief gebruik gemaak van Piaget se denke. Daarom spring ons met Piaget se Kognitiewe Ontwikkelingsteorie in hierdie afdeling weg.

| | | |
|---|---|---|
| Pre-operasionele denke | 2 – 6 jaar | Hierdie fase behels die ontwikkeling van simboliese en prekonsepsuele denke. Alhoewel hierdie fase intelligensie aanskou, en ook vinnig groei, verduidelik Piaget (1950:136), is dit steeds 'n pre-logiese fase. Intuïtiewe gedagtes is dus simboliese gedagtes en prekonsepsueel van aard, maar dit ontstaan direk en is amper in 'n mate 'n verlenging van die sensories-motoriese intelligensie (Piaget 1950:151). Animisme en egosentriese denke begin ook te vorm m.a.w. lewelose voorwerpe het gevoelens. Passer et al. 2009:543) verwys daarna as simboliese denke, en die kind kan ook die wêreld uit iemand ander se oogpunt beskou (Louw en Kail 2007:24). |
| Konkrete operasionele denke | 7 – 11 jaar | Piaget (1950:157) beskryf dié fase van konkrete operasionele denke as operasionele groeperinge, wat lei tot die volgende strukture: Eerstens lei dit tot die logiese operasionele denke om klasse bymekaar te pas, asook om assimetriese verhoudings en reekse te vorm. Logiese denke ontwikkel, maar dit word op konkrete voorwerpe toegepas (Louw en Kail 2007:24). Die kind verstaan konsepte van bewaring en kan begin om reekse te vorm (Passer et al. 2009:543) |
| Formele-operasionele denke | 12 jaar en ouer | Piaget (1950:163) noem dat denke in dié fase verby die teenwoordige tyd strek. Teorieë, abstrakte denke, hipotetiese redenasies en deduktiewe denke kan gevorm word (Louw en Kail 2007:24). Hierdie denke en hipoteses kan sistematies getoets word (Passer et al. 2009:543) en dus kan implikasies en teenstrydighede tussen opsies geweeg word. Verder is daar die moontlikheid om buigsaam te wees (Passer et al. 2009:543). |

Formele operasionele denke is die laaste fase van kognitiewe ontwikkeling en ontwikkel tot en met volwassenheid, verduidelik Louw et al. (2007:299). Die oorgang vanaf kind na adolessensie is die laaste groot oorgang en verandering wat in Piaget se teorie en navorsing uitgelig word, meen Moshman (2009:255). Piaget was van

mening dat adolessente tydens hierdie fase die vermoë ontwikkel om abstrak en wetenskaplik te begin dink. Adolessente kan dus aan moontlike gebeure begin dink, terwyl jonger kinders slegs aan werklike gebeurtenisse kan dink. Formele operasionele denke (Passer et al. 2009:546) begin rondom die ouderdom van 11 tot 12 jaar ontwikkel en vermeerder tydens die adolessente jare.

Piaget erken in ŉ sekere mate individuele verskille, volgens Louw et al. (2007:301), maar hy meen dat meeste mense deur die vier stadia van kognitiewe ontwikkeling tydens dieselfde fases of ouderdomme sal beweeg, juis omdat hulle dieselfde rypwordingsprosesse ondergaan. Muller, Carpendale en Smith (2009:7) dui aan dat daar tog misverstande[47] is oor Piaget se fases en struktuur in terme van die kognitiewe ontwikkeling. Piaget het self gesê: "Stages can be characterized in a given population chronologically, but that chronology is extremely cariable. Age is an indicator, but not a criterian of development level." Die fokus, verduidelik Muller, Carpendale en Smith (2009:7), was eerder op die volgorde waarin verskillende vorme van denke voorkom, asook die oorgange en nie die ouderdom nie.

### 3.3.2 Erikson: Identiteitskrisis

Erikson[48] is die mees invloedryke psigo-analitiese teoretikus in terme van persoonlikheidsontwikkeling vir adolessente, volgens Louw et al. (2007:309). Erikson (1950:247) noem die hoofstuk oor identiteitskrisisse in sy boek *Eight Ages of Man.* Hy noem in die hoofstuk ŉ lys van ego-kwaliteite wat ontstaan vanuit ŉ kritiese periode van ontwikkeling. Kriteria, waarvan identiteit een aspek van die kriteria is, demonstreer aan ŉ individu dat sy of haar ego, op ŉ gegewe stadium, sterk genoeg is om te integreer met die tydsverloop en struktuur van sosiale instellings.

Erikson se psigo-sosiale teorie veronderstel dat die ontwikkeling van ŉ persoon daartoe sal lei dat hy of sy deur verskillende stadia moet beweeg. Elke stadium het vir ŉ individu ŉ unieke krisis of uitdaging wat opgelos moet word (Louw en Kail 2007:20).

---

[47] Aan die einde van Piaget se loopbaan het hy wel die volgende gesê oor die ontvangs van sy werk, (Bringuier 1977 of 1980): 'I am pleased by it, of course. But it is pretty castastrophic when I see how I'm understood.'

[48] Erikson (1902-1994) was ŉ student van Freud en hy het Freud se konsep van onbewuste konflik, volgens Louw en Kail (2007:20), aanvaar, maar anders as Freud het Erikson die klem geplaas op die sielkundige en sosiale aspekte van konflik.

Van der Merwe (2013:25) dui aan dat daar twee teenoorgestelde pole binne die krisis bestaan. ŉ Krisis ontstaan as gevolg van ŉ spesifieke interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Die suksesvolle voltooiing van een fase, vergemaklik die hantering van die volgende fase se pole. Hy beskryf dit soos volg:

> Die krisis word nie opgelos deur eenvoudige keuse tussen twee pole nie, maar eerder ŉ sintese tussen die twee pole waardeur ŉ nuwe lewensituasie tot stand kom. Vanuit die nuwe sintese ontwikkel die volgende stadium se pole. (Van der Merwe 2013:26)

**3.3.2.1 Opsomming van Erikson se agt stadia van psigo-sosiale ontwikkeling:**

| **PSIGO-SOSIALE STADIUM**<br>Erikson (1950:247-268) | **OUDERDOM**<br><br>Erikson (1950:247) Louw et al. (2007:20), | **UITDAGING**<br><br>Louw et al. (2007:20),<br>Erikson (1950:247- 268) |
|---|---|---|
| Basiese vertroue vs. wantroue | Geboorte – 1 jaar | In dié fase is dit belangrik om ŉ gevoel te ontwikkel dat die wêreld ŉ veilige en goeie plek is (Louw et al. (2007:20).Erikson (1950:247) verduidelik dat ŉ baba se eerste sosiale sukses is om sy of haar ma uit sig te laat gaan sonder angstigheid of woede, want die ma het ŉ innerlike sekerheid geword, asook ŉ uiterlike voorspelling. |
| Outonomie vs. skaamte en twyfel | 1 – 3 jaar | In die fase besef ŉ mens dat hy of sy ŉ onafhanklike persoon is wat besluite kan neem (Louw et al. 2007:20).Erikson (1950:251) dui aan dat ŉ kind in dié stadium deur sy of haar omgewing aangemoedig word om op sy of haar eie 'voete te staan'. Tydens die stadium benodig ŉ kind goeie, begeleide ervarings van vrye keuse . |
| Inisiatief vs. skuld | 3 – 6 jaar | In dié stadium ontwikkel die kind die gewilligheid om nuwe dinge te probeer en mislukking te hanteer (Louw et al. 2007:20). Erikson (1950:255) beskryf dit as ŉ belangrike fase van beplanning en uitvoering van ŉ taak. Inisiatief, meen Erikson, is ŉ belangrike en noodsaaklike gedeelte van elke aksie. |

| | | |
|---|---|---|
| Arbeidsaamheid vs. minderwaardigheid | 6 jaar – Adolessensie | Om basiese vaardighede aan te leer en met ander saam te werk (Louw et al. 2007:20) is uiters belangrik in dié stadium. Erikson (1950:259) meen dat erkenning verkry word deur produsering, oftewel om iets te maak of te doen. Die gevaar is minderwaardigheid a.g.v. sy of haar onvoldoende 'gereedskap' en vaardighede tussen sy of haar 'vennote'. Dit kan tot gevolg hê dat identifikasie nie plaasvind nie. |
| Identiteit vs. rolverwarring. | Adolessensie | Om 'n blywende, geïntegreerde sin van die self te ontwikkel (Louw et al. 2007:20), is die ontwikkeling wat in die stadium gebeur, nodig. Erikson (1950:261) verduidelik dat dit wat adolessente in die oë van *ander* is, teenoor dit wat hulle *voel* hulle is, en die vrae van hoe dit konnekteer met die vorige rolle en vaardighede wat hul aangeleer het, is belangrik, aangesien rolverwarring tydens dié stadium 'n gevaar is. |
| Intimiteit vs. isolasie | Vroeë volwassenheid | Louw et al. (2007:20) verduidelik hierdie stadium as 'n stadium waar jy jou tot 'n ander persoon in 'n liefdevolle verhouding verbind. Erikson (1950:263) meen dat jongvolwassenes vanuit die soeke na identiteit gewillig is om die identiteit met ander te deel. Hulle is reg vir intimiteit, met ander woorde die vermoë om hulself te verbind aan konkrete vennootskappe en partye, asook die etiese vermoë om by die verbintenisse te hou, self al vra dit opoffering en kompromieë van elke persoon. |
| Generatiwiteit vs. stagnasie | Middel-volwassenheid | Erikson (1950:266) noem dat generatiwiteit die primêre doel is in terme van die begeleiding en bestaan van 'n volgende generasie. Om 'n bydrae tot die wêreld en veral die volgende generasie te maak (kinders grootmaak en vrywillige dienslewering), verduidelik Louw et al, (2007:20) is waardevolle groei in dié stadium. |
| Integriteit vs. wanhoop | Bejaardheid | Om jou sien jou lewe is bevredigend en die moeite werd (Louw et al. (2007:20), is 'n ontdekking wat tydens dié stadium gemaak |

| | | |
|---|---|---|
| | | kan word. Erikson (1950:268) beskryf 'n persoon wat hierdie stadium suksesvol deurgewerk het, as iemand wat ander mense en dinge versorg het, sowel as aangepas het by die mooi en hartseer van die lewe. Dit is verder iemand wat die rypheid van die sewe stadiums kan beleef. Dit is belangrik in die stadium, meen Erikson, om oortuig te wees van jou eie betekenis en orde. |

Erikson se teorie dui daarop dat die ontwikkeling van 'n identiteit die hoofkrisis tydens adolessensie is. Identiteit is volgens hom: "Die individu se bewustheid van hom of haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing" (Louw et al. 2007:309). Marcia beskryf identiteit as 'n persoon se idee of konsep van wie hy of sy is, dus hoe 'n mens jouself definieer. Verder noem Marcia dat hierdie tema, *identiteit*, 'n dominante tema in literatuur en sosiale wetenskappe is: "Almost everyone, it seems, has something to say – or says something – about identity" (Marcia 1993:3).

Identiteitsontwikkeling impliseer dat adolessente moet definieer wie hulle is, wys Louw et al. (2007:309) tereg uit. Dit sluit in om dit wat vir hulle belangrik is, asook die rigtings wat hulle in die lewe wil inslaan, te kan aandui. Erikson (1950:262) verduidelik dat die *krisis* of ontwrigting in adolessente se lewens in die meeste gevalle 'n onvermoë is om op 'n beroepsidentiteit te besluit. Om kop bo water te hou, begin adolessente om in 'n mate te oor-identifiseer tot 'n punt waar hul heeltemal hul identiteit verloor in groepe en helde. Erikson verduidelik dat hierdie later tot 'n fase van "falling in love" lei, wat nie primêr of selfs oorheersend seksueel van aard is nie.

Erikson verwys na hierdie identiteitsontwikkeling as 'n identiteitskrisis,[49] volgens Louw et al. (2007:309). Dit is 'n tydelike tydperk waar adolessente verward kan wees, en waar hulle bestaande waardes kan bevraagteken, verken en selfs met alternatiewe rolle eksperimenteer sodat hulle waardes en doelwitte kan ontwikkel. Hierdie fase van eksperimentering is nie per sé negatief nie (Louw et al. 2007:309).

[49] Die term *identiteitskrisis* kan impliseer dat hierdie soeke na 'n identiteit 'n traumatiese ervaring is. Dit is nie noodwendig die geval nie en baie adolessente beleef dit glad nie traumaties nie, inteendeel hulle beleef dit positief (Louw et al. 2007:311). Verder is dit nie so dat daar op 'n spesifieke, kritieke tydstip tydens adolessensie 'n identiteit gevorm moet wees nie. Louw et al. (2007:311) vermeld dat identiteitsontwikkeling 'n geleidelike, langdurige proses is wat eintlik deurgaans in 'n lewensiklus voorkom.

Verder verduidelik Erikson (1950:261) dat ŉ adolessent se brein in wese ŉ brein van moratorium is. Dit is ŉ psigologiese fase tussen kindwees en volwassenheid, asook ŉ tussen-in fase van moraliteit wat ŉ kind aangeleer het en die etiek wat volwassenes ontwikkel. Die samelewing gun eintlik ŉ tydperk (Erikson verwys na die tydperk as ŉ *psige-sosiale moratorium*) om hulself te vind en ook die rolle wat hul as toekomstige volwassenes probeer vind, verduidelik Louw et al. (2007:309). Dit is tydens die fase dat verskillende identiteite uitgetoets word, bv. beroepe, ideologieë, identifikasie met persone of selfs heldefigure.

Tydens jong volwassenheid en die psigologiese fase, naamlik intimiteit vs. isolasie, verduidelik Erikson (1950:263), is die teenpool van intimiteit om jouself te distansieer en selfs te isoleer. Hy verduidelik isolasie as die gereedheid om jouself te distansieer of te isoleer. Hierdie isolasie gebeur ook wanneer daar kragte of mense is wat blyk om ŉ gevaar in te hou vir jouself of selfs om intieme verhoudings te bedreig.

Kroger (2015:75) meet dat intimiteit die begeerte is om jouself aan ŉ verhouding te verbind. Hy verduidelik dat hierdie verbintenisse verskillende vorme kan aanneem, naamlik dieselfde- en teenoorgestelde geslag vriendskappe, liefde, vennootskappe, asook met jouself. Isolasie, verduidelik Kroger, kan ook die vorm aanneem om stereotipiese of hoogs formele verhoudings met ander mense te hê wat nie spontaan is nie.

Marcia (1993:5) beklemtoon dat die verhoudings in Erikson se fase *spesifieke krisisse* verkeerd verstaan word en dat Erikson verskeie kere dit duidelik gemaak het dat dit nie ŉ óf...óf benadering is nie, maar eerder ŉ oorheersende beweging van een karaktereienskap na ŉ ander een, veral gedurenede die pre-identiteitsfase. Die optimale uitkoms is ŉ kombinasie tussen die karaktereienskappe wat positief van aard is.

### 3.3.3 Arnette: Identiteitsontwikkeling

Arnette noem dat die konsep van adolessensie (identiteit versus rolverwarring) vanuit Erikson se teorie van ontwikkeling, die invloedrykste is. Tog lewer Arnette sterk kritiek[50] op Erikson se teorie:

> Erikson sought human universals, principles of psychology that would apply to all people in all cultures in all times. His lifespan theory was proposed as a universal stage theory, although he recognized the possibility of cultural variations. (Arnette 2015:53)

Erikson stel voor dat identiteit drie hoof areas het, naamlik liefde, werk en ideologie (Arnette 2015:54). Erikson het geglo dat die ontdekking van moontlikhede aan die einde van adolessensie, sal lei tot keuses in al drie dié areas. Die areas vorm eintlik die basis of struktuur van ŉ volwasse lewe. Dus sal dit beteken om ŉ huweliksmaat, ŉ stabiele werk en ‘n wêreldbeskouing te kies. Hierdie teorie neem dus aan dat adolessente universeel ŉ wye reeks van alternatiewe het om te verken en van te kies. Arnette (2015:58) meen dus dat identiteit volgens Erikson se teorie, nie ŉ bewustelike keuse is nie, maar eerder oor ŉ tydperk van vrye rolverkenning kan lei tot lewenslange keuses en verbintenisse.

Arnette (2015:55) verwys na van die vroegste samelewings waar daar nie ŉ verskeidenheid loopbane was om van te kies nie. Wat nog te sê van vroue wat ŉ keuse gehad het. Verder het jong mans gedoen wat hul pa’s gedoen het en vroue het iemand se vrou en ma geword. Deur ŉ kort geskiedenis aangaande hierdie onderwerp aan te bied, dui Arnette (2015:56) aan hoe modern Erikson se teorie van identiteit eintlik is:

> Erikson was describing the world as he found it in the mid-twentieth-century in European and American societies. The idea of an ‘identity crisis’ in adolescence was quickly embraced by scholars and in general public because, for people in these societies Erikson’s description matched what they witnessed in the young people around them. (Arnette 2015:56)

[50] ‘n Deel van Arnette (2015:54) se kritiek teenoor Erikson is dat Erikson selfs ‘n analise van Martin Luther gedoen het, wat impliseer dat hierdie lewensfases selfs van toepassing was op historiese eras. Erikson se navorsing kan nie universeel beskou word nie. Arnette (2015:54) meen verder dat die universele ambisies van die twintigste eeu teoretici buitensporig is en gebaseer word op klein gedeeltes van die mensdom. Hy verwys hier na Freud se hoë klas Jode in Vienna, Piaget se eie drie kinders, en Kohlberg se klein steekproef van seuns in Chicago. Alhoewel Arnette kritiek teenoor Erikson se teorie lewer, is dit belangrik om te noem dat Arnette (2015:54) Erikson se identiteitskrisis-teorie beskou as ŉ inspirasie vir ander navorsing.

Erikson se teorie dien dus as ŉ produktiewe en goeie verwysingsraamwerk om adolessente in ontwikkelde lande te verstaan, maar dit kan nie as universeel aangebied word nie (Arnette 2015:56). Adolessente se identiteitsontwikkeling is ŉ moderne idee, gepas vir die moderne wêreld,[51] maar nie universeel in terme van menslike ontwikkeling nie. In ons tyd is dit ook beperk in die toepassing daarvan buite die Westerse samelewings.[52]

Arnette (2015:61) vra of identiteit ŉ sentrale krisis van adolessensie is? Selfs al neem ŉ mens net ontwikkelende lande soos Europa en Amerika in ag? Is dit so dat adolessente van hierdie lande ŉ groter identiteitskrisis beleef as tydens ander fases van hul lewe?

Hierdie vraag het alles te make met hoe ŉ mens die ouderdomme van adolessente definieer, verduidelik Arnette (2015:61). Erikson, noem hy, het nooit ŉ ouderdom vir adolessensie, oftewel enige ander lewensfase, gegee nie. Kroger (2015:65) beklemtoon dat identiteit nie staties is of selfs vaskou aan aanvanklike keuses wat gemaak is nie. Veranderde lewensomstandighede, biologiese- en psigologiese behoeftes sal identiteitsontwikkeling deurgaans in ŉ volwasse persoon se lewe beïnvloed. Kroger (2015:66) bevestig dit deur te beklemtoon dat identiteitsvorming nie begin of eindig tydens adolessensie nie. Identiteitskrisisse, noem Kroger (2015:70), sal selfs terugkeer tydens bejaardheid, waar ŉ persoon ŉ laaste kans gegun word om deur identiteitskrisisse te werk.

[51] Arnette (2015:58) bespreek globalisasie en die invloed daarvan op identiteitsontwikkeling. Hy verwys onder andere na versteliking, waar mense, veral ontluikende volwassenes, na die stad verhuis. Hulle word dan blootgestel aan ŉ verskeidenheid kulturele oortuigings en gedrag. Hierdie verstedeliking en globalisasie het ŉ groot invloed op die verandering van gedrag, oortuigings, waarders en dit waarmee iemand hulself identifiseer. *Bicultural* (Arnette 2015:59) vind veral plaas waar jongmense hul identiteit met hul kultuur, oftewel oorsprong behou, maar ook aanpas by die globale kultuur. Vergelyk ook Osmer, R, Kreany C.D (eds.) 2007. 'Youth, Religion and Globalization: A new research in practical theology', *A new research in Practical Theology,* Vol 3. Transaction Publishers: New Brunswick and London. vir ŉ breër bespreking van globalisasie en die invloed daarvan op jongmense.

[52] Dit is interessant dat McAdams & Zapata-Gietl (2015:91) spesifiek noem dat kultuur ŉ beduidende rol speel in besluitneming en ontwikkeling van mense. Amerikaners, byvoorbeeld, het ŉ individualistiese geheue en ervaring van gebeure. Hul fokus op hul eie rolle en emosies. Chinese het daarteenoor ŉ kollektiewe geheue wat sosiale en geskiedkundige gebeure insluit. Kultuur gee dus ŉ meester narratief van wat ŉ goeie en waardige lewe behels en dus beïnvloed dit keuses en ontwikkeling.

Kunnen & Metz (2015:116) meen dat aktiewe identiteitsvorming tydens adolessensie begin. Kunnen & Metz dui aan dat adolessente met hul nuwe fisiese sowel as seksuele ontwikkeling, deur hul kognitiewe vaardighede aangemoedig word om in ŉ mate meer onafhanklik te word. Adolessente begin dus hul eie identiteit vorm deur aktief keuses te maak, vroeër identiteite in die lig van nuwe belangstellings en waardes van die samelewing te evalueer en op die wyse ŉ identiteit te kies en te vorm.

Selfs Erikson het gesê dat identiteit nooit verkry of vir ewig behou word nie (Arnette 2015:61). Dit word geleidelik en deurgaans verloor en teruggekry. Dus word daar meer navorsing benodig in terme van identiteitsontwikkeling, verduidelik Arnette (2015:61), wat fokus op die identiteitsontwikkeling wat deurgaans in ŉ persoon se lewe, maar spesifiek tydens ontluikende volwassenheid plaasvind.

### 3.3.4 Marcia: Identiteitskonstruksie

Erikson se teorie is deur James Marcia uitgebrei na sekere identiteitstatusse, noem Louw et al. (2007:311). Marcia onderskei verskillende identiteitstatusse[53] oftewel wyses hoe die identiteitskrisis in adolessensie opgelos kan word.

Marcia (1993:7) beskryf identiteitsvorming (na aanleiding van Erikson se invloed) as die "silent doings of ego synthesis" wat in ŉ gemiddelde, verwagte omgewing gebeur. Identiteitsvorming is anders as die konstruksie van ŉ identiteit. Meeste mense, meen Erikson (1993:7), het dus ŉ identiteit, tog het net sommige mense ŉ self-konstrueerde identiteit gebaseer op ŉ besluitnemingsproses van ŉ gegewe of spesifieke identiteit.

Indentiteitskonstruksie, verduidelik Marcia (1993:7), het te make met die individu wat begin om self besluite te neem oor wie hy of sy is, met watter groep hy of sy geaffilieer wil word, watter geloof om aan te neem, asook interpersoonlike waardes en loopbaankeuses. Marcia (1993:7) verduidelik dat ŉ identiteit ontstaan vanuit introspeksie en dat dit lei tot ŉ ontdekking van wie jy reeds is.[54]

---

[53] Arnette (2015:60) se kritiek teen Marcia se gebruik van vraelyste in sy navorsing is dat dit nie aan die kompleksiteit van identiteit genoegsame aandag gee nie. Marcia het self genoem (Arnette 2015:60) dat die geslote vrae vanuit die vraelyste, gebaseer op sy model, nie die geleentheid geskep het om die diepte en opregtheid van mense se verbintenisse te toets nie.

[54] Hierdie sluit ten nouste aan by Osmer (1996:170) beskrywing van identiteitsontwikkeling vanuit ŉ teologiese perspektief: "*choosing to become who you already are*".

Hardy et al. (2010:1) beskou Erikson se idees aangaande identiteit as rigtinggewend, maar te kompleks. Hulle verkies dus Marcia se model van identiteitstatus wat Erikson se idees meer bruikbaar maak vir empiriese studies. Twee belangrike aspekte van Erikson se identiteitsvorming is ter sake, naamlik ontdekking en verbintenisse.

#### 3.3.4.1 ’n Opsomming van hoe Marcia identiteitstatusse onderskei:

| **IDENTITEITSTATUS**<br>Marcia (1933:8) | **BESKRYWING**<br>Louw et al. (2007:20),<br>Marcia (1933:8-9) & Marcia (2002:7-28) |
|---|---|
| Status 1:<br>Identiteitsbereiking | Individue is **deur die krisisperiode** en het ’n redelike **sterk verbondenheid** aan ’n loopbaan en ’n waardestelsel (Louw et al. 2017:312). Identiteit, meen Marcia (1993:8), is die ervaring dat die kern daarvan betekenis aan ’n persoon se wêreld gee. Hierdie kern kan ’n self-gekonstrueerde identiteit wees wat gevorm is tydens ’n krisisperiode en tot identiteitsbereiking gegroei het. |
| Status 2:<br>Identiteitsmoratorium | Die individu is **nog in ’n krisisperiode** en is aktief besig om verskeie alternatiewe te ondersoek, dus is **verbondenheid aanwesig, maar vaag** (Louw et al. 2017:312). ’n Moratorium is om vanaf ’n gevoel van geen identiteit of van ’n toegekende identiteit te beweeg na ’n gekonstrueerde identiteit (Marcia 1993:8).In hierdie fase is die individu nie die kind wat hyofsy was nie, maar ook nog nie die volwassene wat hyofsy sal word nie (Marcia 2002b:202). |
| Status 3:<br>Vooruitbesliste identiteit | **Geen krisis** is ervaar nie, alhoewel daar ’n **verbondenheid** aan sekere doelwitte en waardes is, moontlik as gevolg van die ouers se invloed (Louw et al. 2017:312). Identiteit, verduidelik Marcia (1993:8), is die ervaring dat die kern daarvan betekenis aan ’n persoon se wêreld gee. Hierdie kern kan ook ’n toegekende of vooruitbesliste identiteit wees wat deur ouersofvoogde beïnvloed is. Dit is die aanvaarding van ouersofvoogde se planne en waardes, sonder om dit te bevraagteken (Marcia 2002b:202). Dit is die fase waar meeste adolessente begin (Marcia 2002b:202) en ’n identiteit is gevestig, maar die individu is nie buigsaam daaroor nie (Marcia 2002b:203). |
| Status 4:<br>Identiteitsverwarring | ’n **Krisis word ervaar of nie ervaar nie**, maar die individu is aan niks verbonde nie en probeer ook **geen verbondenheid** ontwikkel nie (Louw et al. 2017:312). Marcia (2002a:15) noem dat individue in hierdie fase nie sommer ’n fase van onstabiliteit betree nie, omdat hul juis |

| | |
|---|---|
| | nie ’n stabiele struktuur vir identiteit het nie. In hierdie fase kan of wil individue nie verbintenisse maak nie. Hul ontdekkingsperiode is doelloos en nie op soek na ’n spesifieke ‘volwasse’ rigting vir hulself nie (Marcia 2002b:202). |

Waterman (1993:46) noem dat meeste adolessente begin in ’n vooruitbesliste identiteit of in die identiteitsverwarring status. Die voorkoms van vooruitbesliste verbintenisse is meer waarskynlik onder omstandighede waar daar ’n sterk band of identifikasie is met een of beide ouers. Terselfdertyd verduidelik hy dat verbintenisse sterker sal wees waar die verwagting is dat die kind die familie-tradisie sal volg, wat geloof en politiek insluit. Waterman beklemtoon dat ouers wat ongelukkig is in hul werksrolle, nie deelneem aan geloof nie en apaties is oor politieke probleme, juis modelle en voorbeelde is om nie ’n verbintenis te maak nie. Dit versterk die moontlikheid van identiteitsverwarring of vooruitbesliste identiteitstatus.

Waterman (1993:50) noem dat mense wat identiteitsbereiking gehad het, ook weer in ‘n identiteitskrisis kan gaan. Hy verduidelik dat dit gebeur omdat dinge anders uitwerk in die praktyk as wat die persoon verwag het, of dat daar nie genoeg sosiale ondersteuning ontvang is nie. Blootstelling aan ander alternatiewe kan ook lei om meer aantreklike moontlikhede te identifiseer teenoor die aanvanklike verbintenis, en dus ontstaan ’n nuwe krisis oor wat om te doen of moontlik te verander. Tog kan die hipotese wees dat die nuwe identiteitskrisis makliker sal wees om op te los as die aanvanklike krisis, juis omdat die persoon geleer het watter tegnieke om te gebruik om ’n krisis op te los.

Van der Merwe (2013:44) verwys vanuit ’n geloofsperspektief, gebaseer op Marcia se identiteitstatusse, na die geloofsontwikkeling van ’n kind (of soos die navorser sal argumenteer van enige persoon). Vanuit Van der Merwe asook die navorser se verstaan van Marcia se werk, is daar die volgende moontlikhede in terme van ’n identiteitskonstruksie van geloof:

1. Geloof is krities ondersoek in die moratoriumfase en dit het gelei tot ŉ verbintenis, of selfs moontlike verwerping.
2. Geloof word aktief herevalueer en krities ondersoek. Daar is moontlik ŉ lae verbondenheid in die moratoriumstadium.
3. Geloof word nie ondersoek nie, gevolglik word dit nooit aangeneem nie of die geloof van ander betekenisvolle persone in gesagsposisies (bv. die ouers) word gevolg. Dus is daar moontlik geen verbintenis nie of net ŉ baie lae verbintenis.
4. Daar is geen verbintenis of poging tot 'n kritiese ondersoek van geloof nie.

Marcia (1993:9) vra ŉ belangrike vraag: "Hoe lyk identiteit as dit manifesteer in gedrag?"[55] Hy meen dat die eienskap wat ŉ beduidende rol hier speel i.t.v. die teenwoordigheid of afwesigheid van ŉ identiteit die verbintenis is. Indien iemand ŉ identiteit het, sou dit beteken dat hulle verbintenisse in daardie area het, meen Marcia.[56] Hy reken dat dit moeilik sou wees om te sien dat iemand ŉ spesifieke identiteit het indien hulle nie ŉ verbintenis het nie.

Arnette (2009:377) verwys ook na Marcia se identiteitstatus en verduidelik dat ŉ toename in ŉ verbinte saam gaan met ŉ toename of versterking van die identifisering met die verbintenis self. Die omgekeerde is ook waar: ŉ afname in ŉ verbintenis lei tot ŉ afname in die identifisering met die verbintenis.

Marcia (1993:3) se fokus, anders as Erikson se fases van psigo-sosiale (ego) groei, fokus op die identiteitsverwarring wat tydens laat adolessensie plaasvind. Marcia meen dat die identiteitstatus van adolessente bepaal word deur die *krisis* waardeur hulle reeds gewerk het, asook die mate of tipe *verbintenis* wat hulle tot die keuse gemaak het (Louw et al. 2007:311).[57]

Marcia (1993:8) se verduideliking van *moratorium* sluit baie nou aan by Arnette se beskrywing van wat ontluikende volwassenheid is. Hy gebruik die metafoor van ŉ

[55] Vergelyk Smith (2016) en hoofstuk vyf vir 'n indieptebespreking van gedrag, gewoontes en verbintenisse in 'n mens se geloofsreis.
[56] Hipoteties gesproke, verduidelik Marcia (1933:9), sou ŉ identiteit teenwoordig kon wees sonder ŉ verbintenis in daardie areas, asook verbintenisse wat lyk of hul bestaan sonder ŉ identiteit.
[57] Die navorser is daarvan oortuig dat dit haar huidige opinie om belydenisaflegging tydens die oorgang na ontluikende volwassenheid te hou, ondersteun.

sweefstokarties wat vanaf een reling na die volgende een swaai. Marcia verduidelik dan om vanaf die verlede, terwyl ŉ mens daaraan vashou, te swaai na die volgende reling naamlik die toekoms, behels vrees, intensiteit, opgewondheid en alles wat by die sirkusbeeld pas. Soms lyk alles moontlik en ander kere is die persoon heeltemal selfgesentreerd. Presies dieselfde is waar vir ontluikende volwassenes.


Louw et al. (2007:312) beklemtoon dat adolessente verskillende identiteitstatusse vir verskillende aspekte van hul lewe kan ondergaan en wissel tussen die statusse totdat hul ŉ identiteit bereik het. Individue wat universiteitsopleiding nastreef, beleef dikwels die moratoriumstadium tydens dié jare, aangesien hulle nuwe ervaringe het en aan ŉ verskeidenheid opsies blootgestel word. Dit korreleer weer met Arnette se motivering vir ŉ nuwe lewensfase, genaamd *ontluikende volwassenheid*.

Arnette (2015:61) verwys na meta-analitiese navorsing wat die identiteitstatusmodel gebruik. In dié spesifieke navorsing word daar aangedui dat ŉ groot deel van mense tydens hul tienerjare in die moratoriumfase is en dat hierdie moratorium ŉ hoogtepunt bereik rondom 18- en 19-jarige ouderdom. Daarna word die krisisfase minder.

Identiteitsontwikkeling blyk egter teenwoordig te wees en moet deurgaans ontwikkel in ŉ individu se lewe (Louw et al. 2007:313). Adolessensie en ontluikende volwassenheid kan dus net twee van die fases van identiteitsvorming en -konstruksie wees. Marcia (2002a:7) het self in meer onlangse navorsing aangedui dat identiteit regdeur die fases van volwassenheid ontwikkel. Hy meen daar is ook ŉ identiteitskrisis in elke lewensfase wat volg na adolessensie. Hy beklemtoon die identiteitsvorming juis wanneer adolessensie begin ontwikkel vanweë die fisiese, seksuele, kognitiewe en morele ontwikkeling, wat ook tydens hierdie fase ŉ sekere punt van ontwikkeling bereik het (Marcia 2002b:202).

Kunnen & Metz (2015:117) noem dat Marcia se teorie eerder ŉ tipologie en nie ŉ ontwikkelingsproses probeer beskryf nie. Dit probeer dus nie ŉ rigiede model vir ontwikkeling voorstel nie. Marcia het later in sy navorsing die volwasse psigo-sosiale fases van Erikson gebruik om met sy identiteitstatus aan te dui hoe die vier statusse van identiteit, soos in sy oorspronklike teorie, regdeur die psigo-sosiale fases vanaf

adolessensie en volwassenheid herhaaldelik voorkom om nuwe verbintenisse, keuses en betekenisse te vorm. Marcia (2002a:17) se skets hiervan:




Figuur 2: Marcia se identiteitsontwikkeling-siklus

Hierdie diagram van Marcia dui vir die navorser daarop dat die ontwikkeling, keuses en verbintenisse wat mense regdeur hul lewe en geloofsreis maak, 'n groter rol moet speel in hierdie navorsing en vraag na die gepaste oorgang om liturgiese verbintenisse en rituele vir lidmate te (her)ontwerp.

### 3.3.5 Kohlberg: Kognitiewe Teorie van Morele Ontwikkeling

Individue moet 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel en daarom, verduidelik Louw et al. (2007:340), moet bestaande waardes bevraagteken word en individue moet besluite neem aangaande die waardes wat hulle reeds gekies het en dit wat vir hul aanvaarbaar is.

Die teorieë vir morele ontwikkeling kan in vier kategorieë verdeel word, naamlik die psigo-analistiese, sosiale kognisie, sosiale leer en kognitiewe teorieë.[58] In hierdie afdeling gaan daar op die kognitiewe teorieë van Kohlberg gefokus word.

Avenant (2011:77) en Carpendale (2009:270) dui daarop dat Kohlberg se teorie nou aansluit en as't ware voortbou op die werk van Piaget. Carpendale (2009:280) noem ook dat Kohlberg in 'n mate sekere belangrike aspekte van Paiget se siening op morele ontwikkeling verwerp het.

Kohlberg (1987:284) se teorie bestaan uit ses morele fases wat hy verdeel in drie vlakke, elk met twee fases. Die vlakke en stadiums in die teorie word opgesom in die volgende tabel na aanleiding van Louw et al. (2007:342-343), Van der Merwe (2013:33) en Kohlberg (1987:284-286) se beskrywings.

[58] Vergelyk Louw et al. (2007:340) vir 'n breedvoerige bespreking van hierdie drie kategorieë.

### 3.3.5.1 Opsomming van Kohlberg se Kognitiewe Morele Teorie

| **VLAK**<br>Kohlberg<br>(1987:284-286) | **OUDERDOM**<br>Van der Merwe<br>(2013:33) | **STADIUM**<br><br>Louw et al. (2007:342-343) en Kohlberg (1987:284-286) |
|---|---|---|
| **1. Prekonvensionele vlak** | Kinderjare (Vlak van formele operasies reeds bereik) | **Stadium 1:**<br>Kind gehoorsaam in die stadium die reëls om eintlik straf te vermy (Louw et al. (2007:342-343), asook om te vermy om fisiese skade aan mense se eiendom aan te rig (Kohlberg 1987:284). In die fase is die outoriteit van ander belangrik. Dit is ook 'n egosentriese fase, meen Kohlberg, waar die belange van ander nie herken of oorweeg word nie.<br><br>**Stadium 2:**<br>'n Kind gehoorsaam reëls om belonings of gunste te verkry (Louw et al. 2007:342-343) . Kohlberg (1987:284) verduidelik dat die fase 'n individualistiese, instrumentele doel en omgang het. Dit is tydens die fase belangrik om die reëls net vir die onmiddelte belang van iemand anders te volg, verduidelik Kohlberg (1987:284). Reg het ook te make met wat regverdig is bv. 'n goeie ooreenkoms of 'n "deal", verduidelik Kolberg (1987:284). In die fase is die regte ding om na jou eie belange om te sien, noem Kohlberg, in 'n wêreld waar die individu tot die besef moet kom dat ander mense ook belange of behoeftes het. |
| **2. Die konvensionele vlak**<br><br>Die moraliteit van konvensionele rolkonformiteit. | **Meeste adolessente of volwassenes** (Vlak van konkrete operasies reeds bereik) | **Stadium 3:**<br>In die fase is die gedrag wat ander mense goedkeur, oftewel die goeie seun of meisie oriëntasie, baie belangrik (Louw et al. 2007:342-343). Dit is reg wanneer jy dit wat van jou verwag word, deur ander mense wat na aan jou is of wat mense oor die algemeen van iemand in jou rol (ma, seun, broer, vriend ens.) verwag uit te leef (Kohlberg 1987:284). Om wederkerige verhoudings, vertroue, lojaliteit, respek en dankbaarheid te behou, is volgens Kohlberg (1987:284) van belang tydens die fase. Die noodsaaklikheid om 'goed' te wees in jou eie oë en die van ander, verduidelik Kohlberg, is die motivering |

| | | |
|---|---|---|
| Individu konformeer tot sosiale orde en verwagtinge van ander. | | om die regte ding te doen. 'n Persoon se omgee vir ander, met ander woorde die goue reël, om jouself in 'n ander persoon se skoene te plaas is iets om na te streef in die fase.<br><br>**Stadium 4:**<br>In die fase, noem Louw et al. (2007:342-343) is dit belangrik om 'n mens se plig na te kom, asook respek vir gesag en sosiale wet en orde te hê. Om die pligte waartoe jy ingestem het, na te kom, verduidelik Kohlberg (1987:285), is volgens die fase, die regte ding om te doen. Wette moet onderhou word, behalwe in uiterste situasies waar dit in konflik is met ander sosiale verpligtinge..<br><br>Dit is altyd die regte ding om 'n bydrae te maak tot die samelewing, die groep of 'n instelling. Om die instelling as 'n geheel aan die gang te hou, om te vermy om die sisteem af te breek of die imperatieweof gewete om jou eie verpligtinge na te kom, is die motiverings wat in die fase 'n persoon lei om die regte ding te doen. |
| **3. Postkonvensionele Vlak**<br><br><br>**Vlak 3: Postkonvensioneel of Prinsipiële vlak**<br><br><br>Moraliteit van selfaanvaarde of outonome morele beginsels.<br><br>Individue definieer en Internaliseer nou morele waardes en | Klein persentasie van volwassenes bereik | **Stadium 5:**<br>Die individu se persoonlike waardes en oortuigings is ook belangrik om te bepaal wat die regte of verkeerde ding is om te doen. Dus kan reëls verander word as die verandering redelik en sosiaal geregverdig is, asook voordelig is vir mense (Louw et al. 2007:342-343). Wat is reg? Om bewus te wees dat mense 'n verskeidenheid van waardes en opinies het en dat meeste waardes en reëls relatief is tot jou groep, verduidelik Kohlberg (1987:285).<br><br>Wat is die motivering om die regte ding te doen? 'n Gevoel van 'n wetlike verpligting as gevolg van jou sosiale kontrak om te bly by die wette vir die welsyn van ander en vir die beskerming van alle mense se regte, verduidelik Kohlberg. Daar is 'n gevoel van kontraktuele verbintenis wat uit jou eie gemaak is aan famlie, vriendskap, vertroue en werksverpligtinge.In die fase word wetlike perspekteiwe oorweeg, tog is daar soms konflik en is dit moeilik om te integreer (Kohlberg 1987:285). |

| | | |
|---|---|---|
| beginsels onafhanklik van ander deur self eers alle moontlikhede te ondersoek. | | **Stadium 6:**<br>Die individu sal optree volgens hul eie beginsels wat hulle gekies het op grond van universele waardes wat geregtigheid, gelykheid van menseregte en respek vir die waardigheid van alle mense insluit (Louw et al. 2007:342-343). ’n Selfgekose etiese beginsel wat gevolg word, is reg, meen Kohlberg (1987:286). Dit is veral van toepassing op sosiale ooreenkomste of wette wat gewoonlik geldig is, omdat hulle berus op hierdie beginsels. Wanneer ’n wet hierdie beginsels oortree, behou ’n mens eerder dan by die beginsel, verduidelik Kohlberg.<br><br>Beginsels is universele beginsels van geregtigheid, die regverdigheid van menslike regte en respek vir die waarhdigheid van alle mense en individue. Wat is die motivering om die regte ding te doen? Kohlberg (1987:256) noem dat die universele morele beginsels, asook ’n gevoel van persoonlike verbintenis teenoor hulle is in die fase die motivering. |

Alhoewel dié teorie verband hou met Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie, impliseer die bereiking van ŉ spesifieke stadium van kognitiewe ontwikkeling nie dat ŉ individu se morele vlak van ontwikkeling dieselfde sal wees as die vlak van die kognitiewe ontwikkeling wat daarmee geassosieer word nie (Avenant 2011:77). Verder kan ŉ vlak nie oorgeslaan word nie, maar vind dit in ŉ bepaalde volgorde plaas. Nie alle mense bereik vlak ses van morele ontwikkeling nie, verduidelik Avenant (2001:77), en soos hy tereg uitwys, bereik min volwassenes ooit hierdie vlak. Adolessente en meeste volwassenes is in vlak twee, naamlik die konvensionele vlak.

Vlak twee is dus die vlak waarin meeste adolessente en volwassenes hulself bevind. Om ŉ 'goeie dogter of seun' te wees, het baie te make om die ouers se verwagtinge na te kom. Avenant (2011:88) dui aan dat daar dus ŉ ander stel reëls of verwagtinge is as die van die portuurgroep. Avenant noem wel dat daar ŉ gevaar is, soos wat Fowler ook aangedui het, dat adolessente ŉ permanente afhanklikheid vir hierdie goedkeuring kan ontwikkel. In die volgende afdeling word die fases van geloof, soos deur Fowler (1981) uiteengesit is, bespreek. Flower se fases van geloof is grootliks gebaseer op Kohlberg se kognitiewe teorie van morele ontwikkeling.

### 3.3.6 Fowler: Fases Van Geloof

Fowler (1981) se *Stages of Faith: The Psychology of Human Developent and the Quest of Meaning* is deel van hierdie peiling, juis omdat dit van ontwikkeling-sielkundige teorieë gebruik maak en soos die subtitel duidelik stel, ŉ "Psychology of Human Development" is.

Van der Merwe (2013:33) verduidelik dat Fowler self getuig dat sy teorie beïnvloed is vanuit noue kontak met Kohlberg se teorie van morele ontwikkeling (en dus ook Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie). Van der Merwe (2013:33) verduidelik dat Fowler Kohlberg se teorie beskou het as die een wat die pad oopgemaak het vir ŉ nuwe manier van kyk na geloofsvorming.

Fowler se fases is nie ŉ presiese oorstemming met die sielkundige ontwikkelingsfases nie, maar daar is korrelasies, soos Van der Merwe verduidelik, wat kan help om geloofsvorming beter te verstaan. Dit is daarom moontlik, meen Van der Merwe (2013:34), dat mense wat nie korrek gestimuleer word in die geloofsfases nie en tog

reg gestimuleer word in die psigologiese fase, kan groei in die psigologiese fase en stagneer in ŉ geloofsfase.

Fowler se fases van geloof is van toepassing op alle mense, vanaf babas tot volwassenes en sekere fases word deur Fowler aan spesifieke lewensfases gekoppel. Dit is ŉ teorie wat mense kan begelei om vanaf een fase na die volgende te groei, verduidelik Van der Merwe (2013:34). Fowler (1981:117-210) se fases van geloof word op die volgende bladsy in ŉ tabel opgesom.

### 3.3.6.1 Opsomming van Fowler se fases van geloof

| **GELOOFSFASE Fowler (1981:117-210 )** | **OUDERDOM of LEWENSFASE** Fowler (1981:117-210) (Avenant 2011:95) | **BESKRYWING** Fowler (1981:117-210) |
|---|---|---|
| **Baba & ongedifferensieerde geloof** | Geboorte – twee jaar (Fowler 1981:119) | Basiese vertroue en relasionele ervaring met die primêre versorgers is baie belangrik.Saadjies van vertroue, moed, hoop en liefde word op ŉ ongedifferensieerde wyse gevorm en kompeteer met die dreigemente van verwerping, inkonsekwentheid en verwaarlosing. Oorgang na fase een begin met gedagtes en taal wat begin vorm, asook ŉ openheid tot simbole en rituele spel (Fowler 1981:121) |
| **Fase 1: Intuïtief-projekterende geloof** | 2-6 of 7 jaar (Fowler 1981:122) | Fantasie en nabootsing is die kern-elemente in die fase. Deur voorbeelde, houdings, handelinge en stories van betekenisvolle volwassenes dop te hou of na te boots, word kleuters grootliks in hierdie fase beïnvloed. Dit is die fase van eerste bewuswordings, bv. dood, seks en taboes van die kultuur en familie, ens. Konkrete operasionele denke is nodig vir die oorgang na die volgende fase (Fowler 1981:133-134). |
| **Fase 2: Misties-letterlike geloof** | Vanaf die ouderdomme 5-7 tot die ouderdomme 11-13 jaar<br><br>(Avenant 2011:95) | Individue begin om stories, waarhede en observasies, wat simboliseer dat hy of sy aan die gemeenskap behoort, te beleef. Letterlike interpretasies is ter sprake vir morele waardes, houdings en waarhede. Simbole is een-dimensioneel en het ŉ letterlike betekenis. Die konkrete operasionele denke orden die vorige fase se verbeeldingryke wêreld. Verhale is die wyse waarop eenheid en waardes beleef word.<br><br>Oorgang na die volgende fase is ŉ implisiete botsing of teenstelling in die verhale wat lei tot refleksie op die betekenis daarvan. Die oorgang na formele operasionele denke help om hierdie refleksie moontlik te maak (Fowler 1981:149-150). |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Fase 3:**<br>**Sinteties konvensionele geloof** | **Adolessensie**, maar baie volwassenes bevind hul in die fase.<br><br>13-17 jaar<br>(Avenant 2011:95) | ŉ Individu se ervaring van die wêreld strek wyer as die familie. Geloof bied ŉ oriëntasie vir die jong.mens se lewe en ŉ sintese van waardes, asook ŉ basis vir identiteit en uitkyk op die lewe. Dit is ŉ fase waarin gekonformeer word omdat die individu ingestel is op die verwagtinge en oordeel van die betekenisvolle ander. Individue het ook nog nie ŉ goeie greep op hul eie identiteit nie of oordeel om ŉ onafhanklike perspektief te behou nie.<br><br>Oorgang na die volgende fase het te make met ernstige teenstellings tussen betekenisvolle outoriteitsbronne, groot veranderinge, kritiese refleksie van ŉ persoon se eie waarhede en waardes t.o.v. hoe relatief hierdie waardes tot ŉ spesifieke groep of konteks behoort. ŉ Ervaring van om die huis te verlaat is baie keer die katalisator van hierdie tipe refleksies (Fowler 1981:172-173). |
| **Fase 4:**<br>**Individueel refleksiewe geloof** | Laat adolessensie of volwassenheid<br><br>**(Ontluikende Volwassenheid)**<br><br>18-25 jaar<br>(Avenant 2011:95) | Die oorgang na die fase is krities, aangesien dit in hierdie fase is wat laat adolessensie en volwassenes begin om verantwoordelikheid vir hulle eie lewe te neem. Verder is verbintenisse, lewenstyl, waarhede en houdings veral van belang. In hierdie fase moet ŉ individu onvermydelike spanninge in die gesig staar: individualiteit vs. deel van ŉ groep, subjektiwiteit vs. objektiwiteit, om krities te kan reflekteer, selfvervullende of selfaktualisering, diensbaarheid aan ander en relatiwiteit vs. die stryd met die moontlikheid van verabsolutering.<br><br>Jongvolwassenes bevind hulself in die fase (let wel dat nie alle volwassenes hierdie fase bereik nie en vir ŉ beduidende hoeveel is dit eers in die middel-dertiger na veertigerjare wat dit voorkom). Dit is ŉ fase van dubbele ontwikkeling. Die self (vorige fase ontwikkel in terme van identiteit) en geloof (interpersoonlike en betekenisvolle ander was baie belangrik), word nie meer gedefinieer deur die individu se rol of betekenis teenoor ander nie. Kritiese refleksie oor identiteit en ideologieë word in hierdie fase gedoen.<br><br>Oorgang na fase vyf gebeur as gevolg van ŉ rusteloosheid oor die identiteit en ideologie van fase vier, asook ŉ ontnugtering as gevolg van moontlike kompromieë en ŉ besef dat die lewe meer kompleks is (Fowler 1981:182-183). |

| | | |
|---|---|---|
| **Fase 5:**<br>**Konjunktiewe geloof** | Middeljare<br>(Fowler 981:184) | ’n Integrasie in terme van identiteit en ideologie, wat onderdruk was in fase vier se selfgesentreerdheid, ontwikkel in die fase, asook die bewustelike kognitiewe en affektiewe aanpassing in die paradoksale en meervlakkige werklikhede, soos Avenant (2011:79) daarna verwys. Fowler verwys na Ricoer se tweede naïwiteit waar die simboliese kragte juis herenig word met konseptuele betekenis. ’n Individu moet ook in die fase sy of haar verlede vir hom- of haarself toeëien. Dit behels die mites, ideale beelde en vooroordele wat diep in ’n mens se self wortel geskiet het as gevolg van sosiale klas, religieuse tradisies, etniese groepe, ens.<br><br>Hierdie fase is ongewoon voor die middeljare en word beskryf as ’n fase wat “the sacrament of defeat and the reality of irrevocable commitments and acts” goed ken. Hierdie fase se ontwaking vir geregtigheid is vrygemaak van die beperking van klas, religieuse gemeenskappe en nasie. Hierdie fase het ook ’n waardering vir simbole, mites en rituele, insluitend die van ander. Die fase beleef wel ’n skeiding, oftewel ’n paradoks, tussen die leef en doen van ’n ongetransformeerde wêreld en die transformerende visie en lojaliteite wat hulle begin koester (Fowler 1981:197-198). |
| **Fase 6:**<br>**Universele geloof** | Min volwassenes bereik die fase<br>(Fowler 1981:199) | ’n Skaars geloofsfase, is wat Fowler (9181:200) hierdie universele geloof noem. ’n Bewustheid van die ideale ruimte wat inklusief is vir “all being”. Hulle inkarneer en aktualiseer die gees van ’n inklusiewe en vervullende gemeenskap. Hulle het ’n aansteeklikheid rondom die spasies wat geskep moet word vir bevryding van sosiale, politieke, ekonomiese en ideologiese kettings. “... they have a special grace that makes them seem more lucid, more simple, and yet somehow more fully human than the rest of us... they are ready for fellowship with persons at any of the other stages and from any other faith tradition.” (Fowler 1981:201).<br><br>Fowler beklemtoon dit duidelik dat hierdie persone nie perfek is nie en dat die paradoks wat in fase vyf beleef was, nie meer hier ter sprake is nie. Avenant (2011:98) verwys na hierdie fase as die ‘Koninkryksinsigte’, omdat die wêreld aan God behoort en ons deelneem aan die heelmaak van hierdie werklikheid (Vergelyk Fowler 1981:209). |

Fowler se fases van geloof, spesifiek fases drie en vier, sinteties-konvensionele en individueel-refleksiewe geloof, bevestig dat beide adolessensie en ontluikende volwassenheid nie net uiters belangrike fases van ontwikkeling in terme van identiteit en verbintenisse is nie, maar ook as fases van geloof, oftewel geloofsontwikkeling.

Fowler (1981:172) beskryf fase drie as ŉ fase waarin jongmense veral leiding en oriëntasie vanaf geloofsgemeenskappe moet ontvang te midde van die verskeie invloede wat daar op ŉ jongmens se lewe kan wees.[59] Fowler meen verder dat daar tydens die fase juis ŉ fokus op identiteit en lewensuitkyk vanuit ŉ geloofsperspektief gefokus moet word.

Fase vier, noem Fowler (1981:182) is die fase waarin jongmense verantwoordelikheid vir hul eie lewe neem. Dit sluit verbintenisse en lewenstyl in. Hierdie beskrywing sluit direk aan by Arnette se beskrywing van ontluikende volwassenheid. Beide ontluikende volwassenheid as ontwikkelingsfase en Fowler se individueel-refleksiewe geloof bevat ŉ kritiese refleksie in terme van ŉ persoon se identiteit.

Dit wil wel vir die navorser voorkom of oorgangsrituele nie net op ontwikkelingsfases moet fokus nie, maar dalk ook op die oorgange tussen geloofsfases. Fowler (1981:183) beskryf die oorgang na fase vyf as ŉ oorgang wat gebeur as gevolg van ŉ rusteloosheid of ontnugtering oor die identiteit en ideologie van fase vier. Sou ŉ liturgiese ritueel, oftewel oorangsritueel, vir ŉ nuwe ontdekking of fase wat betree word, nie ook van waarde kon wees nie?

Holmes (2016:178) se kritiek teenoor Fowler se geloofsfases is dat dit die idee kan skep dat geloof iets is om te bereik eerder as ŉ individuele, persoonlike ervaring oftewel unieke geloofsreis. Verder meen Holmes dat die ouderdomme wat Fowler aan die fases koppel en dus ook die intellektuele vermoëns, juis in kontras is met die natuurlike verstaan van spiritualiteit. Holmes verkies Weterhoff se uitkyk op geloof dat die een styl nie beter as ŉ ander is nie

Weterhoff, verduidelik Holmes (2016:178) gebruik die metafoor van ŉ boom wat in die eerste jaar van groei ŉ volledige boom is en net so is dit ook later jare ŉ volledige

[59] Vergelyk hoofstuk vyf van hierdie studie, asook Smith (2009, 2013 en 2016).

boom wat uitgebrei het. Nie een is beter as die ander nie. Hierdie metafoor, verduidelik Holmes (2016:178), dui op ŉ deurgaanse groei en ontwikkeling in ŉ mens se lewe. Dit is ook ŉ geloof, verduidelik Holmes (2016:178), wat nie net tydens volwasse jare ontwikkel nie en stem dus saam met Fowler dat geloof in kinders reeds begin groei.

Die navorser stem saam met Holmes en sal eerder van ŉ geloofsreis praat. Die navorser besef dat 'fases' vanuit Fowler se teorie die indruk kan skep dat 'iets' bereik moet word. Tog is die navorser van mening dat Fowler se werk, veral omdat dit Ontwikkelingsielkunde in ag neem, vir ons ŉ raamwerk kan wees om mense te ontmoet en begelei waar hulle op hul geloofsreis is. Verder maak Fowler dit duidelik dat iemand wat byvoorbeeld hom- of haarself in fase ses bevind, juis daarvan oortuig is om oor die weg te kom en mense te ontmoet, maak nie saak by watter baken (fase) van die geloofsreis hul hulself bevind nie.

## 3.4 VOORSTEL VIR BELYDENISAFLEGGING

Dit wil vir die navorser voorkom of die gesprek oor die aangewese ouderdom vir belydenisaflegging[60] nie die regte vraag is nie, maar dat dit eerder soos die hipotese moet vra vir die regte oorgang of lewensfases. In die afdeling word die twee lewensfases, adolessensie en ontluikende volwassenheid, in terme van belydenisaflegging bespreek.

### 3.4.1 Oorgang na Adolessensie

Vanuit die teorieë wat in die hoofstuk aangaande adolessensie genoem en kortliks bespreek is, is dit duidelik dat die ontwikkeling van identiteitvorming ŉ groot rol speel tydens die adolessensiejare. Van der Merwe (2013:43 ) som op dat Erikson dit *identiteitsvorming* noem, terwyl Piaget dit *persoonlikheidsvorming* noem, Kohlberg verwys na die *identiteitskrisis* na aanleiding van ŉ kind se nuwe vermoë tot verskillende *perspektiewe,* na aanleiding van formele operasionele denke en Marcia verwys na *identiteitstatusse*.

Primêre geloofsvorming, verduidelik Van der Merwe (2013:110), ontwikkel tot en met 13-jarige ouderdom. Van der Merwe (2013:59) noem dat die rol van die gemeenskap

[60] Vergelyk Vosloo (2016:73) en empiriese afdeling van hierdie studie.

(geloofsgemeenskap) by ŉ kind se identiteitsvorming, groter is as die kind bewus is van die gemeenskap se liefde en ervaar dat hy of sy aan die gemeenskap behoort.

Avenant (2011:87) dui aan dat jongmense tydens adolessensie drie vrae moet kan antwoord: "Wie is ek?" "Waarvandaan kom ek?" "Waarheen is ek op pad?" Avenant (2011:87) verwys na Erikson se teorie en bied twee redes aan hoekom hierdie vrae tydens die fase gevra word. Eerstens is die fisiologiese- en psigologiese volwassewording belangrik en dryf dit as't ware die jongmens om hierdie antwoorde te soek. Die kognitiewe ontwikkeling speel ook hier ŉ groot rol.

Van der Merwe (2013:44) het vanuit Marcia se teorie afgelei dat dit belangrik is dat ŉ adolessent sy of haar geloofswaarhede moet evalueer ten einde geloof te kan toeëien as sy of haar eie identiteit, dus om ŉ verbintenis te kan maak.

Louw et al. (2007:346) noem spesifiek dat adolessente se houding teenoor geloof hul morele ontwikkeling asook gedrag beïnvloed. Hulle sê dat gelowige jongmense meer waarskynlik morele verantwoordelikheid sal hê as die wat nie gelowig is nie
Van der Merwe (2013:37) verduidelik dat in die misties-letterlike fase, die fase voor adolessensie, kan ŉ kind nog nie sy of haar gevoelens konsekwent beleef nie. Die kind is besig om sterk gevoelens te erken en interpreteer en dus word ŉ Godsbeeld van persoonlike terme geskep. Om narratiewe te gebruik om betekenis te maak is baie belangrik en veral ten opsigte daarvan om ŉ sin vir die lewe te ontwikkel.

Van der Merwe (2013:37) noem dat kinders dikwels aan die einde van die fase begin om te twyfel en moontlik ophou om in God te glo. Hierdie is a.g.v. skok of teleurstelling dat oorsaak en gevolg nie per se met goed of sleg te make het nie. Van der Merwe noem dat Fowler hier van die "11 year old atheists" praat. Moet ŉ eerste, openbare verbintenis nie dan juis as reling tydens hierdie fase na die volgende een, jongmense ondersteun nie?

In hierdie oorgangsfase, verduidelik Van der Merwe (2013:37), is dit uiters belangrik dat kinders begelei word na ŉ meer realistiese geloof, asook ŉ voorbeeld wat gestel word deur ouers, die kerk, skool en ander betekenisvolle volwassenes. ŉ Liturgiese ritueel sou ook kon help om kinders in hierdie fase te begelei.

Vanuit die morele ontwikkeling en Kohlberg se teorie is dit duidelik dat kinders op die prekonvensionele vlak reëls gehoorsaam om belonings en gunste te ontvang. Die navorser wonder of kinders dus ŉ verbintenis in ŉ gemeente hardop sal maak omdat hulle dink dit word van hulle verwag?

Tog moet die navorser erken dat kinders tydens hierdie ouderdom en dus in die oorgang na adolessensie die vermoë het om ŉ keuse te maak. Piaget se teorie het ook aangedui dat kinders in hierdie fase, ouderdom 11 of 12, die formeel operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling nader (Louw et al. 2007:299). Dit is dus ook die laaste fase van kognitiewe ontwikkeling. Erikson se teorie dui aan dat die identiteitskrisis nog nie in die fase begin het nie, maar eerder die *krisis* van basiese vaardighede wat aangeleer moet word, asook om saam met ander te kan werk. Sou hierdie oorgangsfase dus ideaal wees om ŉ eerste verbintenis aan God te maak en bevestiging van ŉ identiteit in God, nog voor die psigologiese identiteitskrisis ontstaan?

Smith en Snell (2009:247) het aangedui dat meeste jongmense hul eerste verbintenisse aan God maak voor die ouderdom van 14. Smith en Snell (2009:248) het hul bevindinge bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat die eerste verbintenis aan God meer saak maak vóór die tienerjare. Dit beteken nie dat die ervaring en verandering tydens die adolessentejare nie saak maak nie, maar dit wil blyk of die betekenis wat daaraan gekoppel word voor die adolessentejare net nog meer is en alles wat daarna gebeur, beïnvloed.

Moet belydenisaflegging dus vroeër gemaak word? Die navorser is nie daarvan oortuig nie, maar wel oortuig dat daar genoegsame bewyse vanuit hierdie peiling is dat ŉ eerste verbintenis tydens dié fase, oftewel oorgangsfase na adolessensie, van groot waarde sal wees.

Na aanleiding van Marcia se teorie dat ŉ verbintenis wat gemaak word, sterker is indien daar ŉ tipe van ŉ krisis deurgewerk is ,of soos Van der Merwe (2013:44) verduidelik kritiese denke rondom geloofsvrae en vorige verbintenisse, argumenteer die navorser dat belydenisaflegging tydens die oorgang na ontluikende volwassenheid gedoen moet word. ŉ Argument sou gemaak kon word vanuit Marcia se teorie dat ŉ

verbintenis wat na die adolessente jare (deur die identiteitskrisis en die kritiese denke) gemaak word, ʼn hegter verbintenis is.

### 3.4.2 Oorgang na Ontluikende Volwassenheid

Hardy et al. (2012:2) verduidelik dat ʼn gemeenskap se betrokkenheid van uiterste belang is vir identiteitsvorming tydens hierdie fase. Hulle verduidelik dat hulle longidinale studie aangedui het dat tydens adolessensie en ontluikende volwassenheid is daar ʼn stuk identiteitsvolwassenheid onder jongmense wat betrokke was by ʼn gestruktureerde, waardegedrewe gemeenskap, beleef.

Hardy et al. (2010:8) is ook van mening dat wanneer hierdie betrokkenheid ʼn identiteit vorm, kan die identiteit (ontluikende volwassenes) ʼn volhoubare betrokkenhoud vooruitwys. Met ander woorde, nadat identiteitsverbintenisse gemaak is, motiveer dit juis die persoon om in die gemeenskap en ʼn religieuse konteks betrokke te bly.

ʼn Kritiese ondersoek van ʼn mens se verbintenisse is deel van ʼn roete, verduidelik Hardy et al. (2010:9), na ʼn dieper identifisering met die verbintenisse. ʼn Breër ondersoek is eerder deel van die moratoriu fase (Marcia identiteitstatus) teenoor ʼn indiepte, kritiese ondersoek wat lei tot ʼn diep verbintenis.

Smith en Snell (2009:84) verwys na ontluikende volwassenes wat ʼn moeilike lewe gelei het met verskeie uitdagings en dat geloof ʼn stuk stabiliteit en struktuur aan hulle bied - ʼn ondersteuningsraamwerk en leiding, asook ruimte wat omgee vir wie hulle is. In hierdie nuwe ontdekkings vind hulle ʼn geloofsisteem wat hulle iets van grense, reg en verkeerd, gesond en ongesond, leer wat hulle nooit geken het nie.

Vanuit die geloofsfase van Fowler, die sinteties-konvensionele geloof, verduidelik Avenant (2011:95) dat mense in hierdie fase die vermoë het om deel te neem aan die Christelike tradisies, maar dat hulle dit nie doen nie. Hulle ken die gebruike van die kerk en leef dit tog nie uit nie. In hierdie fase, beskryf Avenant, is die groepsnorm baie belangrik.

In die fase ontwikkel individue hul eie stel oortuigings, verduidelik Avenant (2011:95), en dit stem ooreen met Erikson se teorie oor identiteitsvorming, asook Marcia se teorie

om vorige oortuigings krities te evalueer. Van der Merwe (2013:39) noem wel dat mense in die fase van geloof maklik negatiewe belewenisse van ander se oordele van God op hulself projekteer. Dit lei daartoe dat hul besig is om God se guns te probeer wen en selfs optrede toon wat probeer om God se liefde en goedkeuring te verdien. Hierdie beskrywing vanuit Fowler se werk sluit nou aan by Kohlberg se morele ontwikkelingsteorie[61] dat gedrag bepaal word deur mense se goedkeuring en respek vir gesag (Vergelyk Louw et al. 2007: 342-343).

Die teorie van Marcia is weereens van belang vir die navorser. Adolessente het reeds ŉ identiteitskrisis betree en reflekteer krities op hul besluite en oortuigings. Om ŉ verbintenis aan die einde van adolessensie, na aanleiding van Marcia se identiteitstatus en verbintenisteorie, asook die liminale fase van *ontluikende volwassenheid* wat voorlê, te maak, is uiters belangrik.

In hierdie liminale fase wat jongmense betree, is dit volgens die navorser van uiterste belang dat ŉ liturgiese ritueel hierdie oorgang ondersteun. Vir dieselfde argument wat die navorser vroeër gemaak het dat ŉ verbintenis voor ŉ identiteitskrisis van waarde kan wees, is van toepassing tydens die oorgang.

Arnette (2000:473) se navorsing het aangedui, in teenstelling met navorsing wat gefokus het op adolessensie, dat identiteit bitter min vasgestel word teen die einde van ŉ jongmens se hoërskoolloopbaan en dat identiteit steeds ontwikkel vanaf die laat tienerjare tot die vroeë twintigerjare. Fowler dui ook aan dat mense in die ontluikende volwassenheid die self (vorige fase ontwikkel i.t.v. identiteit) en geloof (interpersoonlike en betekenisvolle ander was baie belangrik) krities herevalueer. ŉ liturgiese ritueel en herverbintenis kan dus baie waardevol wees vir hierdie oorgang.

Daarom sal die navorser argumenteer dat vir dieselfde argument dat ŉ eerste verbintenis in die oorgang na adolessensie waardevol sal wees voor ŉ identiteitskrisis, is dit tydens hierdie oorgang na ŉ absolute liminale fase nog belangriker. Ons kan nie die liturgiese oorgangsritueel, wat ŉ geskiedenis[62] oor die ouderdomsvraag in die NGK as gevolg van die ouderdom waarin dit geplaas is, bloot skuif nie. Dit is ook nog nie ŉ

---

[61] Fowler is beïnvloed deur Kohlberg se teorie.
[62] Vergelyk Vosloo (2016:72-76) wat aandui dat die ouderdomsvraag van belydenisaflegging deur die jare gevra is en gefokus het op die vraag na volwassenheid.

antwoord op die problematiese verstaan van lidmaatskap, die doop en nagmaal en die verhouding tot belydenisaflegging nie. Ons sal hierdie liturgiese oorgangsritueel nuwe inhoud en betekenis moet gee, wat vanuit ʼn teologie van die doop ontstaan.[63]

Hendry en Kloep (2007:74) lewer kritiek op Arnette se werk en meen dat die oorgang vanaf adolessensie en volwassenheid nie so 'glad verloop' as wat Arnette voorstel nie. Hulle is ook van mening dat die verandering, oftewel oorgang, baie meer spesifiek veranderlik en omkeerbaar is. Hulle brei daarop uit deur te verduidelik dat die soeke na en ontdekking van identiteit ʼn terugkerende proses is en dat om ʼn identiteit te bereik, eerder ʼn lewensreis is en nie aan ouderdom of ʼn lewensfase gebonde is nie (Hendry en Kloep 2007:75).

Verder meen Hendry en Kloep (2007:76) dat die belewenis van ontluikende volwassenheid inherent sal afhang of die verlengde moratorium ʼn produk van keuse of beperkinge is. Verder sal die effektiewe gebruik van tyd om ervaring op te doen ʼn belangrike rol speel. Hendry en Kloep dui daarop dat dit wil voorkom of die langtermyngevolge meer voordelig is vir individue wat nie te veel jare neem vir identiteitsontdekking nie.

## 3.5 SAMEVATTING

Osmer het reeds in 1996 aangedui dat hulle onseker was of konfirmasie in die konteks van die VSA se protestantse gemeentes tydens die oorgang na adolessensie moet bly. Hy verwoord die gebeure van konfirmaise soos volg:

> Recent research has made it all-too-clear that the long-term effect of confirmation is limited. Commitments made and the promises offered seem as lasting as the spring lowers adorning the altar during the confirmation serie. (Osmer 1996:xi)

Die navorser wil dit duidelik stel dat om belydenisaflegging na die oorgang van adolessensie te vervroeg op grond van die betrokkenheid, of eerder tekort aan betrokkenheid, vanaf die oorgang waar dit tans is naamlik ontluikende volwassenheid, dieselfde resultate sal lewer, soos duidelik vanuit Osmer se verduideliking na vore

---

63 Vergelyk Vosloo (2016) vir 'n breedvoerige bespreking rondom die problematiek aangaandie die lidmaatskap, doop en belydenisaflegging.

kom. Dit moet nie die oorwegende rede wees indien dit vervroeg sou word nie. Fowler se fases van geloof bied ook insig tot die onbetrokkenheid en kritiese tydperk van beide die lewensfases, adolessensie en ontluikende volwassenheid.

Dit beteken egter nie dat ons die geloofsreis en soeke na identiteit, wat vanuit hierdie peiling duidelik eerder ŉ lewenslange soeke is en nie beperk word tot *adolessensie* of *ontluikende volwassenheid* nie. Avenant (2011:86) beklemtoon ook dat dit ŉ lewenslange reis is na identiteitsvinding. Osmer (1996:170) verwys na konfirmasie, oftewel belydenisaflegging as "*choosing to become who you already are*". Dus, alhoewel Erikson praat van ŉ identiteitsoeke, is dit vanuit ŉ teologiese perspektief juis om te word wie God jou reeds gemaak het, naamlik ŉ mens in Christus (Avenant 2011:86).

In hoofstuk vyf word ŉ peiling van geloofsvorming vanuit ŉ teologies-antropolgiese benadering gedoen, na aanleiding van die inligting in hierdie psigologiese en antropologiese peiling dat identiteitsoeke en bevestiging of verbintenis in God nie net tydens hierdie twee oorgange van belang is nie, maar ŉ lewensreis en dus ook geloofsreis is.

Erikson (1950:246) het self gesê dat identiteit deurgaans in ŉ persoon se lewe belangrik is: " ... we must now recognize the place of identity in the human life cycle..." Dalk moet ons eerder aan belydenisaflegging begin dink as ŉ oorgangsritueel wat tydens verskillende oorgange benut kan word as reling in die liminale fase waarin mense hulself bevind. Dan kan verskeie geleenthede vir herverbintenisse gekep word. Verder moet liturgiese rituele wat hierdie oorgange wil ondersteun, uiteraard geloofsvormend wees en daarom volg juis die teologies-antropologiese peiling in hoofstuk vyf.

Vanuit hierdie peiling is dit vir die navorser duidelik dat die NGK indringend ŉ liturgiese ritueel vir die oorgangsfase na adolessensie sal moet herbedink en ontwerp om gepas te wees vir die fase waarin die kinders hulle bevind. Jong mense kan net beter ondersteun word deur nog ŉ oorgangsritueel en verbintenis- geleentheid te skep. Dit is die navorser se mening dat die huidige formulier (Clasen et al. 2010:121) en gebruike met belydenisaflegging nie gepas is vir die oorgang na adolessensie nie,

maar dat ŉ eerste verbintenis aan die Here in die openbaar van groot waarde in die geloofsvorming en identiteitsbevestiging van kinders kan wees. Kinders of adolessente kan byvoorbeeld voor die gemeente hardop sê dat Jesus die Here is en ŉ doopherinnering, wat fokus op kinders se identiteit, kan gedoen word. Die navorser is oortuig dat selfs net aanpassings en toepassings tydens die oorgang na adolessensie, die leemte kan vul.

Van der Merwe (2013:43) bevestig hierdie gevolgtrekking deur te verwys na statistiek oor kinders se besluitneming aangaande geloof, asook dat die oorgrote meerderheid mense reeds voor die ouderdom van dertien ŉ keuse vir of teen Christus gemaak het. Van der Merwe dui ook aan dat mense wat in hierdie fase van hul lewe ŉ verbintenis maak, in hul later jare meelewende Christene is.

ŉ Laaste opmerking is dat die oorgangsfase na volwassenheid goedskiks ook ŉ liturgiese oorgangsritueel kan benut. Dit wil vir die navorser voorkom of die NGK ŉ gebrek aan oorgangsrituele het en dat ŉ benadering van ŉ lewenslange reis met verskillende bakens en geleenthede vir verbintenisse, die ideale antwoord op die navorsingsprobleem is. ŉ Soeke na identiteit en dus ook verbintenisse is nie beperk tot twee lewensfases nie, soos duidelik in die peiling aangedui is. Vir die doeleinde van hierdie studie en ook omdat die navorser daarvan oortuig is dat te veel verandering en te veel voorstelle wat in ŉ gegewe tydsperiode na gemeentes toe gegee word, op dowe ore sal val. Dus maak die navorser die volgende voorstel na aanleiding van hierdie peiling:

Die navorser is vanuit die teorieë in die peiling oortuig dat die NGK eerder die huidige liturgiese ritueel, *belydenisaflegging*, inrig as ŉ verbintenis wat gemaak word in die oorgangsfase na ontluikende volwassenheid. Dit is in elk geval tydens hierdie fase dat belydenisaflegging tans gedoen word. Nuwe inhoud moet aan die liturgiese ritueel gegee word, bv. ŉ verwysing dat hul ŉ liminale fase betree en dat hul ŉ verbintenis maak om in hierdie onsekere tye vas te hou aan hulle doop. Die formulier kan ook goedskiks verander word, soos duidelik gemaak is in die vorige hoofstuk en peiling.

Daar sal wel indringend gesels moet word om nog oorgangsrituele by hierdie huidige oorgangsritueel te voeg. Die navorser stel voor om eerstens oor belydenisaflegging te

begin gesels en nuut te dink, en dan adolessensie en ander fases liturgies as oorgangsrituele aan te bied.

Hierdie hoofstuk het dus ŉ bydrae gemaak in terme van Osmer (2008:4) se tweede taak, die interpretatiewe taak, naamlik "Waarom gaan dit aan?" Maar terselfdertyd het hierdie hoofstuk ook geraak aan Osmer se derde taak, "Wat behoort aan te gaan?", wat die normatiewe taak is. Hierdie normatiewe taak vra hoekom is daar onsekerheid van die gepaste oorgangsfase, asook watter oorgangsfase is psigologies en antropologies gesproke gepas vir die verbintenis, naamlik belydenisaflegging. In die volgende hoofstuk word ŉ rituele peiling van oorgangsrituele gedoen, na aanleiding van hierdie hoofstuk se peiling en samevatting dat verskillende oorgange in ŉ mens se lewe belangrik is. Die volgende hoofstuk sal dus weereens ŉ poging wees om die interpretatiewe en normatiewe take van Osmer (2008) vanuit hierdie studie te benader.

## HOOFSTUK 4

## 4. OORGANGSRITUELE: ‘N RITUEEL-LITURGIESE PEILING

### 4.1 INLEIDING

Identiteitsontwikkeling, soos duidelik geword het vanuit die vorige hoofstuk, kan nie beperk word tot een lewensfase nie. In ’n mens se lewe sal daar verskeie oorgange of deurgange wees van een lewensfase, identiteit en (her)verbintenis na ’n volgende een. In hoofstuk drie is ’n voorstel om nuut te dink oor belydenisaflegging tydens verskillende psigologiese ontwikkelingsfases, maar met die spesifieke fokus tydens die oorgang vanaf adolessensie na ontluikende volwassenheid.

’n Nuwe belangstelling in die liturgie as vakgebied het die afgelope dekades ontstaan, maar ook spesifiek in terme van die rituele. Sommige beskou die veld, rituele studies, as nog baie jonk en verwelkom gesprekke om dit te laat ontwikkel. Gesprekke in die veld vind juis plaas tussen verskillende velde van geesteswetenskappe, sosiale wetenskappe, liturgie en antropologie (Wepener 2004:52). In hierdie peiling en studie is dit ook duidelik dat ’n multi-dissiplinêre benadering, soos in die inleiding verduidelik, baie waardevol kan wees.

In hierdie hoofstuk sal oorgangsrituele, wat deel vorm van die ondersoekterrein van rituele studies, bestudeer word ten einde beter te verstaan hoe die liturgiese ritueel van belydenisaflegging ’n betekenisvolle bydrae kan lewer as ’n oorgangsritueel na ontluikende volwassenheid. Wepener beskryf die bydrae van oorgangsrituele soos volg:

> Wanneer ons groot oorgange in ons lewe maak, word ons meer intens bewus van ons eie feilbaarheid en dat ons leiding nodig het. In sulke tye verlang mense na hulpmiddels wat die oorgang makliker kan maak.
>
> Wepener (2014:13)

Vanuit die vorige hoofstuk en peiling is dit duidelik dat ontluikende volwassenheid ’n nuwe lewensfase is waar jongmense definitief intens bewus word van hul eie feilbaarheid. In hierdie hoofstuk, ’n ritueel-liturgiese peiling wat beide antropologies en teologies van aard is, sal daar ’n poging aangewend word om Osmer (2008:4) se derde van die normatiewe take, naamlik “Wat behoort aan te gaan?”, te beantwoord. Dus, wat behoort aan te gaan as belydenisaflegging ’n oorgangsritueel is?

## 4.2 RITUEEL

### 4.2.1 Definiëring

Ten einde ŉ peiling oor oorgangsrituele te doen, is dit eerstens nodig om die term *ritueel* te verduidelik. Volgens Grimes (2014:187) het die term *ritueel* tydens verskillende eras verskillende betekenisse gehad. Op ŉ stadium, noem Grimes, het 'ritueel' verwys na ŉ boek[64] wat sekere handelinge voorgeskryf het. Later het die term verwys na geografiese en ander verskillende style binne die Christelike families en liturgieë. Lukken (2005:35) verwys ook na hierdie belangrike ontwikkeling in terme van die term *ritueel* en verduidelik dat in 1910 ŉ artikel oor *ritue*el in die *Encyclopedia Britannica* verskyn het. In die artikel was ŉ ritueel nie meer beskryf (of beperk) tot ŉ boek wat reëls vir liturgie uiteensit nie, maar eerder ŉ tipe simboliese handeling wat ŉ persoon in geloof (en selfs buite die konteks van geloof[65] kan ervaar. Die fokus het dus na die handeling self verskuif.

ŉ Ritueel kan dus beskou word as ŉ handeling[66] wat spesiaal (Grimes 2014:187), transformerend is (Grimes 2014:188) en iets van ŉ dieper werklikheid kommunikeer (Lukken 2005:46). Dit is handelinge wat by herhaling plaasvind, soos Lukken (2005:39) verduidelik, aangesien herhaling essensieel is tot die verstaan van ŉ ritueel. Tog insinueer dit glad nie dat ŉ ritueel altyd op dieselfde, of selfs formuliere, wyse uitgevoer moet word nie (Lukken 2005:46).

Grimes (2010:Kindle Plekmerker 448-449) onderskei tussen die terme en begrippe *rite, ritueel* en *ritualisering*. ŉ *Rite* (*ritus*) is ŉ spesifieke handelinge wat op konkrete plekke en tye plaasvind, maar wat tog anders is as gewone gedrag en aan spesifieke plekke gekoppel word. Dit is handelinge wat deur ritualiste uitgevoer en deur akademici geobserveer word. Dit verwys na ŉ stel handelinge wat deur mense van ŉ spesifieke kultuur herken en aanvaar word. Grimes (2010: Kindle Location 451:455) verduidelik dat rites ook name kan hê soos *Bar Mitzvah*[67] of *doop*, asook dat rites dikwels deel van ŉ groter geheel en rituele sisteem of tradisie is wat ander rites insluit.

---

[64] Dink byvoorbeeld aan die *Handleiding vir die Erediens* (Clasen et a. 2010) van die NGK.

[65] Lukken (20015:36) verduidelik dat hy nie van mening is dat rituele tot geloof beperk word nie, maar hy is wel daarvan oortuig dat die ritueel in ŉ baie spesifieke wyse in geloof uitgedruk word.

[66] Dit is ook nie net om iets te 'doen' nie, maar ook 'hoe' die handeling gedoen word. Vergelyk "Ritual is not a 'what', not a 'thing'. It is a 'how', a quality, and there are 'degrees' of it." (Grimes (2010:526).

[67] *Bar Mitzvah* is die rite waar Joodse seuns 'n man word (Grimes 2010: Kindle Plekmerker 448-449).

*Ritue*el (*ritualis*), meen Grimes (2010:Kindle Location 451-455), dui op ’n algemene idee van wat ’n rite in ’n spesifieke geval is. Wepener (2004:56) beskryf dit as “... ’n meer algemeen wetenskaplike idee wat in die rites ’n werklikheid word. Dus ‘bestaan’ ’n ritueel nie regtig nie, maar is dit eerder ’n idee wat akademici of wetenskaplikes formuleer.” Grimes (2010: Kindle Location 448-449) verwoord dit soos volg: “Ritual is what one defines in formal definitions and characterizations.” Streng gesproke sou ons dus nie van ’n *ritueel* of *rituele* praat nie, maar eerder *ritueel* en *rite*. Ritueel is wat in formele definisies beskryf word en rites is wat mense uitvoer.

*Ritualisering*, verduidelik Wepener (2004:56), is ’n fase na die ontstaan van ’n rite. Grimes (2010: Kindle Location 455-463) definieer *ritualisering*[68] as die doelbewuste handeling of proses om ’n rite te ontwerp of te skep. Ritualisering kan ook verwys na handelinge wat nie deur die kultuur beskou word as ’n ritueel nie, maar dikwels deur ’n observeerder geïnterpreteer word as ’n moontlike ritueel (Grimes 2010:Kindle Location 468-469). Wepener (2004:56) noem dat ritualisering ook rites wat uit alledaagse handelinge ontstaan, insluit.

Die volgende werksdefinisie van Wepener som die definisie van rituele op en dien as vertrekpunt vir die res van die peiling:

> Rituele is dikwels herhaalde, vanselfsprekende, simboliese handelinge, wat altyd interaktief en liggaamlik is, soms vergesel van tekste of formules, gerig op die oordrag van waardes in die individu of die groep, en waarvan die vorm en inhoud altyd kultuur-, konteks-, en tydgebonde is, sodat die betrokkenheid op die werklikheid wat in die ritueel teenwoordig gestel word, altyd ’n dinamiese gegewe bly. (Wepener 2004:75)

### 4.2.2 Eienskappe van rituele

#### 4.2.2.1 Lukken se basiese elemente van ritueel

Lukken (2005:13) noem dat die essensiële komponente van *ritueel* **simbool, simboliese handeling en simboliese taal** is. ’n Simbool, verduidelik hy, is iets anders en meer as ’n teken (Lukken 2005:20). ’n **Teken** veronderstel om geen ruimte vir onduidelikheid of alternatiewe interpretasie-moontlikhede te laat nie. ’n Simbool kan

[68] Die suffiks ‘-isering’ is ’n doelbewuste om juis ’n proses, kwaliteit of ontwikkeling aan te dui, verduidelik Grimes (2010: Kindle Plekmerker 455-463).

woorde, handelinge of objekte wees wat ŉ brugfunksie vervul na ŉ ander, ruimer, dieper, groter werklikheid (Lukken 2005:18).

Lukken (2005:18-19) beskryf ŉ *simbool* as ŉ alledaagse ding waarmee jy in jou onmiddellike omgewing te doen het. Dit is nie iets wat opgemaak of nuut geskep kan word nie en wanneer hierdie simbole gebruik word, hoef jy nie daaroor te reflekteer nie. Hy verduidelik dat daar drie elemente is wat ŉ belangrike rol speel in simbole: dinge of objekte, woorde en handelinge (Lukken 2005:16).

Lukken (2005:22) dui aan dat simbole gelaai is met betekenis en selfs verskeie betekenisse kan hê. Hy verwys na Goethe se werk deur hom soos volg aan te haal: "The symbol is the thing without being the thing, and yet is the thing." Dit is ook anders as ŉ teken omdat dit verwys na ŉ ander realiteit (Lukken 2005:20).

Hierteenoor is 'n *simboolhandeling*[69] (Lukken 2005:22) gelaai met betekenis en deel dit in ŉ wyse met die werklikheid wat dit oproep. Die menslike liggaam vervul hier dit wat simbole gewoonlik buite die mens se liggaam doen, verduidelik Lukken (2005:23).

*Simboliese taal* is anders as simbole en simboliese handelinge deurdat die woorde wat gebruik word as simbolies, juis werklike en nuwe horisonne oproep (Lukken 2005:25-26). Tog hoef simboliese taal nie te formeel of verhoog te wees nie, selfs eenvoudige simboliese taal kan die werklike oproep, verduidelik Lukken.

#### 4.2.2.2 Grimes se elemente van ritueel[70]

Grimes (2014:232 ) is van mening dat dit uiters moeilik is om *ritueel* te definieer en daarom beskryf hy verskillende elemente van ŉ ritueel ten einde ritueel te kan bestuur. Hy noem dat die kleinste eenheid van rituele studies en -navorsing ŉ element van ŉ ritueel is. Die beginsel wat Grimes gebruik, is die van wiskunde deurdat ŉ ritueel eerder die produk van die faktore, oftewel elemente, is (Grimes 2014:262) en dus is die geheel belangriker as die som van die elemente. Hy verduidelik verder dat rituele

---

[69] Liggaamlikheid kan gesien word as ŉ simbool (Lukken 2005:23): "Perhaps it would be better to say that here the human body itself, the human eye, hand, foot, etc., functions as a symbol." Dit beteken volgens Lukken (2005:23) dat om te kniel (in gebed) ook ŉ simbool is.

[S] Sien hoofstuk 2, empiriese ondersoek en liturgiese peiling. Hierdie elemente van ŉ ritueel van Grimes is gebruik om die vraelyste op te stel en die liturgiese ritueel te bestudeer.

in rituele sisteme en -tradisies bestaan. ŉ Rituele sisteem is sinkronies, dinamies en interaktief as ŉ geheel. Daarteenoor is ŉ rituele tradisie diakronies, ontluikend of ontwikkelend en neem af met verloop van tyd, terwyl dit óf baie lank óf van korte duur is.

Grimes (2014:233) noem spesifiek dat hy heelwat kritiek op sy *elemente van ŉ ritueel* ontvang. Hy beantwoord die kritiek deur juis te verduidelik dat een van sy redes om ŉ ritueel te bestudeer in elemente ŉ wetenskaplike (en homself) help om die oorvereenvoudiging van ritueel te weerstaan (Grimes 2014:234). Analise forseer ŉ mens om ‘n ritueel se kompleksiteit te verstaan, asook hoe elke element tot die geheel van ŉ ritueel kan bydra of iets daarvan ontneem.

Hy het sy oorspronklike ses elemente in *Beginnings in Ritual Studies,* hernoem en hergroepeer in *The Craft of Ritual Studies*. Die hoofdoel van die lys is nie om vir wetenskaplikes kategorieë te gee nie, maar eerder om vrae oor ŉ ritueel by navorsers en wetenskaplikes te ontlok. Die elemente[71] is:


- rituele aksies
- rituele akteurs
- rituele spasie
- rituele tyd
- rituele objekte
- rituele taal
- rituele groepe

Op die volgende bladsy is ŉ figuur van Grimes (2014:235) soos hy die elemente uiteensit. In die uiteensetting is daar ŉ oorkoepelende sfeer van (sosiale) kontekste en daardeur probeer Grimes juis aandui dat kontekste[72] waarin ŉ ritueel plaasvind, van uiterse belang is vir die bestudering daarvan.

---

[71] In hoofstuk twee van hierdie studie is die verskillende elemente soos Grimes (2014:242-283) dit uiteensit, reeds verduidelik.

[72] Deel van Post (2001) se matriks vir Liturgiese Wetenskaplike navorsing is juis dat konteks (kultureel en antropologies) belangrik is en dat dit in ag geneem moet word tydens die bestudering van rituele.
Vergelyk Lukken (2005:524) “Christian ritual cannot retain its identity by jumping over culture. It is always incarnate in a particular culture. Therefore, Christian ritual has a changing shape, and we in




Figuur 3: Grimes (2014:235) se voorstelling van elemente van ʼn ritueel:

#### 4.2.2.3 Grimes se karaktereienskappe van ritueel

Wepener (2004:56) verduidelik dat Grimes nie net onderskeid tref tussen die drie terme of begrippe *rite, ritueel en ritualisering* nie, maar dat Grimes definisies van wat ʼn ritueel is, te kompak en onbehulpsaam vind. Daarom gee Grimes (2010:Kindle Location 526) eerder karaktereienskappe, oftewel ʼn lys van kwaliteite van ʼn ritueel. Hy verwys daarna as ʼn ‘familie van karaktereienskappe’. Wepener (2004:56) noem spesifiek dat elke ritueel hoef nie noodwendig al die kwaliteite van Grimes se lys te bevat nie. Grimes (2010: Kindle Location 526) verduidelik dat die karaktereienskappe eerder aanduidings kan wees van wanneer ʼn handeling in die rigting van ʼn ritueel beweeg.

Grimes (2010:Kindle Plekmerker 534-562) se lys van kwaliteite van ʼn ritueel:

- gedramatiseer, beliggaam, uitgevoer en uitgebeeld
  (nie net gedink of verbaliseer nie)
- geformaliseer, uitgelig, gestileer, en gedifferensieer
  (nie gewoon, eenvoudig of ongedifferensieerd nie)
- herhaalbaar, oortollig, ritmies
  (nie enkelvoudig of eensydig nie)

---

our culture are in search of a new shape for this ritual. Moreover, we in our culture have become aware that there are many systems of meaning.”

- kollektief, geïnstitusionaliseerd, konsensueel
  (nie persoonlik of privaat nie)
- patrone, onveranderlik, gestandaardiseer, stereotipies, georden, geoefen
  (nie geïmproviseer of spontaan nie)
- tradisioneel, argaïes, oorspronklik
  (nie uitgevind of kontemporêr nie)
- belangrik of waardevol geag, diep belewenis, sentimenteel, betekenisvol, ernstig
  (nie onbelangrik of oppervlakkig nie)
- gekonsentreerd, veelkantig
  (nie voor die hand liggend, benodig interpretasie nie)
- simbolies, verwysend
  (nie net tegnologies of hoofsaaklik ’n middel-tot-die-doel oriëntasie nie)
- vervolmaak, geïdealiseer, suiwer, ideaal
  (nie konflikgedrewe of onderhewig aan kritiek en mislukking nie)
- dramaties, speels
  (nie hoofsaaklik verduidelikend of sonder spesiale raamwerk of grense nie)
- paradigmaties
  (nie oneffektief in modellering van ander rites of nie-rites nie)
- misties, transendentaal, religieus, kosmies
  (nie sekulêr of sommer net empiries nie)
- aanpasbaar, funksioneel
  (nie obsessief, neuroties of disfunksioneel nie)
- bewus, opsetlik
  (nie onbewustelik nie)

Hierdie verskillende kwaliteite het verseker ’n invloed op mekaar wanneer ritueel oorgaan tot die aksie en uitvoer van ’n rite. Mens sou hierna kon verwys as die wederkerige[73] effek wat die kwaliteite op mekaar het (Van der Merwe 2017:69).

#### 4.2.2.4 Lukken se bykomende dimensies van ritueel

Lukken (2005:54-74) se **dimensies** van rituele:

1. bemiddelende dimensie tot die verlede en toekoms
2. formaliserende dimensie

[73] Vergelyk Post (2001:57) wat die term *interferensie* gebruik om na hierdie wederkerigheid van ’n ritueel te verwys.

3. verdigtingsdimensie
4. (las)verligtende en kanaliserende dimensie
5. terapeutiese dimensie
6. ekspressiewe dimensie
7. beswerende dimensie
8. etiese dimensie
9. sosiale dimensie
10. politieke dimensie

ŉ Opsomming van die beskrywing van die dimensies,[74] na aanleiding van Wepener & Van der Merwe (2009:206-209) se verkorte, aangepaste beskrywing van Lukken (1994:54-74) se beskrywing van die verskillende dimensies, is soos volg:

**1. Bemiddelende dimensie tot die verlede en toekoms**

Kontinuïteit met die verlede kan gewaarborg word deur rituele, aangesien bekendheid van rituele ŉ gerusstellende gevoel, orde en rus bring.

**2. Formaliserende dimensie**

Die dimensie gaan hand-aan-hand met die herhalingsaspek van rituele en dit behels dat rituele woorde of handelinge verkort en op ŉ ekonomiese wyse gekommunikeer word.

**3. Verdigtingsdimensie**

Die gewone, alledaagse word uitgelig en sodoende verdig om werklikheid (deur die voorwerp, handeling of woord) uit te lig en selfs te sakraliseer.

**4. (Las)verligtende en kanaliserende dimensie**

Dit beteken om die las van ŉ mens se skouers af te haal en dus vooraf te besluit hoe hy of sy daarin gaan optree. Die emosies wat ŉ mens tydens ŉ krisis ervaar, kan byvoorbeeld gekanaliseer word. Emosies word juis gekanaliseer om ŉ situasie beter en meer effektief te kan hanteer.

---

[74] Vergelyk Lukken (2005:54-74) vir ŉ breedvoerige bespreking. Wepener & Van der Merwe (2009:206) lys hierdie dimensies van Lukken onder hul bespreking van waarom rituele waardevol is. Wepener en Van der Merwe noem verder dat elke dimensie ook die potensiaal het van ŉ gevaarlike kant. Daarom, verduidelik hul, is kritiese toetsing van rituele noodsaaklik.

5. **Terapeutiese dimensie**
   Dit is die herstel van kontak met dit wat dieper van die mens se bestaan is. Hierdie dimensie kom binne pastoraat ook voor.

6. **Ekspressiewe dimensie**
   Die ritueel gee gestalte aan wat beleef word. Dit behels ook dat meer rituele geskep word vir die nuwe belewings wat daar is.

7. **Beswerende dimensie**
   Negatiewe kragte kan ontfinaliseer word deur met die ritueel aan te dui dat negatiewe kragte nie die laaste woord het nie.

8. **Etiese dimensie**
   Dit is ŉ lewens- en wêreldbeskouing wat in die dimensie van rituele teenwoordig is. Soos die ritueel ŉ spesifieke verwysingsraamwerk inskerp, vorm dit die deelnemer van die ritueel en beïnvloed dit ook die dade van die deelnemer.

9. **Sosiale dimensie**
   Hierdie ritueel fokus nie primêr op die 'ek' nie, maar eerder op kollektiwiteit tussen mense. Dit kan die verlengde gemeenskap, bv. generasies voor of na ons, insluit.

10. **Politieke dimensie**
    Dit is rituele wat ŉ rol speel in die vestiging, beëindiging en bevordering van die mag van politieke instansies.

#### 4.2.2.5 Grimes se modus van ritueel

Grimes (2014:203) verduidelik hoe hy nie ŉ gepaste klassifikasie van ritueel kon vind of konstrueer nie en dus het hy ŉ ander spoor gevolg. In *Beginnings of Ritual Studies,* het Grimes ses rituele modusse geïdentifiseer: ritualisering, dekorum, seremonieel,

bo-natuurlik, liturgies[75] en viering. Tog was Grimes nog nie tevrede nie,[76] maar terselfdertyd wil hy dit ook nie net 'weggooi' nie, verduidelik hy in *Craft of Ritual Studies* (Grimes 2014:203-204). Hy het sy modus[77] van ritueel aangepas en uitgebrei met nog vlakke, oftewel lae van aksies, motiverings en waardes. Op die volgende bladsy is ŉ figuur van Grimes se modi van ŉ ritueel.

[75] Barnard et al. (2014) gebruik die term *liturgiese ritueel* om klem te lê op beide die teologiese en antropologiese aspekte daaraan verbonde. Belydenisaflegging, soos reeds in die inleiding van die studie aangedui, is ŉ liturgiese ritueel volgens beide Barnard et al. (2014) en Grimes (2014) se verdeling.

[76] Vergelyk Grimes (2014:203) se eie kritiek is dat die modus nie alle rituele insluit nie en dat daar ander rituele is wat weer in verskeie van die modusse geplaas kan word.

[77] Post (2015:11) verwys ook na kuberruim-rituele.

**Figuur 4. Grimes (2014:203-204) se modi van ritueel:**

| *Modes↓* | *Layers/Levels* | *Examples* | *Actions/Verbs* | *Ethos/Moods/ Motivations* |
|---|---|---|---|---|
| **Ritualization** | bodily<br>ecological<br>psychosomatic | mannerisms<br>habits<br>symptoms | being<br>doing<br>embodying<br>being related to | matter of fact<br>ordinary<br>driven<br>genetic<br>instinctual |
| **Decorum** | interpersonal<br>formal | greeting<br>departing<br>bowing | cooperating<br>being together | polite<br>respectful<br>expected<br>appropriate |
| **Ceremony** | intergroup<br>political<br>economic | inaugurations<br>rallies<br>legalities | competing<br>ranking<br>deferring | contentious<br>competitive<br>enforced<br>compelled<br>obedient<br>declarative |
| **Magic** | causal<br>means-end<br>oriented<br>technological | healing<br>fertility<br>divination<br>sacrifice | making<br>causing<br>manipulating | ambivalent<br>anxious<br>desired<br>imperative |
| **Liturgy** | religious<br>sacred<br>ultimate | meditation<br>invocation<br>praise | valuing<br>aspiring | reverent<br>attuned<br>right<br>correct |
| **Celebration** | expressive<br>ludic<br>dramatic<br>aesthetic | festivals<br>birthdays<br>feasts | playing<br>pretending | festive<br>exuberant<br>creative<br>spontaneous<br>subjunctive |

#### 4.2.3 Bydrae of waarde van rituele

Ammerman (1998:84) verduidelik dat rituele beide betekenis en verhouding wat sentraal is tot die identiteit van 'n **gemeenskap** kommunikeer. Alle rituele, verduidelik sy, help eintlik om 'n gemeenskap te skep wat hulle toepas. Rituele gee uitdrukking **tot wie ons is en skep terselfdertyd wie ons is.**

Daar is ander rituele eerder op die groep fokus en nie die individu nie. Hierdie rituele verdiep en **versterk die groep se verbintenis tot die gedeelde oortuigings en betekenis**. Verder is daar ook rituele wat op die individu se lewe fokus, na aanleiding van hoe die individu deelneem aan en in die groep. Hierdie word oorgangsrituele genoem, verduidelik Ammerman (1998:86).

Wepener en Van der Merwe (2009:203) noem drie redes waarom (liturgiese) rituele belangrik en waardevol is:

1. Rituele is deel van ons Joods-Christelike identiteit en tradisie.[78]
2. Rituele betrek die héle mens in sy of haar volle sintuiglikheid en nie net verstandelik nie.[79]
3. Rituele is die manier hoe simbole[80] sinvol hanteer kan word.

Wat is die funksie of doel van 'n ritueel? Wepener en Van der Merwe (2009:205) verwys na Pat Keifert se werk en die onderskeid wat Keifert tref tussen twee hooffunksies van 'n ritueel: ***bewaring en hervorming*****:**

[78] Vergelyk Wepener & Van der Merwe (2009:204) noem dat die gevaar bestaan dat rituele ontwerp en gebruik word sonder dat die ritueel verbind word aan die heilswerk en storie van God met sy kinders. Die rykdom van ons sakramente kan goedskiks herontdek en -waardeer word.
[79] Vergelyk Vosloo (2016:119-139) vir indieptebespreking van die liggaamlikheid van die mens en belydenisaflegging.
[80] Wepener en Van der Merwe (2009:204) verdeel rituele hantering van simbole tussen private en publieke simbole.

1. **Rituele wil bewaar:**


   Rituele kan te midde van dreigende chaos, orde vestig en ons anker in ons kernwaardes. Dit wil dikwels ook **help om identiteit te definieer**.[81]

2. **Rituele wil hervorm:**

   Ritueel fasiliteer transformasie op ŉ dinamiese wyse deur die onderhandeling en **toe-eiening van nuwe waardes**.[82]

**Figuur 5: Rituele funksiediagram van Keifert**, soos Wepener en Van der Merwe (2009:205) dit uitbeeld:

:




Rituele lewer dus ŉ positiewe en waardevolle bydrae tot die ontdekking en bevestiging van identiteit, asook die toe-eiening van waardes. Dit is waar en waardevol vir die oorgange van een lewensfase na ŉ volgende fase, verduidelik Wepener en Van der Merwe (2009:205). Rituele is dus beide identiteits-[83] en geloofsvormend van aard, maar ook waardevol en betekenisvol omdat liturgiese rituele juis ruimtes skep waar God ontmoet kan word (Smith 2009:150).

[81] Wepener & Van der Merwe (2009:205) verwys hier spesifiek na lewensfases en identiteit en die gerusstelling dat dit goed is om in daardie fase te wees.
[82] Wepener & Van der Merwe (2009:205) noem spesifiek die oorgang na ŉ ander lewensfase met begeleiding om ŉ identiteit te herdefinieer.
[83] Vergelyk Smith (2009:58) "…trough ritual and repetition precisely because our hearts (site of habits) are so closely tethered to our bodies. The senses are portals to the heart, and thus the body is a channel to our core dispositions and identity."

### 4.2.4 Kategorieë vir rituele

Bell (1997:73) dui aan dat Emile Durkheim rituele verdeel het in twee fundamentele tipes rituele aksies - een negatief en die ander een positief. Negatiewe rituele poog om die menslike en heilige werklikheid te skei deur beperkings te stel. Positiewe rituele poog daarteenoor om die menslike en heilige werklikhede in die gemeenskap met mekaar en in kontak met mekaar te bring. Victor Turner, verduidelik Bell (1997:93) het hierdie twee sisteme van Durkheim geïgnoreer en eerder rituele verdeel in rituele vir lewenskrisisse of rituele tydens benoude of beproefde tye.

Grimes stel sestien verskillende kategorieë vir rituele voor, volgens Bell (1997:93:94): oorgangsrituele, troues, begrafnisse, feeste, pelgrimstogte, suiwering, siviele seremonies, uitruilingsrituele, offergawes, aanbidding, towerkuns, genesing, interaksie, meditasie, omkering en rituele drama.

Daarteenoor gee Bell (1997:94) ses kategorieë van rituele aksies wat ŉ pragmatiese kompromie is tussen volledigheid en eenvoud: oorgangsrituele, kalendriese en herdenkingsrituele, uitruilingsrituele en gemeenskap, rituele tydens beproewing, maaltye, vas, feeste en politieke rituele.

Bell (1997:94) is van mening dat dit nie ŉ volledige lys is nie en dat verskeie rituele in meer as een kategorie kan val. Nietemin dien hierdie kategorieë tog as hulpmiddel om te verstaan watter verskillende rituele daar is. In die volgende afdeling gaan een van die kategorieë van Grimes en Bell bestudeer word, naamlik oorgangsrituele.

## 4.3 OORGANGSRITUEEL

### 4.3.1 definiëring[84]

> Effective rites of passage are enacted, they carry us from here to there in such a way that we are unable to return to square one. To enact any kind of rite is to perform, but to enact a rite of passage is also to transform. (Grimes 2000:7)

[84] Bells, Grimes en Lukken se werk en definiëring van rituele en oorgangsrituele is gebaseer op Van Gennep en Turner se werke. Vergelyk Van Gennep, A. 1960. *The Rites of Passage*. Chicago: University of Chicago Press & Turner, V.W. 1967. 'Betwixt and Between: The Liminal Period in Rites de *Passage',* in *The Forest of Symbols. Aspects of Ndembu Ritual.* Ithaca, New York: Cornell University Press.

Grimes (2000:103) verwys na die klassieke werk van Arnold van Gennep, *The Rites of Passage* (1960) en Grimes noem dat dié werk oorspronklik in 1909 in Frans geskryf is en na Engels vertaal is in 1960. Bell (1997: 94-95) beskryf oorgangsrituele as seremonies wat tydens groot lewensfases,[85] soos **geboorte, volwassewording, troue en dood**, plaasvind deur die fases te dramatiseer. Te danke aan Van Gennep word daar verwys na die vier groot oorgange tydens ŉ persoon se lewe. Hierdie teorie van Van Gennep is volgens Grimes (2000:203), gebaseer op die beginsel van verandering, oftewel die feit dat dinge verander. Grimes verwoord dit soos volg:


> …a person passes through a series of relatively static, clearly defined positions, which he (Van Gennep) called statuses. At junctures between these positions are pivots, at which one's life trajectory veers, changing direction. These turning points are moments of intense energy and danger, and ritual is the primary means of safely navigating the rapids… (Grimes 200:203)

Daar word na oorgangsrituele verwys as lewensiklus of -krisisrituele, maar binne die huidige kultuur dui dit op ŉ persoon se oorgang van een sosiale fase na die volgende. Hierdie rituele vorm ŉ integrale deel van die waardes en idees wat persoonlike identiteit asook sosiale organisasie en kulturele tradisie vorm, verduidelik Bell (1997:95).

Van Gennep, verduidelik Wepener (2014:25), het drie onderskeibare fases in ŉ ritueel[86] geïdentifiseer, naamlik **skeiding, grens (*limen*[87]) en herintegrasie**. Al drie die fases is in een oorgangsritueel teenwoordig: Die losmaking, tussenstaat en later integrasie in ŉ bepaalde groep.

[85]Vergelyk Bell (1997:101-102) oorgangsrituele beïnvloed nie net die sosiale sfeer nie, maar ook die psigologiese sfeer.
[86]Vergelyk Bell (1995:95) noem dat Van Gennep alle rituele as oorgangsrituele met ŉ drie-fase proses beskou.
[87] Wepener (2014:25) verduidelik dat *limen* ŉ Latynse woord vir 'drumpel; is. Dit is ook waar die term liminaliteit vandaan kom, wat onder 4.3.2 bespreek word.

**Figuur 6: Van Gennep se drievoudige skema** soos voorgestel in Grimes (2000:104):




Van Gennep gebruik die Latynse term *limen*, verduidelik Grimes (2000:10), en gebruik die term om die drie verskillende sones naamlik preliminaal, liminaal en postliminaal, aan te dui. Hierdie benaming trek juis aandag na die sentrale fase van liminaliteit. Die skeiding, oorgang en herintegrasie, meen Grimes, dui op ŉ dinamiese proses wat aandui op fases[88] van ŉ proses as merker op ŉ kaart. Bell (1997:94) verduidelik dat daar in ŉ rituele proses losgemaak of wegbeweeg word vanaf een sosiale groep of sosiale identiteit en deur ŉ fase van geen identiteit of affiliasie beweeg na ŉ ander sosiale groep en ŉ nuwe identiteit.

Van Gennep se teorie is gebaseer op ŉ analogie van sosiale beweging, soos verduidelik in die voorafgaande paragraaf. Sosiale beweging dui op ŉ verandering of oorgang van status wat liggaamlike en ruimtelike beweging behels. Grimes (200:203) verduidelik dit aan die hand van wanneer ŉ persoon deur ŉ internasionale grens moet beweeg. Grimes gebruik ook ŉ tweede voorbeeld van wanneer iemand selfs net deur ŉ ingang van ŉ deur beweeg. Daar is skeiding in beide van die voorbeelde - tussen die twee grense van ŉ land en skeiding tussen verskillende vertrekke in ŉ huis. In beide gevalle is daar ŉ area, oftewel sone, wat in daardie oomblik 'nie hier of daar' (*Betwixt and Between)* is nie, maar waar daar van rituele gebare soos begroeting of paspoorte gebruik gemaak word om deur te beweeg (Grimes 2000:6).

[88] Oorgangsrituele beweeg deur al drie die fases, tog het Van Gennep geglo, dat verskillende rituele, verskillende momente van die drie fases beklemtoon (Grimes 2000:10).

Hierdie sones, of soos Grimes daarna verwys as 'n niemandsland, kan gevaarlik wees, aangesien daar baie simboliese betekenis is. 'n Oorgangsritueel kan 'n mens juis veilig en betekenisvol daardeur lei (2000:6). Dit is waar dat oorgange sonder 'n oorgangsritueel kan plaasvind, maar soos Grimes (2000:5) verduidelik, in die afwesigheid van 'n oorgangsritueel is daar die moontlikheid en gevaar om deur die gevaarlike oorgange van 'n mens se lewe te beweeg.

Dus is die doel van 'n oorgangsritueel om te verseker dat genoegsame aandag (spiritueel, psigologies en sosiaal) tydens die oorgange en gebeurtenisse gegee word. Grimes (2000:6) meen dat dit oor die langtermyn nadelig vir 'n persoon sal wees. Hy stel dit soos volg: "Unattended passages become spiritual sinkholes around which hungry ghosts, those greedy personifications of unfinished business, hover." Grimes (2000:6) meen dat 'n goeie en betekenisvolle oorgangsritueel sal afhang van drie kern-beginsels: die menslike ontwikkeling, die fase van die oorgang en die ervaring van rituele transformasie.

### 4.3.2 Liminaliteit

Turner[89] het op sy beurt Van Gennep se basiese idee oorgeneem en dit ook in terme van drie fases beskryf,[90] verduidelik Wepener (2014:27), en som dit soos volg op: **skeiding** (losmaking van 'n individu of groep of sosiale of kulturele omstandighede)**, liminale periode** (tussenstaat)**, herintegrasie** (oorgang word voltooi en nuwe sosiale posisie word verkry met voorregte en verantwoordelike). Grimes (2000:122) noem dat Turner sy belangstelling in oorgangsrituele behou het en dit eintlik die model gemaak het om rituele in die algemeen te verstaan. Hy beklemtoon dat liminaliteit deel van elke ritueel is.

Turner se werk oor *The ritual process* wat in 1969 gepubliseer is, verduidelik Grimes (2000:121), is wyd gelees en erken deur wetenskaplikes. Grimes verstaan Turner se werk en die klem van liminaliteit nie as 'n fase in 'n inisiasie-ritueel nie, maar eerder as 'n "betwixt and between"-spasie. Dit is juis in die liminale fase wat 'n ritueel

---

[89] Grimes (2000:121) verduidelik dat 'n nuwe teoretiese visie vir rituele in die 1960's en 1970's ontwikkel het as gevolg van die werk van Turner. Turner, verduidelik Grimes, was verantwoordelik vir die radikale, nuwe denke oor ritueel.

[90] Kritiek teen Turner is dat daar inisiasie-rituele is wat nie by sy drievoudige skema pas nie (Grimes 2000:131), maar moontlik net twee van die fases behels.

transformerend van aard kan wees en daarom is alle werklike rituele transformerend[91] van aard.

Ammerman (1998:87) verduidelik Turner se verstaan van liminaliteit as 'n tyd wat jy nie meer is wie jy was nie, maar ook nog nie wie jy gaan word nie. Dit is 'n tyd vir eksperimentering en om reëls te breek, noem Ammerman. Verder kan 'n liminale periode ook 'n tyd vir selfondersoek en refleksie wees.[92]

Liminaliteit is 'n staat van oorgang waardeur 'n *communitas*,[93] soos Turner dit beskryf (Wepener 2014:27), kan ontstaan. Grimes (2000:122) dui aan dat Turner daarvan oortuig was dat 'n tydelike sorggemeenskap ontstaan tydens die liminale fases in 'n ritueel en hy het dit *communitas* genoem. Turner het hierdie fase beskou as 'n struktuur van moontlikhede waar 'n geordende situasie op formele wyse kan funksioneer, verduidelik Wepener.

Wepener (2014:29) verduidelik dat liminaliteit[94] eintlik neerkom op 'n tipiese 'op weg wees'.[95] Hy verwys na Coenie Burger se beskrywing van liminaliteit, wat liminaliteit as 'n woestyntyd beskryf. Wepener noem wel dat daar ook in die *communitas*-fase 'n fase van kreatiwiteit kan ontstaan. Dus is daar tydens liminale tye en oorgange juis die moontlikheid en geleentheid vir groei en ontwikkeling.

Cilliers (2010:345) verduidelik dat liminaliteit ook nie 'n vreemdeling in die lewe van geloof is nie. In die Skrif is daar verskeie ervaringe en metafore vir liminaliteit, bv. die oop graf, die wildernis en die uittog.

[91] Turner het rituele wat slegs die *status quo* bevestig het, eerder seremonies genoem (Grimes 2000:121).
[92] Hierdie beskrywing sluit direk aan by Arnette se beskrywing en identiteitsoeke tydens ontluikende volwassenheid in hoofstuk drie.
[93] Wepener (2004:29) verduidelik dat *communitas* potensiaal het en nie vasgelê is nie. Daarom is *communitas* 'n goeie fase waarin mense aan die hand van die Skrif en ritueel na 'n nuwe *societas* begelei kan word.
[94] Barnard (2010) dui aan dat liminaliteit vandag iets is wat nie tot 'n fase in 'n oorgangsritueel of sekere groepe beperk word nie. Dit het eerder die stand van sake geword en liminaliteit het die middelpunt van die samelewing geword.
[95] Wepener (2014:29) noem dat Christene se hele lewe op aarde 'n eskatologiese, liminale periode is - iets tussen die 'alreeds' en die 'nog nie' van die koninkryk van God, asook iets van vreemdeling en pelgrim-wees met Bybelse beloftes.

### 4.3.3 Oorgang na volwassenheid[96]

Lukken (2005:394) verduidelik dat die oorgang van kind na volwassenheid in alle kulture deur inisiasie-rituele uitgeken en deurgegaan word. Dit bestaan uit Van Gennep se drie fases van ŉ oorgangsritueel: vanaf skeiding, intermediêre fase van ontdekking en inisiasie in die nuwe fase van volwassenheid. Lukken dui aan dat die tussen-in fase (liminale fase) van kardinale belang is en juis daarom kan daar na inisiasie verwys word as ŉ oorgangsritueel.

Grimes (2000:98) noem dat inisiasie[97] (oorgang na volwassenheid) in teorie rituele is wat transformasie vanaf ŉ ou status na ŉ nuwe status te weeg bring. Wat is die ouderdom van hierdie oorgang? Grimes (2000:102) verduidelik dat die inisiasie na volwassenheid die fokus is, maar dat daar ŉ konseptuele probleem is oor wanneer volwassenheid bereik word. Hy verduidelik dat kulture van mekaar verskil en dat inisiasie-rituele nie op ŉ spesifieke ouderdom kan plaasvind nie, maar dat volwassewording eerder ŉ proses is en dat daar geen universele[98] tyd is om dit te vier nie. Lukken (2005:400) noem spesifiek dat inisiasie voltooi is wanneer ekonomiese onafhanklik sowel as stabiliteit in verhoudings bereik is. Dit sluit weereens nou aan by Arnette se beskrywing van ontluikende volwassenheid na volwassenheid in hoofstuk drie.

Is inisiasie-rituele, oftewel oorgangsrituele na volwassenheid, nodig? Grimes (2000:91) beklemtoon dat die afwesigheid[99] van oorgangsrituele eintlik ŉ afbreek maak aan die proses van ŉ persoon wat groei na volwassenheid. ŉ Verdere implikasie is dat die samelewing nie meer ŉ duidelike verwagting het van hoe mense spesifieke rolle moet vervul nie en dus weet mense ook nie meer wat die (volwasse) verwagtinge van die samelewing se kant is nie. Lukken (2005:376) gebruik spesifiek die term

---

[96] Grimes (2000:51) noem dat konfirmasie, belydenisaflegging, Christenskap se 'volwasse' ritueel geword het as inisiasie in ŉ seremoniële volwassenheid.

[97] "Time and time again this becoming an adult through initiation ritual also appears as a religious event." (Lukken (2005:394).

[98] Grimes (2000:102) noem ook dat tussen verskillende geslagte verskillende ontwikkeling is.

[99] Vergelyk Bell (1997:101) "It is often suggested that the lack of clear life-passage rites in American culture has contributed to the loss of community and a growing sense of social alienation. Some scholars and social critics have even argued that without formal testimony to their passage into adulthood, young people are pressured to prove themselves, both personally and publicly, in rash displays of daring or excess."

‘inisiasie’ om te verwys na die oorgangsrituele vir wanneer iemand ŉ volledige lid van ŉ samelewing word. [100]

Is daar net inisiasie-rituele na volwassenheid en inisiasie as lid van ŉ gemeenskap? Alle soorte oorgange in ŉ mens se lewe bevat ŉ mate van ŉ inisiasie-karakter, verduidelik Lukken (2005:376). Die lewe bestaan daaruit om herhaaldelik te laat gaan en te werk na iets. Daar sal deurlopend in ŉ mens se lewe ŉ proses van doen, stop, wag, rus en nuwe maniere van doen wees. Die lewe het baie oorgange en elke een is ŉ ander tipe ommekeer wat met ŉ tipe inisiasie-ritueel gepaard kan gaan.

## 4.4 DAAR IS MEER (OORGANGE)

> Some passages we know are coming; others happen to us. (Grimes 2000:5)

Wepener (2014:19) noem dat daar tradisioneel na oorgange verwys word as geboorte, volwassewording, huwelik en die dood as die groot oorgange in die mens se lewe. Maar *daar is meer*![101] Daar is meer oorgange as net die vier en daar is ook meer betekenis aan dié oorgange, juis omdat hulle ook voortdurend verander, soos Wepener (2014:19) verduidelik.

Grimes (2000:5) noem ander geleenthede as die vier groot of tradisionele oorgangsrituele, wat soms selfs moeilike geleenthede is wat ook sou kon doen met ‘n oorgangsritueel. Hy noem spesifiek om skool toe te gaan, aborsie, ernstige siektes, egskeiding, werkloosheid, verkragting, menopouse en aftrede. Nauta (2001: 97) ‘n Nederlandse teoloog, verdeel rituele en die lewensverloop van die mens in agt fases (meer as net vier). Hy omskryf elke fase aan die aard van die fase en die soort rituele wat daarby gepas is.[102]

---

[100] Vergelyk Wepener (2007) vir ŉ uiteensetting van die verval van die *kategumenaat* wat in wese ŉ inisiasieproses was, asook Lukken (2005:377).
[101] Vergelyk Wepener, Bothe-Smith (2017) *Daar is meer*. ŉ Boek vir roetemerkers by lewensoorgange en spesifiek vir die laaste oorgang na die dood.
[102] Vergelyk Erikson (1966) se *Ontogeny of Ritualization in Man,* vir ŉ breedvoerige bespreking van die mens en ritualisering.

Nauta (2001:97) Skema: Ritualiteit per lewensfase:

| Leeftydfase | Ritueel | Dinamiek |
|---|---|---|
| Vroegste kindertyd | Begroeting | Erkenning, oorgawe |
| Vroeë kindertyd | Oordeel | Distansiëring, beoordeling |
| Kleutertyd | Spel | Dramatisering, identifikasie |
| Laerskoolfase | Metode | Dissiplinering, ordening |
| Puberteit | Debat | Vestiging van oortuigings |
| Jong volwassenheid | Paring | Samehorigheid in gevoelens |
| Rype volwassenheid | Sorg | Onderrig, sorg |
| Ouderdom | Afskeid | Aanvaarding, besinning |

Grimes (2000:103) onderskei ook tussen oorgangsrituele tydens die kinderjare. Hy verdeel dit soos volg: Vanaf kinderjare volg ŉ **oorgang na adolessensie** en dus inisiasie-ritueel wat die einde van die kinderjare aandui en die betreding van adolessensie. Daarna volg die inisiasie-ritueel vanaf adolessensie **na vroeë volwassenheid**. Grimes beskou hierdie verdelings as noodsaaklik, aangesien die groot vier, naamlik geboorte, volwassewording, trou en dood, nie elke samelewing se verdeling van lewensfases insluit nie (Grimes 2000:103 en vergelyk Lukken (2005:397)) en ook nie universeel[103] kan wees vir alle kulture, gelowe, geslagte of individue nie (Grimes 2000:287). Grimes (2000:188) noem spesifiek dat daar ŉ leemte is tussen die huwelik en die dood, in terme van oorgangsrituele. Mense neem deel aan rituele, maar nie aan oorgangsrituele tydens die lewensfases nie. Daar is tog meer!

Lukken (2005:434) noem spesifiek dat mense in die huidige samelewing met verskeie oorgangsituasies te doen kry en dat tradisie geen model vir die tipe rituele bied nie. Indien ontwikkelingsfases moontlik klein oorgange van inisiasie behels, is die vraag eerder of daar in die geheelbeeld nie eerder *sentrale roetemerkers* kan wees om moontlike oorgange aan te dui nie (2005:399).

[103] Vergelyk Grimes (2000:188) "Only by refusing to think comparatively can we get away with regarding the human life course as if its structure were obvious and universal however natural a life-cycle scheme may appear, it is not a given, not 'the' life cycle. The sequence of life stages is not genetically determined, regardless of how biological the underlying processes are."
En vergelyk ook Grimes (2000:287) "The belief that human life follows a developmental course or map is a long-standing feature of Western conceptions of self."

Lukken (2005:434) stel die volgende roetemerkers op hierdie reis van oorgange in die lewensfases voor:

1. Vier- tot sesjarige kinders wat laerskool toe begin gaan
2. Die oorgang van laer- na hoërskool
3. Die oorgang van hoërskool na tersiêre onderrig of werksomgewing
4. Finalisering van tersiêre onderrig en die oorgang na ŉ beroep.

Daar is meer oorgange as net die tradisionele vier en dus is daar meer geleenthede waar pelgrims, jonk en oud, op hul lewens- en geloofsreis hul geloof kan bevestig en aan ŉ tipe reling of brug, oorgangsritueel, kan vashou, terwyl hul die onsekere liminale fases oorsteek.

## 4.5 BELYDENISAFLEGGING AS (LITURGIESE) OORGANGSRITUEEL(E)

Die modus van belydenisaflegging is liturgies van aard (Grimes 2014:203-204) met ŉ religieuse laag. Verder is dit vanuit 4.2.3 se bespreking van die waarde of bydrae van rituele vir die navorser duidelik dat die liturgiese ritueel, *belydenisaflegging*, van groot waarde kan wees in die identiteitsvorming en geloofsvorming van mense ongeag hul ouderdom.

Na aanleiding van die vorige hoofstuk se peiling is dit duidelik dat rituele wat kan bydra om identiteit te vorm van groot waarde sal wees tydens ontluikende volwassenheid asook adolessensie. Wepener (2014:9) noem dat ons liturgiese handelinge en rites eintlik gereeld nodig het, maar dat ons dit nog soveel te meer nodig het in onsekere tye en oorgange. Dit sluit dus direk aan by die vorige peiling wat identiteitsoeke tydens ontluikende volwassenheid en adolessensie aangedui het. Tog is dit vanuit beide die vorige peiling, asook hierdie peiling duidelik dat identitetsoeke ŉ lewenslange reis is.

Die kategorie van hierdie liturgiese ritueel kan verseker ŉ oorgangsritueel wees, soos Bell (1997) dit uiteensit en soos beskryf onder punt 4.3.1. Belydenisaflegging kan verseker meer wees as net ŉ oorgangsritueel, maar dit kan van onskatbare waarde wees om as oorgangsritueel toegepas te word. In ŉ sekere sin het belydenisaflegging ontwikkel in ŉ inisiasie-ritueel, soos onder punt 4.3.3 verduidelik is, wat rituele na volwassenheid ten doel het.

Belydenisaflegging sal goedskiks as oorgangsritueel vir ontluikende volwassenheid (onthou dit is die lewensfase waar dit tans plaasvind) gebruik kan word. Dit kan liturgies beter of dalk meer betekenisvol ingerig word as die oorgangsritueel. Terme van skeiding, liminaliteit en integrasie kan goedskiks by die formuliere ingewerk word. In hoofstuk twee was daar voorstelle aangaande hoe om die formulier van belydenisaflegging aan te pas.

Tog wonder die navorser waarom die NGK so arm is aan oorgangsrituele vir ander lewensfases. Bell (1997:98) noem dat verskeie geloofstradisies die hele lewe van die mens as reeks oorgangsrituele beskou. In die Oos-Ortodokse en Rooms-Katolieke kerk is daar byvoorbeeld sewe sakramente wat regdeur ŉ persoon se lewe versprei is.

Watter invloed sal dit op die sakramente in die NGK hê, indien belydenisaflegging spesifiek as oorgangsritueel ingerig word? En nog te meer, indien dit die deur open vir meer oorgangsrituele in verskillende oorgange van ŉ mens se lewe? Lukken (2005) bespreek in diepte die verhouding tussen die sakramente en oorgangsrituele. Dit is verseker nie ŉ unieke vraag of bekommernis in die NGK[104] nie.

Lukken[105] begin deur te verduidelik dat die verskil tussen ŉ oorgangsritueel en sakrament deur die laaste dekades baie onduidelik geword het:

> We have come to realise that through the great interest in the anthropology of ritual in recent decades the *distinction* between transition rituals and sacraments in the strict sense became blurred (Lukken 2005:384).

Na die tweede Vatikaanse Konsilie het ŉ benadering die korrelasie tussen sakramente en oorgangsrituele al meer te voorskyn laat kom (Lukken 2005:384). Die konneksie tussen oorgangsrituele en sakramente is nie noodwendig nodig nie, verduidelik Lukken (2005:385). Hy meen dat daar beperkinge is, aangesien Christelike identiteit

[104] Vergelyk Vosloo (2014) en Vosloo (2016) vir ŉ liturgie-historiese geskiedenis aangaande belydenisaflegging en die toelating van kinders tot die nagmaalstafel. Terselfdertyd is dit belangrik om te besef dat nagmaal opsigself ŉ belydende handeling is.

[105] Die navorser is deeglik bewus dat Lukken ŉ Rooms Katoliek is en dat die problematiek wat hy spesifiek tussen oorgangsrituele en sakramente noem, nie net so van toepassing kan wees op die studie en denominasie, naamlik die NGK nie. Tog kan sy insigte van waarde wees en dalk juis ander tradisies anders oor die sakramente laat dink.

en die antropologiese basis so met mekaar verweef is, dat dit moontlik is dat die een ten koste van die ander een tot niet gemaak word. Lukken (2005:385) meen nie dat sakramente nie tydens oorgangsrituele gebruik moet word nie, maar beklemtoon eerder dat die identiteit van die sakrament behoue moet bly.

Die navorser sal wel ŉ sterk argument daarvoor uitmaak dat nagmaal opsigself ŉ belydende handeling is en na aanleiding van die geskiedenis van konfirmasie en die geskiedenis van belydenisaflegging in die NGK is dit uiters belangrik, nie net vir die geskiedenis nie, maar ook vir die liturgiese verstaan van die liturgiese rituele, dat die doop en die nagmaal altyd ten minste ter sprake moet wees by ŉ belydenisaflegging en ander oorgangsrituele.

Nel skryf oor die daarstel van betekenisvolle oorgangsrituele. Hy verduidelik dat die begrip 'dissipelskap' uiters belangrik is, asook die feit dat jong kinders reeds van jongs af as dissipels beskou en ingesluit word by die vieringe in die liturgie. Verder verduidelik Nel ook dat daar meer is:

> What helps us as disciples is that there is 'more'. In union with the one whom we follow, there is always 'more'. In fact, there is so much that we do not know and that we have not yet experienced. What we need to take seriously is the creative reinvention, in a simple but meaningful way, of what I will call *celebrations of inclusion*. (Nel 2009:10)

ŉ Nederlandse teoloog, Bijlsma, verduidelik Nel (2009:10), het ŉ formulier ontwerp vir die publieke viering van die oorgang vanaf kind na adolessensie. Nel maak dit wel duidelik dat die liturgiese ritueel ŉ viering en nie ŉ openbare belydenis van geloof is nie. Die navorser sou wel wonder of kinders tydens die liturgiese oorgangsrituele, soos Bijlsma geskryf het, hul liefde aan God en die geloofsfamilie kan verklaar. Indien wel, dan is dit ook ŉ publieke belydenis van geloof, net in eenvoudiger taal as die huidige formulier en gepas vir die lewensfase van die jongpelgrim. Die navorser wonder of daar nie juis tydens verskillende oorgange, gepaste formuliere, verbintenisse en getuienisse gelewer kan word nie. Is dit ŉ eenmalige gebeurtenis om jou geloof te bely? Bely ons ons geloof anders gedurende verskillende oorgange?

> In contemporary culture it is more difficult than ever before for people to develop their own human identity. This is particularly true for a child growing into adulthood, but it is not limited to that. Even one who has finished growing up constantly has much new to learn. (Lukken 2005:397)

Deurgaans in ʼn mens se lewe sal daar ʼn soeke en herontdekking van identiteit wees, asook ʼn herontdekking van ons identiteit as dissipels en kinders van die drie-enige God. Oorgangsrituele kan veral ʼn belydende verbinteniskarakter hê vir verskillende oorgange in die lewe.

Nel (2009:10) sê self dat daar nie ʼn tekort aan opsies is vir oorgangsrituele (in jeugbediening) nie, maar hy vra eerder die vraag hoe daar inklusiewe rituele vir die gemeenskap van dissipels kan wees. Nel meen dat die antwoord op sy vraag juis daarin lê dat ons konstant nuwe horisonne moet ontdek en as dissipels God in die sendingveld volg. Deur God te volg, verduidelik Nel, is daar nie ʼn vooropgestelde idee en vooruit besliste toekoms nie.

## 4.6 SAMEVATTING

> If Christian rituals from birth to death are able to inculturate themselves, they will remain a distinctive system of providing meaning, one for which there is no possible replacement, in the midst of others.
>
> Lukken (2005:527)

Die ritueel-liturgiese peiling, wat beide teologies en antropologies van aard was, beantwoord die derde taak van Osmer (2008:4) se vier normatiewe take, naamlik “Wat behoort aan te gaan?”. Wat behoort aan te gaan as belydenisaflegging ʼn oorgangsritueel is? Eerstens is die teorie van rituele uitgepak ten einde ʼn beter verstaan te ontwikkel van die waarde en bydrae wat rituele kan maak.

Identiteits- en geloofsvormend is onder andere van die waardevolle bydraes wat belydenisaflegging as oorgangsritueel kan hê. Verder help oorgangsrituele ons om bewustelik deur gebeurtenisse te beweeg waar ons moontlik andersins dit net sou gemis het, verduidelik Grimes (2000:96). Wepener verduidelik dat oorgangsrituele ook as ʼn brug kan dien in moeilike, liminale fases:

> Mense is in hulle lewe voortdurend besig om oorgange te maak, waarvan sekeres moeilik is en soos groot afgronde voor ons opdoem. En dit is juis in sulke tye dat ons gryp na ŉ reling, iets om aan vas te hou en wat ondersteuning kan bied, al is dit maar net tydelik; iets om ons te help om die bepaalde brug oor te steek, of ten minste net min of meer staande aan te durf. (Wepener 2014:17)

Lukken (2005:375) het reeds in 1984 begin om te argumenteer vir die ontwerp van nuwe oorgangsrituele. Hy meen dat daar in die toekoms ŉ wyer verskeidenheid oorgangsrituele vir die oorgange in die lewe moet wees. Hy beskou die ontwerp en skep van hierdie oorgangsrituele as ŉ pastorale taak, aangesien die samelewing dit nie gaan voorsien nie. Tog meen Grimes (2000:3) dat sinagoges, tempels en kerke dalk te stadig is om huidige rituele te hersien en nuwes te skep.

Grimes (2000:3) beklemtoon dat sonder rituele wat ons verbeelding, gemeenskap en liggame[106] betrek, sal ons ŉ greep op die ritmes van die lewensverloop verloor. In die volgende hoofstuk gaan daar juis gefokus word op die antropologiese en teologiese peiling van geloofsvorming. In beide hoofstuk drie en vier het die term *geloofsvorming* verskeie kere na vore gekom en word dit spesifiek in die volgende hoofstuk ondersoek. Hierdie peiling sluit die verbeelding, gemeenskap en liggaamlike betrokkenheid waarna Grimes verwys, in. Osmer (2008:4) se derde taak, die normatiewe taak, naamlik "Wat behoort aan te gaan?", word ook vanuit die volgende peiling ondersoek. Wat behoort aan te gaan as belydenisaflegging geloofsvormend kan en moet wees?

[106] Vergelyk Vosloo (2016:119) vir ŉ breedvoerige bespreking aangaande die belangrikheid van liggaamlikheid en rituele.

# HOOFSTUK 5

# 5 GELOOFSVORMING:
# ‘N ANTROPOLOGIES-TEOLOGIESE PEILING

## 5.1 INLEIDING

> Christian education has absorbed a philosophical anthropology that sees human persons as primarily thinking things. The result has been an understanding of education largely in terms of information; more specifically, the end of Christian education has been seen to be the dissemination and communication of Christian ideas rather than the formation of a peculiar people. (Smith 2009:31)

Smith (2009:17) is daarvan oortuig dat Christelike onderrig ŉ ontwikkeling is van ŉ Christelike perspektief, oftewel eerder ŉ Christelike wêreldbeskouing, wat bestaan uit ŉ stel oortuigings, idees en doktrines. Geloofsonderrig is ŉ doelbewuste proses om gelowiges te begelei om in ŉ verhouding met God te groei, verduidelik die Kategese-taakspan (2015:3). Geloofsvorming, meen hulle, sluit die ontwikkeling van geloofsidentiteit en die bewussyn van jou roeping in Christus in. Geloofsvorming is altyd God se inisiatief, maar God gebruik mense as medereisigers om saam met ander mense[107] te reis en hulle op die weg van geloof te nooi, in te lyf en te begelei. (2015:3)

In die voorafgaande peilings het die terme *geloofsvorming*, *geloofsreis* en *identiteit* verskeie kere na vore gekom. Die doel van hierdie hoofstuk is om die normatiewe taak van Osmer (2008:4), “Wat behoort aan te gaan?”, te benader vanuit ŉ antropologies[108]-teologiese peiling. Met ander woorde: wat behoort aan te gaan tydens geloofsvorming, met spesifieke fokus op die lewenslange reis[109] en ontdekking van jou geloofsidentiteit vanuit antropologiese en teologiese perspektiewe.

---

[107] Geloofsvorming by kinders en jongmense is ŉ uitnodiging na, bekendstelling aan en begeleiding op ŉ pad saam met God. Dit vind hoofsaaklik plaas deur ouers en in vennootskap met die geloofsgemeenskap of kerk (Kategese-taakspan van die Algemene Sinode van die NG Kerk, 2015:3). Vergelyk ook Nel (2009:7) “A learning community puts its arms around children and adolescents and walks with them.”

[108] Antropologies verwys in hierdie peiling spesifiek na ŉ mens-beskouing en nie ŉ kulturele of sosiale antropologie nie.

[109] Fowler (1981:92) verduidelik dat geloof ŉ konstante “leaning into and finding or giving meaning to the conditions of life” is.

## 5.2 NIE NET KOPKENNIS NIE

"For most ordinary people, religious devotion is rarely a matter of theory."

Smith (2009:69)

Smith[110] (2009:26) argumenteer dat die fokus in geloofsonderrig nie net rasioneel ingestel moet wees nie. Vosloo (2016:89) verduidelik dat Smith die vorming van ŉ persoon se verbeelding belangriker as ŉ rasionele[111] ingesteldheid beskou. Smith maak nie die waarde van ŉ rasionele teoretiese kennis af nie en Vosloo self erken dat daar mense is wat deur kennis religieuse ervarings ondervind. Smith is wel van mening dat dit nie waar is vir meeste mense nie (Vosloo 2016:89).

Descartes se bekende woorde van "I think therefore I am", is ŉ goeie voorbeeld van modernisme (Smith 2009:42). ŉ Rasionele, kognitiewe antropologie speel volgens Smith ŉ baie groot rol in ons alledaagse lewe. Hierdie kognitiewe antropologie het ontwikkel tot ŉ obsessie met die 'kop' en denke. Smith verduidelik dat hierdie beeld die mens reduseer tot ŉ denkende wese.

Smith het ŉ groot probleem met die geloofsvormende proses van kategese en inisiasie (in ons konteks dus belydenisaflegging) wat in baie gemeentes net op die kognitiewe oordrag van kennis fokus (Vosloo 2016:90). Hy voel sterk daaroor dat die Protestante by die Rooms Katolieke en Ortodokse tradisies kan leer dat die mens se kennis van God onder andere oorgedra word deur die verbeelding van die mens aan te wakker en aan te gryp.

"Hoekom is ons Christelike onderrig dan so gefokus op die intellektuele manier om kennis te verkry?", vra Smith (2016:loc.103). Hy verduidelik dat daar in elke benadering tot dissipelskap en geloofsvorming ŉ spesifieke antropologiese model oor wat die mens is, aangeneem word. Nel (2001:137) noem spesifiek dat volgens hom baie dinge daartoe gelei het dat geloofsonderrig ŉ baie formele, geoutomatiseerde oordrag van inligting geword het. Avenant (2011:54) is van mening dat die kerklike onderrigsisteem dringend om reformasie vra.

---

[110] Alhoewel Smith se konteks in die VSA verskil van die konteks in Suid-Afrika, kan sy werk tog ŉ bydrae lewer in die gesprek.

[111] Vergelyk Vosloo (2016:90) wat verwys na ŉ rasionele diskoers waar die doel eerder is om die 'korrekte' denke te hê.

Smith (2009:54) se argument is dat die mens nie eerstens deur kennis oortuig word of in die Christelike geloof (of in ŉ verhouding met Christus) geïnteresseerd word nie, maar dat ons veel eerder deur ons verbeelding aangegryp en geïnteresseerd word. Hy verduidelik dat Jesus nie net ŉ leermeester is wat net ons intellek wil vorm nie, maar dat Hy veral ons liefde wil vorm. Dit beteken dat Jesus nie net inligting in ons 'koppe' wil forseer nie, maar dat Hy ons eerder wil ken aan die hand van ons liefde en verlange (Smith 2016:Plekmerker.103). Die mens is verder ook ŉ narratiewe wese wat deur stories gevorm en georiënteer word tot die wêreld, verduidelik Vosloo (2016:91).

### 5.3 GRYP JOU AAN DIE HART

"Appreciate how education not only gets into our head but also grabs us by the gut – *kardia*, the heart." Smith (2009:18) argumenteer dat onderrig in die eerste plek moet fokus op dit wat ons liefhet. Heidegger het gesê: "I don't think my way through the world, I feel my way around it" (Smith 2009:50).

Smith (2009:54) verduidelik dat die mens in wese ŉ skepsel van begeerte en liefde is. Die mens is wat hy of sy liefhet[112] en die stad van God (die koninkryk) is nie gebaseer op idees nie, maar eerder op liefde (Smith 2009:46). Hy brei uit op die idee dat die mens ŉ estetiese wese is en gebruik die metafoor van ŉ hart wat soos ŉ snaarinstrument gepluk word deur stories, gedigte, metafore en beelde wat gebruik word (Smith 2016:Plekmerker1430). Vosloo (2016:95) is daarvan oortuig dat die hartsnare van lidmate gepluk sal word deur moeite te doen met die estetika in die liturgie.[113]

Die algemene siening is dat die mens  eintlik eers voordat hulle weet, verstaan, maar eintlik, meen Smith, het ŉ mens eers lief voor dat hy of sy weet (Vosloo 2016:95). Smith se verstaan is dat hierdie liefde, verlange of begeerte eintlik bepaal wat ŉ persoon doen en dit wat hy of sy kan weet (Smith 2009:70). Voordat die mens enigsins ŉ wêreldbeeld kan verwoord, aanbid hy of sy. En voordat ons die dogma van Christus se twee nature kan verwoord, ontvang ons reeds die liggaam van Christus in die

[112] Vergelyk Fowler (1981:18) "...our commitments and trusts shape our identities. They determine (and are determined by) by the communities we join. We become part of that which we love and trust. 'where your treasure is there will your heart be also' Jesus."

[113] Vergelyk Vosloo (2016:108-109) wat ook meen dat spiritualiteitstipes in die verband ŉ bydrae kan lewer.

nagmaal.[114] En voordat ons dink, bid ons. Hiermee dui Smith aan dat kennis op ŉ dieper vlak begin ontwikkel as slegs in die intellek (Smith 2009:33).

Vosloo (2016:96) stel dit duidelik dat Smith geloofsvorming in die eerste plek sal laat fokus op die vorming van harte en begeertes. Hiermee bedoel Smith (2009:18) nie dat ons net kan lief hê en drome moet droom en geen kennis hoef op te doen nie. Smith verduidelik dat ons eerder liefhet sodat ons kan weet . Smith meen dat die beeld wat mense oor die goeie lewe het, ŉ enorme impak op hulle maak (Vosloo 2016:97). Daarom is dit veral baie belangrik om verhale en stories te deel, juis omdat hierdie beeldryke verhale mense aan die hart kan gryp (Vosloo 2016:97). Smith verduidelik dat die mens nie kan antwoord wat hy of sy liefhet, sonder om eerstens die vraag te beantwoord oor watter verhaal hy of sy glo nie (Smith 2013:130).

Smith (2016:Plekmerker 362) se argument is dat liefde eintlik ŉ gewoonte, ŉ *habitus*, is en dat dit ons oriënteer ten opsigte van die wêreld. Dit is begeertes en verlange na ŉ beeld van die goeie lewe wat tot aksie oorgaan en dié aksies (*habitus)* vorm en oriënteer ons ten opsigte van ŉ *telos* (ŉ doel - in dié geval die koninkryk van God.)[115] Smith is daarvan oortuig dat Christelike onderrig ŉ ontwikkeling is van ŉ Christelike perspektief, oftewel eerder ŉ Christelike wêreldbeskouing. Kopkennis (ŉ stel oortuigings, idees, argumente en doktrines) is nie voldoende om mense se gedrag te verander nie en nog minder om ŉ Christelike wêreldbeeld uit te leef (Vosloo 2016:93). Fowler (1981:14) beskryf hierdie tipe oriëntasie van geloof soos volg: "Faith is not separate dimension of life, a compartmentalized speciality. Faith is an orientation of the total person..."

### 5.4 DISSIPELSKAP

Nel (2009:9) gebruik die beeld en beskrywing van dissipelskap om geloofsonderrig te verwoord. Hy argumenteer dat geloofsonderrig nie veronderstel was om óf eensydig intellektueel óf eensydig emosioneel te moet wees nie.[116] Hy verduidelik dat ŉ Bybelse

[114] Vergelyk Wepener (2014:157) Dit sluit aan by die *kategumenaat* se gebruik in die vroeë kerk waar kandidate (soos wat daar toe na die mense wat gedoop en bevestig word, verwys is) eers gedoop, bevestig en die nagmaal gebruik het, voordat die sakramente aan hulle verduidelik is.

[115] Punt 5.5 van hierdie hoofstuk fokus op die koninkryksgerigtheid van geloofsvorming.

[116] Nel se beskrywing van geloofsonderrig en -vorming is dus nie in opposisie met Smith se beskrywings nie, aangesien beide Smith en Nel fokus op 'n koninkryksbegrip, wat onder 5.5 bespreek

onderrig juis die metafoor van *op weg gebruik*, soos om saam met mekaar as mede-dissipels op weg te wees. Hy verduidelik dit soos volg:

> Teaching and learning in biblical terms was never supposed to become either one-sidedly intellectual or emotional. Biblical teaching is existential in nature, involving being taken by the hand, by those who care. Such teaching, in a sense, entails taking those who inquire about the invitation on a walking tour through the discipline of following Jesus (Nel 1994:90).

Nel (1994:84) beskryf (geloofs)onderrig as God se koms na die gemeente, maar terselfdertyd dat geloofsonderrig ook die beweging van die gemeente na die wêreld is.[117] Dit dui op geloofsvorming wat God se inisiatief is, maar ook die roeping van elke gelowige as dissipel[118] in hierdie wêreld.

Wat is dissipelskap? Nel (2009:7) beskryf dissipelskap as ŉ reis en nie net ŉ besluit[119] wat iemand geneem het nie, alhoewel dit met ŉ besluit kon begin het. Dissipelskap is nie ŉ uitvindsel van die Nuwe Testamentiese skrywers nie, aangesien daar reeds in die Griekse wêreld 'vakleerlinge' bestaan het wat uit ŉ intellektuele verbintenis tussen leerling en leraar (onderwyser) bestaan het.

Wat het die Bybel te sê oor geloofsvorming? Nel (1994:86) verwys na die werkwoord "manthanein" wat letterlik beteken om jou gedagtes op iets te fokus. Hy noem dat dié woord 55 keer in die Griekse vertaling van die Ou Testament voorkom. Nel verduidelik dat dit dus gaan oor 'n oorgawe aan die wil van God. Die begrip 'leer' is in ŉ mate die proses hoe ŉ mens hom- of haarself toewy aan die uitleef van die wil van God soos geopenbaar in die Torah. Onderrig in die Ou Testament, verduidelik Nel, is dus die *inwy* in die weg van die Here (met sy volk) en om met 'wysheid' en 'onderskeidingsvermoë' op die weg te wandel. In die Nuwe Testament word die woord "didaskei" vier keer gebruik (Nel 1994:86). Dit is ŉ werkwoord vir 'volg' ("akolouthein")

word, asook die verhoudingsaspek daaraan verbonde. Tog beklemtoon Nel verbintenisse en gemeenskap meer as Smith.

[117] Vergelyk Louw, Denton en Grobler (2016:10) "… geloofsvorming vind plaas ter wille van die wêreld en alle mense, wat deel is van God se bewind".

[118] Vergelyk Nel (1994:83). Sy kernkonsep vir geloofsonderrig, oftewel geloofsvorming, is dissipelskap.

[119] Vergelyk Nel (2009:7) "Confessing and accepting that he is, is only part of the initial stages of a lifelong commitment to learning that he is the crucified one."

en ook die Nuwe Testamentiese begrip wat dissipelskap en geloofsvorming probeer verwoord.

Nel (1994:88) meen dat dissipelskap in die Nuwe Testament uniek is in die sin is dat Jesus[120] die Een is wat mense tot dissipelskap roep. Verder is daar twee momente wat uiters belangrik is vanuit ŉ Bybelse dissipelskap:

- Aanvaarding in ŉ **persoonlike verhouding** deur Hom wat jou tot hierdie verhouding met Hom roep.
- **ŉ Roeping** wat insluit dat jy binne die verhouding 'n leerling is van die Een wat jou hiertoe geroep het, naamlik God in Christus. Wie binne hierdie verhouding is, is per definisie 'n lerende navolger van Christus.

Nel (1994:92) beklemtoon verder hoe belangrik ŉ egte dissipelgemeenskap is. Hy verduidelik dat naas die navolging van Christus, verbind gelowiges ook hulself tot ŉ hegte gemeenskap[121] van dissipels, asook tot "korporatiewe agente van die Koninkryk." Hy meen dat die dissipelskap tog eise het en indien dit nie gehandhaaf word nie, lei dit tot ŉ goedkoop saamwees van die gemeenskap sonder verbintenisse en onderlinge sorg, vermaning en diens. Nel (1994:288) verduidelik hierdie dissipelgemeenskap soos volg: "Die lewegewende Gees van die Vader en die Seun verbind ons met die naelstringgawe van die liefde aan mekaar." Dus kan dissipels, oftewel gelowiges, nie sonder mekaar bestaan nie.

Die beeld van 'mede-reisigers*' wat '*hand-in-hand' saam stap en geloofsvorming wat plaasvind in verhoudings (Osmer 2001:98) en dissipelgemeenskappe volgens Nel, kan ons in die geval baie help om geloofsvorming te verstaan:

> ...delivering the gospel by *hand*, passing on Christian Scripture and tradition *by hand*. The cannot be done in a mechanical or rote fashion. It means coming face-to-face with others, taking their particular situation in account... (Nel 1994:91)

[120] Vergelyk Nel (1994:84, 86). Jesus wat in Persoon die verskil maak en in die ideale verhouding met Hom.
[121] Smith (2009:65) verwys verskeie kere na die waarde wat verhale, beelde en metafore op die verbeelding kan hê. Hierdie verhale vind altyd binne ŉ gemeenskap en tradisie (*traditio)* plaas, omdat daar geen private verhale is nie en daarom is die verhale vertellings wat eintlik oorgedra word.

### 5.5 GELOOFSIDENTITEIT

> I also think that what constitutes our ultimate identities – what makes us who we are, the kind of people we are – is what we love. (Smith 2009:26)

Smith (2016:Plekmerker 91) verduidelik dat Matteus en Johannes nie ŉ ontmoeting met Jesus gehad het waar Jesus vir hulle gevra het wat hulle weet of glo nie, maar eerder wat wil hulle hê. Ons soeke, verlange en begeertes is die kern van ons identiteit, verduidelik Smith, en dit is in dié identiteit wat ons aksies en gedrag groei. Muller (2016:9) beskryf die rol wat doop in die verstaan van ŉ nuwe, verloste identiteit speel. Doop, verduidelik sy, is die bevestiging van God se genade en liefde vir ons. Die verbondsdoop, noem is juis baie spesiaal omdat nog voordat ŉ babatjie uit hulself kan probeer om God se genade te verdien, het hul dit reeds ontvang. Doop speel dus ŉ belangrike rol in die verstaan van geloofsidentiteit. Burger stel dit soos volg:

> Die evangelie gaan nie net oor wat ons glo nie en oor wat moet doen nie, maar ook oor wie ons is. Die Reformasie het dit teologies goed verstaan. Die rol van die sakramente en spesifiek die doop, is in dié verband baie belangrik. Die bedoeling van die doop is dat dit ons ŉ nuwe naam en identiteit in Christus wil gee (Burger 2007:440).

Osmer (1996:170) verwys na konfirmasie, oftewel belydenisaflegging as "*choosing to become who you already are*". Jongmense (eintlik enige persoon) word eintlik dan net begelei op hul reis van ontdekking van wie en wat hulle in beginsel reeds is.[122] Osmer (1996:170) noem ook dat die sakramente visuele, fisiese simbole is waardeur God met die mens kommunikeer wie hul reeds in Christus is. Die sakramente, verduidelik Osmer (1996:172), dui dus op baie meer: Die sakramente verwys ook na die geskiedenis van die verbond van genade wat in en deur Christus vervul is. Verder dui die sakramente en vergestalt dit ŉ gemeenskap wat tot stand kom, asook ŉ geskiedenis van hierdie gemeenskap[123] waarvan die deelnemers reeds deel is. Hy stel dit soos volg:

---

[122] In hoofstuk drie se sielkundige peiling is dit ook duidelik genoem dat identiteitsoeke ŉ lewenslange proses is, maar veral tydens ontluikende volwassenheid en adolessensie.

[123] Vergelyk Avenant (2011) en Muller (2016) wat ŉ sterk klem plaas op ouers se rol en verantwoordelikheid in die geloofsvorming van hul kinders, in samewerking met die *hele* gemeenskap van gelowiges.

> It is no longer an abstract 'we' or 'they' who are represented in this history but a concrete 'you'. More than an act of human recollection, it is a divine declaration. God is declaring to this concrete infant or that particular adult 'this is who you are already in Christ'. (Osmer 1996:172)

Smith (2009:25) gebruik die term *liturgie* as 'n sinoniem vir aanbidding, maar hy verduidelik dat hy in sy boeke 'n kern-aanname maak dat liturgieë (insluitend die van die sekulêre wêreld) ons as mense so vorm dat dit ons identiteit op grond van ons mees fundamentele begeertes vorm. Dus word die manier hoe ons die wêreld beskou en daaraan gekonnekteer is, bepaal deur liturgieë wat ons vorm.

Liturgieë maak dus van 'n mens 'n sekere tipe persoon en dit is juis liturgieë wat dit wat ons lief het, vorm (Smith 2009:25). Smith gebruik dus nie die term *liturgie* om na die verloop van 'n erediens te verwys nie, (alhoewel dit opsigself 'n reduksie van die term se betekenis is), maar hy gebruik dit eerder vir rituele, insluitend liturgiese rituele, wat vormgewend is van die mens se identiteit, begeertes en wêreldbeskouing. Die sekulêre wêreld het dus ook liturgieë wat ons identiteit en wêreldbeeld vorm.

Mense se identiteit wat in Christus gevorm word, is 'n pre-kognitiewe onderrig van die hart (Smith 2009:134). Dit is juis omdat dit die hele liggaam deur aanraking betrek dat dit as transformerend ervaar kan word. Smith (2009:54) verduidelik dat die mens in wese 'n skepsel van begeerte en liefde is. Die mens is wat hy of sy liefhet en die stad van God (die koninkryk) is nie gebaseer op idees nie, maar eerder op liefde (2009:46). Hy brei uit op die idee dat die mens 'n estetiese wese is en gebruik die metafoor van 'n hart wat soos 'n snaarinstrument gepluk word deur stories, gedigte, metafore en beelde wat gebruik word (Smith 2016:Plekmerker1430).

Smith meen dat ons eerste liefhet en dat dié liefde, verlange of begeerte op so 'n wyse bepaal wie ons is, wat ons doen en dit wat ons kan weet (Smith 2009:70).
Hy vra wat sal gebeur as onderrig (geloofsonderrig, maar ook sekondêre en tersiêre onderrig) nie in die eerste plek fokus op die vorming van hoop en passie van studente nie (2009:18). Hy wonder of onderrig nie in die eerste plek moet fokus op die vorming van die harte en begeertes van die studente (dus lidmate ook) en nie idees nie.
Smith (2016:Plekmerker 362) se argument is dat liefde eintlik 'n gewoonte, 'n *habitus*, is en dat dit ons oriënteer ten opsigte van die wêreld. Dit is begeertes en verlange na

ʼn beeld van die goeie lewe wat tot aksie oorgaan en dié aksies (*habitus)* vorm en oriënteer ons ten opsigte van ʼn *telos,* ʼn doel - in dié geval die koninkryk van God. Nel (1994:93) meen dat alle dissipels, oud en jonk, moet s*aam met mekaar* (in gemeenskap dus) oefen om te luister na en te leer van Jesus Christus soos Hy sy wil en die wil van die Vader aan ons bekend maak. Dissipels, verduidelik Nel, is in Bybelse sin kuddemense.

## 5.6 KONINKRYKSGERIG

In elke liturgie is daar ʼn implisiete wêreldbeeld en ʼn verstaan van die wêreld (Smith 2009:25). Hierdie verstaan is juis ʼn pre-teoretiese verstaan van die wêreld en bestaan nie net uit idees nie. Daarom het liturgieë die vermoë om ons op so ʼn wyse te vorm dat dit ons wêreldbeeld en in watter mate ons voel waartoe ons is in die wêreld geroep is, beïnvloed (2013:138). Die mens is in wese wat hy of sy liefhet en ons liefde en begeertes kan egter wel in die verkeerde rigting gefokus wees (2009:122). Dit is veronderstel om in die rigting van God se koninkryk gemik te wees.

Dit is verder belangrik om te besef dat die mens gerig is op ʼn *telos*. Smith (2009:72) verduidelik *telos* as die doelwit en beeld wat ʼn mens van ʼn goeie lewe het. In die Christelike geloof is die koninkryksbegrip en –beeld dié *telos*. Hy argumenteer dat instansies (insluitend die kerk en gemeentes) ook getrek word na ʼn spesifieke *telos* as gemeenskap (Smith 2009:72).

Daarom is dit nodig om ons ingesteldheid teenoor die wêreld te herkalibreer wanneer ons voel dat ons in ʼn ander rigting ingetrek word wat nie ʼn Christelike perspektief op die wêreld bevat nie. In hierdie geval is ʼn Christelike verbeelding baie nodig (Smith 2013:157). Die mens is ook nie altyd lief vir dit wat hy of sy dink hy of sy voor lief is nie (2016:Plekmerker 770) en daarom is die konsep van gewoontes, *habitus,* van ontsaglike waarde. Smith (2016:Plekmerker 379) verwoord dit soos volg: “We learn to love then, not primarily by acquitting information about what we should love but rather through practices that form the habits of how we love.” Geloofsgewoontes is dus ook geloofsvormend en help ons om ‘gefokus’ te bly op die koninkryk van God, die *telos.* Hierdie geloofsgewoontes word ook geoefen en aangeleer binne die geloofsgemeenskap. Nel (1994:33) noem dat binne ʼn gemeenskap word gelowiges

geleer om die koninkryk op alle terreine te soek en te dien, dus ŉ konstante herinnering of selfs herkalibrasie.

Nel (1994:93) verduidelik ook dat vanuit ŉ dissipelgemeenskap groei ŉ visie vir die koninkryk van God. Dissipels hou die gedagte onder mekaar lewend dat hulle besig is om saam met mekaar, en tog ook individueel, die Koning te volg. Fowler (1981:5) bevestig hierdie gemeenskaplikheid van dissipels deurdat hy geloof beskou as die gedeelde visie en waardes wat ŉ groep bymekaar hou. ŉ Dissipelgemeenskap, se gedeelde visie en waardes is gerig op die koninkryk van God. Verder word ons visie van die wêreld (en dus die koninkryk van God) in ons aanbidding (eredienste)[124] en Christelike praktyke gevorm (Smith 2009:17).

Hoe kan ŉ mens dan iemand se liefde en begeertes vorm en rig op dié *telos*? Smith (2009:71) beklemtoon dat dit in die deelname van konkrete Christelike praktyke soos byvoorbeeld belydenis van geloof (ŉ publieke getuienis en verbintenis) gebeur. Hierdie vorming van dissipelskap soos Smith (2009:90) dit beskryf, beteken dat religieuse instansies soos die kerk lojaliteit van die mense vra. Dit gebeur weereens deur die passie, harte en verbeelding van mense op so ŉ wyse aan te gryp om dit te kan rig op die *telos* van die goeie lewe – die koninkryk van God.

## 5.7 LITURGIESE RITUELE

Smith (2009:25) gebruik die term *liturgie* as ŉ sinoniem vir aanbidding, maar hy verduidelik dat hy in sy werke ŉ kern-aanname maak dat liturgieë (insluitend die van die sekulêre wêreld) ons as mense so vorm dat dit ons identiteit op grond van ons mees fundamentele begeertes vorm. Dus word die manier hoe ons die wêreld beskou en daaraan gekonnekteer is, bepaal deur liturgieë wat ons vorm. Smith (2009:25) meen dat liturgiese rituele juis vormgewend teen liturgie van die sekulêre wêreldbeeld.

In elke liturgie is daar ŉ implisiete wêreldbeeld en ŉ verstaan van die wêreld (Smith 2009:25). Hierdie verstaan is juis ŉ pre-teoretiese verstaan van die wêreld en bestaan nie net uit idees nie. Daarom het liturgieë die vermoë om ons op so ŉ wyse te vorm

[124] Smith (2016:Kindle Plekmerker.458) beklemtoon dat die kerk moet besef dat Christelike aanbidding ŉ belangrike teenvorming is vir die teenstrydige liturgieë, waarin lidmate hulself bevind, en dat die dik gewoontes van erediensbywoning kardinaal is tot vorming van ŉ identiteit in Christus.

dat dit ons wêreldbeeld en in watter mate ons voel waartoe ons is in die wêreld geroep is, beïnvloed (Smith 2013:138). Dit is uiters belangrik om die rol van kulturele praktyke te herken as liturgieë (Smith 2009:90). Smith beskryf hoe dié liturgieë nie neutraal is nie, maar doelbewus belaai is om ons te vorm in sekere tipe mense. Die mens word dus onwetend dissipels gemaak van teenstrydige koninkryke wat nie ooreenstem met die droom van God se koninkryk nie

Smith (2016:Plekmerker.458) beklemtoon dat die kerk moet besef dat Christelike aanbidding ŉ belangrike teenvorming vir die teenstrydige liturgieë, waarin lidmate hulself bevind, is en dat die dik gewoontes, soos Smith daarna verwys, van erediensbywoning kardinaal is tot die vorming van ŉ identiteit in Christus. Hierdie identiteit is baie nodig in die kulturele praktyke wat ons liefde en begeertes aangryp en ons nie reg oriënteer op die koninkryk van God nie. Dit is onder andere in die roetines en liturgiese rituele van Christelike aanbidding, byvoorbeeld die sakramente, wat die liggaam van die mens betrek en volgens Smith is dit ook geloofsvormend. Smith verwoord dit soos volg:

> The tangible display and performance of the gospel in the Lord's Supper is a deeply affecting practice. Its sights and smells, its rhythms and moments, are the sort of thing that seep into our imaginations and become second nature. (Smith 2009:141)

Van der Merwe (2013:85) argumenteer dat rituele, dus ook liturgiese rituele, die geleentheid vir mense gee om deel te neem of deel te wees van ŉ groep. Hierdie deelname, meen hy, het die effek dat die individu ervaar dat hy of sy nie alleen is nie en selfs deel is van iets groter. Smith (2009:86) beskryf liturgieë as liturgiese rituele van "*ultimate concern*". Liturgiese rituele wat die identiteit vorm (en ŉ spesifieke visie vir die goeie lewe voorhou), doen dit op so ŉ wyse dat dit alle ander rituele wat vormgewend kan wees (in die sekulêre wêreld) oorskadu.

Liturgiese rituele dra ook by tot die vorming van ŉ visie van die wêreld (en dus koninkryk van God) en is daarom veral belangrik tydens aanbidding (eredienste) en Christelike praktyke (Smith 2009:17).Wat is dus die kerk se rol om sekulêre liturgieë teen te staan? (Smith 2009:127). Smith skryf weereens dat die mens aan die *kardia*

en liggaamlikheid (wat sintuiglikheid insluit) aangegryp word deur liturgieë, omdat die mens in wese ŉ liturgiese wese is.

Christelike aanbidding skep ŉ alternatiewe beeld teenoor hierdie sekulêre beelde wat in dié liturgieë gevorm word (Smith 2013:150). In Christelike aanbidding nooi God ons in die verhaal van versoening met die wêreld, deur Christus. So ŉ verhaal gryp mense se verbeeldings en *kardia* aan. Die pad na die hart is deur die liggaam en daarom moet ons juis van hierdie verbeeldingryke beelde in die liturgiese rituele wat juis getuig van ŉ ander identiteit gebruik maak – ŉ identiteit wat in Christus se verhaal gegrond is. Smith (2016:Plekmerker 458) beklemtoon dat die kerk moet besef dat Christelike aanbidding ŉ belangrike teenvorming vir die teenstrydige liturgieë, waarin lidmate hulself bevind, is.

Smith (2013:109) definieer liturgieë verder as die kompakte, herhaalbare en uitvoerende narratiewe wat oor tyd so op en in ons hart gegraveer word, dat dit die verhaal vertel deur dit te wys, uit te beeld en prakties vertoon. Dis die verhaal waarin ons identiteit gevestig is, omdat ons ons rol en plek in die verhaal kan 'raaksien'. Arnette (2015:62) argumenteer dat die toekoms van navorsing in terme van identiteit ŉ narratiewe fokus sal hê. Hierdie metode plaas klem op die verhale wat mense vir hulself en ander vertel, soos wat hulle op soek is daarna om sin te maak van hul lewe en om betekenis te skep.

Smith (2013:139) definieer liturgie as die liturgiese rituele wat belaai is met die verhaal van die Een in wie ons identiteit gevestig is. Hy verduidelik verder dat hierdie liturgiese rituele ŉ *habitus* van estetiese natuur is wat op ons harte gegraveer word. Verder verwys hy (2013:151) na Wolterstorff se werk, waarin Wolterstorff liturgie soos volg definieer: "The liturgy is a meeting between God and God's people, a meeting in which both parties act, but in which God initiates and we respond."

Liturgieë wat erns maak met die antropologiese verstaan van die mens as liturgiese wese en dat die mens is wat hy of sy liefhet, sal verstaan dat ons begeertes nie ŉ keuse is wat ons bewustelik maak nie, maar dat dit juis beelde is wat ons hart en verbeelding aangegryp het. Smith (2016:Plekmerker400) beklemtoon dit soos volg: "Our desires are caught more than they are taught." Die erediens is in wese

missionaal, want soos Smith (2016:Plekmerker 2921) verduidelik, is dit in die erediens[125] en liturgiese rituele waar ons harte geoefen word en ons begeertes of verlange na God en sy koninkryk gerig word. Ons word van die erediens gestuur om dissipels te wees en om ʼn gewoonte daarvan te maak om gerig te wees op die *telos* van die drie-enige God.

Van der Merwe (2013:53) dui aan dat rituele ook ʼn belangrike rol speel by identiteitsvorming. Rituele, verduidelik hy, het die vermoë om ʼn persoon se norme en waardes te vorm. Dus dui rituele inherent vir ʼn gemeenskap aan wie hulle is. Verder, meen hy (2013:53) dat rituele iets kommunikeer van wat ʼn gemeenskap glo. Wanneer iemand deelneem aan ʼn ritueel, verduidelik Van der Merwe, impliseer dit dat die persoon dieselfde glo as die gemeenskap en gebeur sosiale integrasie nog meer.

## 5.8 PELGRIMSTOG

Dissipelskap, verduidelik Nel (1994:90) is ʼn lewenslange navolging as leerling van Christus. Gelowiges is leerlinge (dissipels) 'op weg' wat volg waar hul Leermeester hul lei. Alhoewel hul nie fisies kan sien waarheen nie, volg hul hom op sy Woord en stap so die toekoms in. Nel noem hierdie reis ʼn geloofstrek, maar die navorser argumenteer dat die geloofsreis ook beskryf kan word as ʼn pelgrimstog. ʼn Pelgrimstog waaraan pelgrims, soos Vosloo (2016:83) reeds voorgestel het, op reis is. Vosloo (2016:86) stel voor dat daar na jongmense wat belydenisaflegging doen, verwys word as ʼn 'jongpelgrim'. Sy verduidelik dat hierdie term juis verwys na ʼn lewenslange geloofsreis waarop hul hulself bevind en dat belydenisaflegging slegs een roetemerker op die pelgrimstog is.

Die geloofsreis, naamlik die pelgrimstog, begin by ons doop en is ʼn lewenslange reis, terwyl ons as pelgrims soekend is - soekend na God, ons identiteit en roeping. Die *hele* gemeente is *saam* op die reis, soos duidelik verwoord in die konsep van dissipelgemeenskap, en niemand word daaruit gesluit nie. Avenant (2011:40) verwys na Ou en Nuwe Testamentiese tekste wat die plek, rol en belangrikheid van kinders

[125] Vergelyk Smith (2016) wat in sy nuutste boek, *You are what you love,* wys dat jongmense en kinders nie net inligting oor die Christelike geloof moet ontvang nie, maar ook oor die gebruik van simbole. Hy beklemtoon dat dit belangrik is dat kinders deel van die gemeenskap van die kerk moet wees, want om te sien wat die volwassenes doen, (soos liturgiese rituele en simbole), vorm die kinders.

in die eredienste van die gemeenskap van gelowiges het, asook God se betrokkenheid by kinders en hul onderrig.[126] Die konklusie wat Avenant na aanleiding van Nel (2001) se werk maak, is dat kinders en jongmense ook 'n belangrike, integrale bydrae het om in die gemeente, aanbidding, onderrig en selfs dienslewering te lewer. Avenant (2011:40) beklemtoon ook dat 'n gemeente verantwoordelikheid moet neem vir hul kinders in samewerking met die ouers se eie verantwoordelikheid van geloofsvorming.

Fowler (1981:5) verwys na Richard Niebuhr wat 'n soortgelyke benadering tot geloof gehad het. In 'n ongepubliseerde manuskrip het Niebuhr beskryf dat hy glo geloof begin al vorm aanneem vanaf 'n jong ouderdom in die vroegste verhoudings met die persone wat vir ons van kindsbeen af gesorg het.

Avenant (2011:66) verwys na Nel se werk en noem dat die gemeente se fokus in terme van onderrig nie moet wees met die oog op 'n inwydingsdimensie nie, maar dit eerder beskou as *ingewydes* wat onderrig word. Dit is eintlik onderrig deur ingelyfdes aan ingelyfdes. Die belangrike vraag, verduidelik Dingemans, is nie *hoe onderrig moet plaasvind* nie, maar eerder *hoe mense tot geloof kom*. Hy stel dit soos volg:

> *We beginnen daarom niet meteen 'geloofsdidactie', die de vraag stelt, hoe men het geloof kan onderrichten,maar met een 'mathetiek' die de vraagt stelt, hoe mensen tot geloof komen; 'hoe mense leerling van de Heer' worden*.
>
> (Dingemans 1986:81)

.

Die *mathetiek*, verduidelik Avenant (2011:66) kom van die Griekse woord *manthanein.* Dit beteken om te leer soos leerlinge dit doen en om een te wees. Avenant argumenteer dat mense juis hul geloofsgemeenskap (spesifiek ouers of voogde ingesluit, indien moontlik) nodig het om jongmense te help en ondersteun op hierdie soeke en geloofsreis. Om 'n leerling te wees en te leer om soos een op te tree, noem Avenant, impliseer ook iets van geloofsonderrig wat 'n lewensreis is.

Vanuit hoofstuk drie se sielkundig-antropologiese peiling is dit duidelik dat lewensfases en -ontwikkeling wel belangrik is om in ag te neem, veral ook ten opsigte van geloofsontwikkeling. Geloofsontwikkeling moet dus omvattend wees vir al die generasies, maar tog ook toegespits word op die lewensfase waarin spesifieke groepe

[126] Vergelyk Avenant (2011:39-55) vir die tekste waarna hy spesifiek verwys.

hulself bevind.[127] Dit sal ook aansluit by hoofstuk vier se peiling oor oorgangsrituele wat geloofsvormend kan wees tydens verskillende oorgange (op die lewens- en geloofsreis).

Osmer (2001:75) verwys in ŉ lesing van hom, getiteld "*A Checklist for the Journey: Biblical Foundations of Ministry with Youth"*, dat ŉ mens lysies maak om te onthou wat om alles te pak as mens op reis of vakansie gaan. Hy beskou die volgende as ŉ noodsaaklike lys vir spesifiek jongpelgrims: "A creed to believe, a code for the road, and a dream to esteem" (Osmer 2001:110).

ŉ Belydenis om te glo (*Creed to believe)*, is volgens Osmer (2011:96) huidig baie belangrik, juis omdat jongmense in ŉ wêreld leef waar hul sukkel om ŉ greep op hul eie identiteit – hul eie en die kultuur te kry. Hy meen verder dat om jongmense nie te help om hierdie geloofstaal te leer nie, hul juis op die lewensreis, wat globalisasie en pluralisme insluit, eintlik in die diep kant ingooi word (2011:97, 100). Onder die term *kreet* bedoel Osmer nie noodwendig dat hul die geloofsbelydenisse uit hul kop moet kan sê nie, maar veel eerder dat hul verstaan en kan bely wat die basiese elemente van die Christelike geloof is (Osmer 2001:97).

Die tweede *item* op Osmer (2001:101, 102) se lysie vir ŉ pelgrimstog is ŉ *Kode vir die pad.* Dink byvoorbeeld aan ŉ kaart en hoe roetemerkers op ŉ kaart help om ŉ mens te oriënteer, veral in onbekende omgewings. Hy argumenteer dat die kode nie ŉ stel reëls moet wees nie, maar eerder ŉ ideaal om na te streef. Die navorser meen dat hierdie *ideaal* direk aansluit by die *telos* waarna Smith (2009, 2013 en 2016) verwys. Osmer verduidelik dat ŉ innerlike ideaal veel eerder saam sal reis as ŉ stel reëls en moets en moenies. ŉ Liturgiese oorgangsritueel na ontluikende volwassenheid kan ideaal wees vir hierdie *kode vir die pad* en verbintenis wat gemaak kan word tot ŉ ideaal - eintlik die koninkryk van God.

Die laaste *item* op Osmer se lysie is om ŉ droom te hê. Smith (2009, 2013 en 2016) verduidelik ook dat ŉ mens se innerlike begeertes baie belangrik is en daarom is dit

---

[127] Die navorser argumenteer wel dat hierdie fokus op verskillende lewensfases en hul geloofsgroei kan plaasvind sonder dat daar skeiding tussen verskillende lewensfases binne die gemeente of aanbidding veroorsaak word.

ons diepste begeertes en liefdes wat gevorm moet word. Osmer verduidelik dieselfde konsep soos volg: “But without a dream to esteem, they are apt to take risks that are self-destructive or self-centered. It’s hard to be idealistic in an age of global risk” (2001:107). Hy argumenteer verder dat hierdie droom gefokus moet wees op God se beloofde toekoms vir sy koninkryk en dus sal pelgrims op die reis hierdie tekens van ŉ nuwe skepping wat deurbreek, reeds kan begin raaksien as gevolg van die droom wat in hul leef en waarvan hul intens bewus is. Osmer verwys na hierdie konsep as onderskeidingsvermoë (2001:108).

Alhoewel Osmer (2001) hierdie lys spesifiek voorstel vir jongpelgrims, meen die navorser dat in terme van hierdie peiling dit duidelik is dat dit eintlik van toepassing is op *alle* pelgrims en tydens enige fase van die pelgrimstog van geloof.

## 5.9 SAMEVATTING

> Faith is a dynamic process arising out of our experiences of interaction with the diverse persons, institutions, events and relationships that make up the stuff of our lives. Faith as an imaginative process is awakened and shaped by these interactions and by the images, symbols, rituals and conceptual representations, offered with conviction, in the language and common life of those with whom we learn and grow. (Fowler 1981:25)

Louw, Denton en Grobler (2016:6) verwys spesifiek na die term ‘missionale geloofsvorming’ en verwys na Niemandt en Meiring se definisie van wat ŉ missionale spiritualiteit is:

> ... ŉ bewussyn van God se lewende teenwoordigheid is. Die geloofsvorming (bewussyn) gee betekenis aan ŉ mens se lewe en stimuleer, motiveer en gee aan gelowiges lewenskrag op die pad wat die Here mense stuur.

Louw et al. (2016:8) verduidelik verder dat die ringtingwysers vir (missionale) geloofsvorming die volgende insluit:

1. Neem deel aan die koninkryk van God
2. Erken lidmate, veral jongmense as gidse
3. ŉ Geïntegreerde spiritualiteit
4. Wees teenwoordig

5. Ervaring is belangrik
6. Onderskeiding is die sleutel
7. Gee mag weg
8. Ontsluiting van die Bybel en die geloofstorie
9. Missionale geloofsvorming is nooit afgehandel nie

Kreider (1999:vx-xvi) dui in sy werk aan dat die vroeë Christene gedink het dat "belief, "belonging and behaviour" in die Christendom belangrik is vir hervorming en bekering, soos Flynn (2015:220) dit verduidelik. Kreider meen dat die kategumenaat die "belief, belonging and behaviour" beïnvloed het. Daarom, meen Vosloo (2016:94) moet die waarde van gewoontes (*habits)* wat gekweek word tydens die geloofsvorming nie onderskat word nie, want dit kan elkeen bydra tot die "belief, belonging and behaviour" wat gevorm word in terme van geloofsidentiteit, dissipelgemeenskap en ŉ koninkryksgerigtheid.

Smith (2013:185) verduidelik dat God die mens as ŉ wese van gewoonte gemaak het en ons moet ook hierdie faset benut. Dit kan dus aansluit by die voorstel in hoofstuk vier dat daar deurgaans in verskillende oorgange van ŉ mens se lewe ŉ oorgangsritueel kan wees waarin ŉ nuwe verbintenis gemaak kan word. Die navorser wil dit sterk beklemtoon dat hierdie verbintenis ŉ publieke aard het, wat ons identiteit in Christus bevestig (byvoorbeeld ŉ doopherinnering), ons voorneme en openheid tot ŉ lewenslange geloofsontwikkeling en -onderrig, asook ŉ verbintenis wat aan die koninkryk van God gemaak word en daarom ook aan die gemeenskap van gelowiges. In tye wanneer jongmense hulself veral in ŉ onseker en liminale fase bevind, moet daar juis teenvormende liturgieë en liturgiese rituele wees om hulle te help om op die koninkryk van God gefokus te wees. Belydenisaflegging[128] kan so ŉ oorgangsritueel en teenvormende liturgie wees vir ontluikende volwassenheid, maar ook die ander oorgange in ŉ mens se lewe. Fowler verwoord ŉ soortgelyke verstaan van wat publieke belydenis is, maar terselfdertyd ook eerder wat ŉ verbintenis is in terme van die Latynse term *credo:*

[128] Vergelyk Louw, Denton en Grobler (2016:2) wat na Groome se definisie van geloof soos volg verwys: "…beskou geloof as 'n geleefde realiteit met drie dimensies: (1) 'n geloofsoortuiging, wat meer spesifiek na geloofsinhoud verwys en intellektueel van aard is; (2) 'n aktiwiteit van vertroue wat meer affektief van aard is en (3) 'n wyse van leef wat meer konatief van aard is."

> Usually translated in Christian credo statements as **'I believe'**[129] … but... Credo, is a compound from *cor, cordia* '**heart'**. And closely parallel Greek cognate *kardia*… plus ***do.*** The first meaning of the compound in classical Latin had been and its primary meaning continued to '**entrust, to commit, to trust something to someon**e' and '**to trust in' 'to rely upon' 'to place confidence in**...'
>
> (Fowler 1981:12)

Belydenisaflegging as liturgiese oorgangsritueel kan presies dit wat Fowler verwoord, ondersteun[130]. Eerstens is dit ŉ publieke belydenis van wat ŉ (jong)pelgrim glo, oortuig is in sy of haar hart en sy of haar voorneme om te doen. Die navorser pleit vir ŉ verbintenis om aktief betrokke te wees (te *doen*) in die koninkryk van God, die *geloofsgemeenskap* en ŉ lewenslange geloofsreis in terme van geloofsontwikkeling. Verder sal dit betekenisvol wees om ŉ as oorgangsritueel hardop, ŉ publieke getuienis te maak dat die jongpelgrim tydens ŉ liminale onseker op die Here sal vertrou en staat maak, soos Fowler beskryf 'to trust in'.

In die voorafgaande peilings het die terme *geloofsvorming*, *geloofsreis* en *identiteit* verskeie kere na vore gekom. Die doel van hierdie hoofstuk was om die normatiewe taak van Osmer (2008:4) oor "Wat behoort aan te gaan?'" te benader vanuit ŉ antropologies-teologiese peiling. Met ander woorde, wat behoort aan te gaan tydens geloofsvorming?

Die navorser sal eerstens wil beklemtoon dat dit ŉ pelgrimsreis en dus lewenslange reis is, asook dat mede-reisigers, die geloofsgemeenskap, ŉ waardevolle bydrae, verbintenis en plig teenoor mekaar het om *saam* te bly groei. Verder is dit vanuit die peiling duidelik dat geloofsvorming beide informasie en vorming is. Dit is verder belangrik dat mense hul geloof moet kan beskryf, ŉ verbintenis aan mekaar moet maak en net so ook aan die aktiewe deelname van God se koninkryk.

In die volgende hoofstuk word die pragmatiese taak van Osmer (2008:4) aangespreek en sal die navorser ŉ opsomming van elke peiling bied, asook ŉ aanpassing aan

---

[129] Vergelyk Fowler (1981:12) "Study of evolution of English words believe and belief Smith showed that early translations of *pistuo* and credo into I believe were not essentially mistaken. For until the early modern period (16th century) believe carried much the same range of meaning as that associated with 'to set the heart upon'"

[130] In hoofstuk drie is daar voorstelle gemaak om die formulier vir belydenisaflegging, as liturgiese oorgangsritueel vir ontluikende volwassenheid te vernuwe. Hierdie volgende voorstelle korreleer baie goed met hoofstuk drie se voorstelle van hoe om die formulier aan te pas.

Vosloo (2016) se roetemerkers en riglyne vir ʼn formulier voorstel. Dus sal daar ʼn liturgiese praxisteorie van belydenisaflegging as liturgiese oorgangsritueel vir ontluikende volwassenheid, asook voorstelle oor die nuut dink van belydenisaflegging as herhaaldelike belydenis en oorgangsritueel in die toekoms volg. Die finale hoofstuk sal as ʼn moontlike antwoord op Osmer (2008:4) se vraag: "Hoe kan ons hierop reageer?" dien.

# HOOFSTUK 6

## 6. GEVOLGTREKKING: DAAR IS MEER

"Ik blijf altijd onderweg." (Stef Bos)

### 6.1 INLEIDING

Dit is die navorser se werkshipotese dat die oorgang vanaf 'adolessensie' na die fase 'ontluikende volwassenheid' die ideale lewensfase is om die liturgiese ritueel en 'reling' aan te bied en eintlik inherent te hou waar dit tans plaasvind. Tog was dit ook die navorser se werkshipotese dat die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* nie spesifiek aan ouderdom gekoppel moet word nie, maar eerder aan die kenmerke en lewensgebeurtenisse wat gepaardgaan met die oorbrugging van adolessensie na 'ontluikende volwassenheid'. Hierdie werkshipotese is bevestig in hierdie studie, maar tog het die navorser bewus geword dat daar soveel meer oorgange is en nog benodig word, veral in die konteks van die NGK.

Die verskillende hoofstukke se samevattings word kortliks weer in die hoofstuk herbesoek en die roetemerkers vir 'n liturgiese praxisteorie wat die navorser vanuit haar navorsing ontdek het, sal ook in die hoofstuk weergegee word. Hierdie hoofstuk vorm dus die laaste taak van Osmer (2008:4) se vier take vir Praktiese Teologie. Die laaste taak is die pragmatiese taak, wat die vraag "Hoe kan ons hierop reageer?" probeer beantwoord. Die navorser gaan hierdie vraag probeer beantwoord deur die roetemerkers wat sy voorstel.

### 6.2 HOOFSTUK 2: EMPIRIES-LITURGIESE PEILING

In hoofstuk twee is die deskriptiewe en interpretatiewe take van Osmer (2008:8) beantwoord deur die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* in die NGK te bestudeer. Dit is gedoen deur sewe respondente se kreatiewe voorstelle te bestudeer, naamlik die herformulering van die formulier vir belydenisaflegging, asook unieke insigte oor hoe hulle die belydenisaflegging inrig.

Die voorstelle is vanuit 'n waarderende benadering bestudeer en Vosloo (2016) se liturgiese praxisteorie is gebruik om die unieke bydraes te evalueer, nadat die liturgiese praxisteorie hergegroepeer is onder Grimes (2014:242-283) se elemente. Daarna is Vosloo (2016:149-151) se liturgiese praxisteorie ook herevalueer in die lig

van die leemtes wat aangedui is vanuit die waarderende benadering.  Hier volg die nuwe liturgiese praxisteorie vir belydenisaflegging in die NGK:

### 6.2.1 Liturgiese aksie

1. Daar is ŉ gesonde balans tussen die kognitiewe en affektiewe.
2. Die verhouding tussen die sakramente en belydenisaflegging kom duidelik na vore.
3. Daar is ŉ doopherinnering.
4. Nagmaal word gevier.
5. Die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* kan goedskiks eers by die hart en liggaam begin, voordat dit na die rasionele aard daarvan oorbeweeg.
6. Daar is die moontlikheid om die keuse uit te oefen om die formulier te hanteer voor die jongpelgrims die liturgiese ruimte betree. Op die wyse kan daar tog met die rasionele aard[131] daarvan op ŉ sinvolle wyse begin word voor.
7. Die gebruik van kerse en ligte wat tydens ŉ aanddiens afgeskakel word, is ŉ simboliese handeling van uiters sinvol kan wees.
8. Die gemeente moet verkieslik hardop saam hul geloof bely.
9. Musiek (asook multi-media) kan sinvol gebruik word om die verskillende elemente, soos byvoorbeeld geloofsbelydenis, van belydenisaflegging in die liturgie te hanteer.

### 6.2.2 Liturgiese akteurs

1. Ouderdom is ongeveer graad 11 en 12, maar nadat ouderdom van 16 bereik is (ŉ oorgangs- en liminale fase waarin jongpelgrims hulself bevind, word in ag geneem).
2. God is beide die objek en subjek in die erediens, en so ook dié liturgiese ritueel. Daar is ŉ ruimte geskep om God in die liturgie te 'herontdek'.
3. Die spiritualiteitstipes van die jongpelgrims word in ag geneem.
4. ŉ Verbintenis wat op ŉ responsoriese wyse ingerig word, kan deur beide die gemeente en die jongpelgrims gemaak word.

[131] Die rasionele en emosionele aard sal ook beïnvloed word deur die keuse en klem van die taalgebruik.

5. Die gemeente moet ook liggaamlik by die liturgiese ritueel betrek word byvoorbeeld deur sang, beweging, geloofsbelydenis wat staande kan plaasvind, asook ŉ responsoriese verbintenis.
6. Sintuiglikheid is belangrik.
7. Die betekenisvolle persone in ŉ jongpelgrim se lewe of geloofsreis kan ŉ besondere rol speel tydens dié oorgangsritueel. Byvoorbeeld ŉ mentor, sy / haar ouers, ens. kan op ŉ sinvolle wyse deel van die liturgie as simbool van hul saam stap in hierdie reis gemaak word.

### 6.2.3 Liturgiese ruimte

1. Daar word moeite gedoen met die estetika van die liturgiese ruimte.
2. Die liturgie betrek die deelnemers op ŉ liggaamlike wyse, en die beweging in die liturgiese ruimte getuig daarvan.
3. Die gebruik van die *hele* kerkgebou as liturgiese ruimte kan sinvol, betekenisvol en simbolies van aard wees. Die liggaamlikheid, wat sintuiglikheid insluit, asook simboliek hieraan verbonde is ook ŉ positiewe resultaat.

### 6.2.4 Liturgiese tyd

1. Liturgies gesproke kan die belydenisaflegging geplaas word by die toetrede of die Nagmaalstafel, solank as wat dit teologies verduidelik word in terme van die noue verbintenis wat dit met beide die doop en nagmaal het.
2. Belydenisaflegging word liturgies-histories ná die Woordverkondiging geplaas.
3. Die Algemene Sinode versoek dat dit meer as een keer per jaar aangebied word. Dit sal beteken dat belydenis- / verbintenisgroepe in kleiner groepe verdeel kan word om meer geleenthede vir dié verbintenisse te skep. Jongmense kan ook ‘aanmeld’ vir verskillende datums (vooraf bepaal) regdeur die jaar en op die wyse word meer geleentheid geskep vir jongpelgrims om nie net deur die ‘worsmasjien’ te beweeg nie.
4. Indien gemeentes verskillende tipe / tye eredienste het, sal dit sinvol en van groot waarde wees indien verbintenisgroepe verdeel om tydens verskillende tipe eredienste hul verbintenis te maak – die *hele* gemeente kan dus in die oorgangsritueel vier en ondersteun. Hierdie sal ook ŉ positiewe bydrae en uitbeelding wees van die ekklesiologie.

### 6.2.5 Liturgiese voorwerpe

1. ŉ Doopherinnering kan baie sinvol en simbolies wees, dus sal water en doopvont as liturgiese voorwerpe baie belangrik wees.
2. Die Nagmaal word gevier tydens die liturgiese ritueel;
3. Liturgiese voorwerpe of estetika word nie bygevoeg sonder ŉ diepgaande teologiese refleksie daarvan nie;
4. Liturgiese voorwerpe kan vir die jongpelgrims gegee word as ŉ herinnering van hierdie verbintenis en roetemerker op hul geloofsreis.

### 6.2.6 Liturgiese taal

1. Die navorser verkies die term *verbintenis* in die plek van *belydenisaflegging*.
2. Klem word geplaas op die dooplidmaat wat reeds ŉ volwaardige lidmaat is en dus is terme soos *geloofsreis*, *jongpelgrim*, ens. meer van pas as *dooplidmaat* en *kandidaat*.
3. 'n Koninkryksbegrip kom duidelik na vore in die taal wat gebruik word, veral ten opsigte van die herformulering van die formuliere.
4. 'n Herformulering van die formulier kan goedskiks begin met liefde en 'n verbintenis tot Christus.
5. In 'n herformulering van die formulier moet die taal aangepas word om eenvoudiger te wees.
6. Die taal van die formulier moet verbeeldingryk wees en mense aan die hart gryp.
7. Die fokus in die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* moet nie net rasioneel van aard wees nie, maar eerder getuig van ŉ en-en benadering tot die kognitiewe en affektiewe (onder andere die formuliersvrae).
8. Stiltes moet effektief en betekenisvol aangebied word.

### NUWE ROETEMERKERS VIR DIE HERFORMULERING VAN FORMULIER

1. Die formuliere moet herformuleer word om juis by die liefde te begin, in die lig van Jamie Smith se verduideliking van die *kardia*.
2. Die herformulering van die formulier kan ook meer fokus op liggaamlikheid as ŉ gawe van God.
3. Die formulier kan herformuleer word om die *telos*, die koninkryk van God, en die *habitus* van gereelde erediensbywoning nader aan mekaar te bring, sodat

lidmate beter kan verstaan dat hulle eredienste bywoon as ŉ "thick habit" wat hulle gereeld herinner aan hul identiteit en verantwoordelikheid ten opsigte van die *telos.*

4. Naas die liefde vir Christus, moet ook getuig word en ŉ verbintenis gemaak word vir die deelname aan Christus se koninkryk.
5. Terme soos *jongpelgrims*, *geloofsreis*, *oorgangsfases en –rituele* kan goedskiks in die herformulering van ŉ formulier gebruik word. Dit sal dus ŉ formulier wees wat die liturgiese ritueel as brug en ondersteuning in die liminale fases verwoord.
6. Die formulier betrek op ŉ responsoriese wyse ook die gemeente by die belydenisaflegging deur ŉ verbintenis aan die jongpelgrims te maak.
7. Die gemeente, dus ander pelgrims op die geloofsreis, word ook liggaamlik betrek by die gebeure van dié liturgiese ritueel.
8. Die taal van die formulier wat te swaar vir jongpelgrims kan wees, en ook die herformulering van die formulier, sal aandag moet ontvang.
9. Die mens is meer affektief as kognitief. Daarom moet die fokus in die liturgiese ritueel *belydenisaflegging* (onder andere die formuliersvrae) nie net van ŉ rasionele aard wees nie, maar dit kan eerder op verbeeldingryke taal fokus wat die hart van die jongpelgrim kan aangryp en so op die koninkryk van God gerig wees.
10. Jongmense kan dalk op elke vraag, nadat dit gevra is, afsonderlik antwoord.
11. Daar moet ‘n aanduiding of verwysing in die formulier wees dat jongmense nie nou lidmate van die gemeente word nie, maar reeds in sy / haar doop in die geloofsfamilie opgeneem is.
12. Die voorstel is dat die term *jongmense* of *jongpelgrims* gebruik word tydens die formulier, maar dat daar in die formulier verwys sal word na die gemeente se geloofsreis en dat die geloofsgemeenskap saam op reis is.
13. Die vermaning in die formulier moenie op die gemeente fokus om na die jongmense om te sien en hulle te versorg nie, maar eerder dat die *hele* geloofsgemeenskap sal omsien na die *hele* geloofsgemeenskap. Dit sluit aan by die verstaan dat belydenisaflegging nie nuwe lidmate is wat verwelkom word nie, maar eerder dat almal mekaar ontmoet en ondersteun in hul geloofsreis.

### 6.2.7 Liturgiese groep

1. Liggaamlikheid in terme van die hele gemeente is belangrik, m.a.w. die gemeente word in die liturgie betrek.
2. ’n Balans tussen die eenheid van die liturgiese handelinge van die groep, asook die individualiteit van elke jongpelgrim is ’n belangrike element om in gedagte te hou.
3. Die jongpelgrims en gemeente kan gesamentlik ’n verbintenis teenoor mekaar maak om mekaar te ondersteun op die geloofsreis, as mede-pelgrims.

## 6.3 HOOFSTUK 3: ‘N SIELKUNDIGE & ANTROPOLOGIESE PEILING

Dit wil vir die navorser voorkom as of die gesprek oor die aangewese ouderdom vir belydenisaflegging nie die regte vraag is nie, maar dat dit eerder soos die hipotese moet vra vir die regte oorgang of lewensfases. In die afdeling word die twee lewensfases, adolessensie en ontluikende volwassenheid, in terme van belydenisaflegging bespreek.

Na aanleiding van Marcia se teorie dat ’n verbintenis wat gemaak word, sterker is indien daar ’n tipe van ’n krisis deurgewerk is, of soos wat Van der Merwe (2013:44) aangedui het dat kritiese denke rondom geloofsvrae en dus moontlik ook vorige verbintenisse gemaak word, sal die navorser argumenteer om belydenisaflegging tydens die oorgang na ontluikende volwassenheid te doen. ’n Argument sou gemaak kon word vanuit Marcia se teorie dat ’n verbintenis wat na die adolessente jare (deur die identiteitskrisis en die kritiese denke) gemaak word, ’n hegter verbintenis is.

Adolessente het reeds ’n identiteitskrisis betree en reflekteer krities op hul besluite en oortuigings. Om ’n verbintenis aan die einde van adolessensie, na aanleiding van Marcia se identiteitstatus en verbintenisteorie, asook die liminale fase van *ontluikende volwassenheid* wat voorlê, te maak, is uiters belangrik.

Smith en Snell (2009:84) verwys na ontluikende volwassenes wat ’n moeilike lewe gelei het met verskeie uitdagings en dat geloof ’n stuk stabiliteit en struktuur aan hulle bied - ’n ondersteuningsraamwerk en leiding, asook ruimte wat omgee vir wie hulle is. In hierdie nuwe ontdekkings vind hulle ’n geloofsisteem wat hulle iets van grense, reg en verkeerd, gesond en ongesond, leer wat hulle nooit geken het nie.

Arnette (2000:473) se navorsing het aangedui, in teenstelling met navorsing wat gefokus het op adolessensie, dat identiteit bitter min vasgestel word teen die einde van ŉ jongmens se hoërskoolloopbaan en dat identiteit steeds ontwikkel vanaf die laat tienerjare tot die vroeë twintigerjare. Fowler dui ook aan dat mense in die ontluikende volwassenheid die self (vorige fase ontwikkel i.t.v. identiteit) en geloof (interpersoonlike en betekenisvolle ander was baie belangrik) krities herevalueer. ŉ Liturgiese ritueel en herverbintenis kan dus baie waardevol wees vir hierdie oorgang.

ŉ Eerste verbintenis in die oorgang na adolessensie kan waardevol wees voor ŉ identiteitskrisis, maar presies dieselfde argument is waar vir identiteitskrisis wat tydens die oorgang na ontluikende volwassenheid, ŉ absolute liminale fase, gebeur. Die navorser argumenteer dat dié fase nog belangriker is in terme van identiteitsontwikkeling (sonder om te ontken dat identiteitsontwikkeing ŉ lewenslange reis is). Ons kan nie die liturgiese oorgangsritueel, wat ŉ geskiedenis oor die ouderdomsvraag in die NGK as gevolg van die ouderdom waarin dit geplaas is, bloot skuif nie. Dit is ook nog nie ŉ antwoord op die problematiese verstaan van lidmaatskap, die doop en Nagmaal en die verhouding tot belydenisaflegging nie. Ons sal hierdie liturgiese oorgangsritueel nuwe inhoud en betekenis moet gee, wat vanuit ŉ teologie van die doop ontwikkel moet word.

Die navorser wil dit duidelik stel dat om belydenisaflegging na die oorgang van adolessensie te vervroeg op grond van die betrokkenheid, of eerder tekort aan betrokkenheid, vanaf die oorgang waar dit tans is, naamlik ontluikende volwassenheid, dieselfde resultate sal lewer. Dit moet nie die oorwegende rede wees indien dit vervroeg sou word nie. Fowler se fases van geloof bied ook insig tot die onbetrokkenheid en kritiese tydperk van beide die lewensfases, adolessensie en ontluikende volwassenheid.

Dit beteken egter nie dat ons die geloofsreis en soeke na identiteit, wat vanuit hierdie peiling duidelik eerder ŉ lewenslange soeke is en nie beperk word tot *adolessensie* of *ontluikende volwassenheid* nie. Avenant (2011:86) beklemtoon ook dat dit ŉ lewenslange reis is na identiteitsvinding. Dus, alhoewel Erikson praat van ŉ identiteitsoeke, is dit vanuit ŉ Gereformeerde teologiese perspektief, meer spesifiek ŉ

Augustiniaanse perspektief, juis om te word wie God jou reeds gemaak het, naamlik ŉ mens in Christus (Avenant 2011:86).

Erikson (1950:246) het self gesê dat identiteit deurgaans in ŉ persoon se lewe belangrik is: " ... we must now recognize the place of identity in the human life cycle..." Dalk moet ons eerder aan belydenisaflegging begin dink as ŉ oorgangsritueel wat tydens verskillende oorgange benut kan word as reling in die liminale fase waarin mense hulself bevind. Dan kan verskeie geleenthede vir herverbintenisse gekep word. Verder moet liturgiese rituele wat hierdie oorgange wil ondersteun, uiteraard geloofsvormend wees.

Vanuit hierdie peiling is dit vir die navorser duidelik dat die NGK indringend ŉ liturgiese ritueel vir die oorgangsfase na adolessensie sal moet herbedink en ontwerp om gepas te wees vir die fase waarin die kinders hulle bevind. Jongmense kan net beter ondersteun word deur nog ŉ oorgangsritueel en verbintenis- geleentheid te skep. Die huidige formulier (Clasen et al. 2010:121) en gebruike met belydenisaflegging is nie voldoende om die behoefte of die teologie te beliggaam vir die oorgang na adolessensie (of ontluikende volwassenheid) nie, maar dat ŉ eerste verbintenis aan die Here in die openbaar van groot waarde in die geloofsvorming en identiteitsbevestiging van kinders kan wees. Kinders of adolessente kan byvoorbeeld voor die gemeente hardop sê dat Jesus die Here is en ŉ doopherinnering, wat fokus op kinders se identiteit, kan gedoen word. Die studie toon aan dat selfs net aanpassings en toepassings tydens die oorgang na adolessensie, die leemte kan vul.

ŉ Laaste opmerking is dat die oorgangsfase na volwassenheid goedskiks ook ŉ liturgiese oorgangsritueel kan benut. Dit wil vir die navorser voorkom of die NGK ŉ gebrek aan oorgangsrituele het en dat ŉ benadering van ŉ lewenslange reis met verskillende bakens en geleenthede vir verbintenisse, die ideale antwoord op die navorsingsprobleem is. ŉ Soeke na identiteit en dus ook verbintenisse is nie beperk tot twee lewensfases nie, soos duidelik in die peiling aangedui is. Vir die doeleinde van hierdie studie en ook omdat die navorser daarvan oortuig is dat te veel verandering en te veel voorstelle wat in ŉ gegewe tydsperiode na gemeentes toe gegee word, op dowe ore sal val. Dus maak die navorser die volgende voorstel na aanleiding van hierdie peiling:

Die navorser is vanuit die teorieë in die peiling oortuig dat die NGK eerder die huidige liturgiese ritueel, *belydenisaflegging*, inrig as 'n verbintenis wat gemaak word in die oorgangsfase na ontluikende volwassenheid. Dit is in elk geval tydens hierdie fase dat belydenisaflegging tans gedoen word. Nuwe inhoud moet aan die liturgiese ritueel gegee word, bv. 'n verwysing dat hul 'n liminale fase betree en dat hul 'n verbintenis maak om in hierdie onsekere tye vas te hou aan hulle doop. Die formulier kan ook goedskiks verander word, soos duidelik voorgestel in die liturgiese peiling.

Daar sal wel indringend gesels moet word om nog oorgangsrituele by hierdie huidige oorgangsritueel te voeg. Die navorser stel voor om eerstens oor belydenisaflegging te begin gesels en nuut te dink, en dan adolessensie en ander fases liturgies as oorgangsrituele aan te bied.

Hierdie hoofstuk het dus 'n bydrae gemaak in terme van Osmer (2008:4) se tweede taak, die interpretatiewe taak, naamlik “Waarom gaan dit aan?” Maar terselfdertyd het hierdie hoofstuk ook geraak aan Osmer se derde taak, “Wat behoort aan te gaan?”, wat die normatiewe taak is. Hierdie normatiewe taak vra hoekom is daar onsekerheid oor die gepaste oorgangsfase, asook watter oorgangsfase is psigologies en antropologies gesproke gepas vir die verbintenis, naamlik belydenisaflegging.

## 6.4 HOOFSTUK 4: OORGANGSRITUELE: ‘N RITUEEL-LITURGIESE PEILING

Wepener (2014:19) noem dat daar tradisioneel na oorgange verwys word as geboorte, volwassewording, huwelik en die dood as die groot oorgange in die mens se lewe. Maar *daar is meer*! Daar is meer oorgange as net die vier en daar is meer in en aan dié oorgange juis omdat hulle ook voortdurend verander soos Wepener (2014:19) verduidelik.

Grimes (2000:5) noem ander geleenthede, as die vier groot / tradisionele oorgangsrituele, wat soms selfs moeilike geleenthede is wat ook sou kon doen met ‘n oorgangsritueel. Hy noem spesifiek om skool toe te gaan, aborsie, ernstige siektes, egskeiding, werkloosheid, verkragting, menopouse en aftrede. Rein Nauta (2001: 97) 'n Nederlandse teoloog, verdeel rituele en die lewensverloop van die mens in agt fases (meer as net vier). Hy omskryf elke fase aan die aard van die fase en

Grimes (2000:103) onderskei ook tussen oorgangsrituele tydens die kinderjare. Hy verdeel dit soos volg: Vanaf kinderjare ŉ **oorgang na adolessensie** en dus ‘n inisiasie-ritueel wat die einde van die kinderjare aandui en die betreding van adolessensie. Daarna volg die inisiasie-ritueel vanaf adolessensie **na vroeë volwassenheid**, verduidelik Grimes (2000:103). Hy beskou hierdie verdelings as noodsaaklik, aangesien die groot vier, naamlik geboorte, volwassewording, trou en dood, nie elke saamlewing se verdeling van lewensfase insluit nie (Grimes 2000:103 en Lukken 2005:397) en ook nie universeel kan wees vir alle kulture, gelowe, geslagte of individue nie (Grimes 2000:287). Grimes (2000:188) noem spesifiek dat daar ŉ leemte is tussen die huwelik en die dood, in terme van oorgangsrituele. Mense neem deel aan rituele, maar nie aan oorgangsrituele tydens die lewensfases nie. Daar is tog meer!

Lukken (2005:434) noem spesifiek dat mense in vandag se samelewing met verskeie oorgangsituasie te doen kry en dat tradisie geen model vir die tipe rituele bied nie. Indien ontwikkelingsfases moontlik klein oorgange van inisiasie behels, verduidelik Lukken (2005:399), is die vraag eerder of daar in die geheelbeeld nie eerder *sentrale roetemerkers* kan wees om moontlike oorgange aan te dui nie.

Na aanleiding van die sielkundige en antropologiese peiling is dit duidelik dat rituele wat kan bydra om identiteit te vorm van groot waarde sal wees tydens ontluikende volwassenheid, asook adolessensie. Wepener (2014:9) noem dat ons liturgiese handelinge en rites eintlik gereeld nodig het, maar dat ons nog soveel te meer dit nodig het in onsekere tye en oorgange. Dit sluit dus direk aan by die vorige peiling wat identiteitsoeke tydens ontluikende volwassenheid en adolessensie aangedui het. Tog is dit vanuit beide die vorige peiling, asook hierdie peiling duidelik dat identitetsoeke ŉ lewenslange reis is.

Die kategorie van hierdie liturgiese ritueel kan verseker ŉ oorgangsritueel wees, soos Bell (1997) dit uiteensit en soos beskryf onder punt 4.3.1. Belydenisaflegging kan verseker meer wees as net ŉ oorgangsritueel, maar dit kan van onskatbare waarde wees om as oorgangsritueel toegepas te word. In ŉ sekere sin het belydenisaflegging ontwikkel in ŉ inisiasie-ritueel. Belydenisaflegging sal goedskiks as oorgangsritueel vir ontluikende volwassenheid (onthou dit is die lewensfase waar dit tans plaasvind)

gebruik kan word. Dit kan liturgies beter of dalk meer betekenisvol ingerig word as oorgangsritueel. Terme van *skeiding*, *liminaliteit* en *integrasie* kan goedskiks by die formuliere ingewerk word (vergelyk die voorstelle en herbesinning van die formulier onder 6.2.4).

Tog wonder die navorser waarom die NGK so arm is aan oorgangsrituele vir ander lewensfases? Bell (1997:98) noem dat verskeie geloofstradisies die hele lewe van die mens as reeks oorgangsrituele beskou. In die Oos-Ortodokse en Rooms-Katolieke Kerk is daar byvoorbeeld sewe sakramente wat regdeur 'n persoon se lewe versprei is. Watter invloed sal dit op die sakramente in die NGK hê indien belydenisaflegging spesifiek as oorgangsritueel ingerig word? En nog meer, indien dit die deur open vir meer oorgangsrituele in verskillende oorgange van 'n mens se lewe? Lukken (2005) bespreek in diepte die verhouding tussen die sakramente en oorgangsrituele. Dit is verseker nie 'n unieke vraag of bekommernis in die NGK nie.

Die navorser sal wel 'n sterk argument daarvoor uitmaak dat Nagmaal opsigself 'n belydende handeling is en na aanleiding van die geskiedenis van konfirmasie en van belydenisaflegging in die NGK is dit uiters belangrik, nie net vir die geskiedenis nie, maar ook vir die liturgiese verstaan van die liturgiese rituele, dat die doop en die Nagmaal altyd ten minste ter sprake moet wees by 'n belydenisaflegging en ander oorgangsrituele.

Nel (2009:10) skryf oor die daarstel van betekenisvolle oorgangsrituele. Hy verduidelik dat die begrip dissipelskap uiters belangrik is, asook die feit dat jong kinders reeds van jongs af as dissipels beskou en ingesluit word by die vieringe in die liturgie. Verder verduidelik Nel ook dat daar meer is:

> What helps us as disciples is that there is 'more'. In union with the one whom we follow, there is always 'more'. In fact, there is so much that we do not know and that we have not yet experienced. What we need to take seriously is the creative reinvention, in a simple but meaningful way, of what I will call *celebrations of inclusion*.

'n Nederlandse teoloog, Bijlsma, verduidelik Nel (2009:10), het 'n formulier ontwerp vir die publieke viering van die oorgang vanaf kind na adolessensie. Nel maak dit wel duidelik dat die liturgiese ritueel 'n viering en nie 'n openbare belydenis van geloof is

nie. Die navorser sou wel wonder of kinders tydens die liturgiese oorgangsrituele, soos Bijlsma geskryf het, hul liefde aan God en die geloofsfamilie nie kan verklaar nie? Indien wel, dan is dit ook ŉ publieke belydenis van geloof, net in eenvoudiger taal as die huidige formulier en gepas vir die lewensfase van die jongpelgrim. Die navorser wonder of daar nie juis tydens verskillende oorgange, gepaste formuliere, verbintenisse en getuienisse gelewer kan word nie. Is dit om jou geloof te bely ŉ eenmalige gebeurtenis? Bely ons ons geloof anders gedurende verskillende oorgange?

> In contemporary culture it is more difficult than ever before for people to develop their own human identity. This is particularly true for a child growing into adulthood, but it is not limited to that. Even one who has finished growing up constantly has much new to learn (Lukken 2005:397).

Deurgaans in ŉ mens se lewe sal daar ŉ soeke en herontdekking van identiteit wees, asook ŉ herontdekking van ons identiteit as dissipels en kinders van die drie-enige God. Oorgangsrituele kan veral ŉ belydende, verbinteniskarakter hê vir verskillende oorgange in die lewe.

Die ritueel-liturgiese peiling, wat beide teologies en antropologies van aard was, is die derde taak van Osmer (2008:4) se normatiewe take, naamlik "Wat behoort aan te gaan"? beantwoord. Wat behoort aan te gaan as belydenisaflegging ŉ oorgangsritueel is? Eerstens is die teorie van rituele uitgepak ten einde ŉ beter verstaan te ontwikkel van die waarde en bydrae wat rituele kan maak.
Identiteits- en geloofsvormend is onder andere van die waardevolle bydraes wat belydenisaflegging as oorgangsritueel kan hê. Verder help oorgangsrituele ons om bewustelik deur gebeurtenisse te beweeg waar ons moontlik andersins dit net sou gemis het, verduidelik Grimes (2000:96). Wepener verduidelik dat oorgangsrituele ook as ŉ brug kan dien in moeilike, liminale fases:

> Mense is in hulle lewe voortdurend besig om oorgange te maak, waarvan sekeres moeilik is en soos groot afgronde voor ons opdoem. En dit is juis in sulke tye dat ons gryp na ŉ reling, iets om aan vas te hou en wat ondersteuning kan bied, al is dit maar net tydelik; iets om ons te help om die bepaalde brug oor te steek, of ten minste net min of meer staande aan te durf. (Wepener 2014:17)

Lukken (2005:375) het reeds in 1984 begin om te argumenteer vir die ontwerp van nuwe oorgangsrituele. Hy meen dat daar in die toekoms ŉ wyer verskeidenheid oorgangsrituele vir die oorgange in die lewe moet wees. Hy beskou die ontwerp en skep van hierdie oorgangsrituele as ŉ pastorale taak, aangesien die samelewing dit nie gaan voorsien nie. Tog meen Grimes (2000:3) dat sinagoges, tempels en kerke dalk te stadig is om huidige rituele te hersien en nuwes te skep. Grimes (2000:3) beklemtoon dat sonder rituele wat ons verbeelding, gemeenskap en liggame betrek, sal ons ŉ greep op die ritmes van die lewensverloop verloor.

## 6.5 HOOFSTUK 5: GELOOFSVORMING: N ANTROPOLOGIES-TEOLOGIESE PEILING

In die voorafgaande peilings het die terme *geloofsvorming, geloofsreis* en *identiteit* verskeie kere na vore gekom. Die doel van hierdie peiling, naamlik die antropologies[132]-teologiese peiling, was om die normatiewe taak van Osmer (2008:4) oor "Wat behoort aan te gaan?" te benader. Met ander woorde, wat behoort aan te gaan tydens geloofsvorming, met spesifieke fokus op die lewenslange reis en ontdekking van jou geloofsidentiteit vanuit antropologiese en teologiese perspektiewe?

